GATSHA KIES DIE ANGOLA-OPSIE

# vrye weekblad

22 JULIE - 4 AUGUSTUS ● R5,00

- ONAFHANKLIK
- ONVERBONDE
- ONVERSKROKKE



# Haat in die hartland

DIS BOER TEEN KAFFER OP DIE PLATTELAND

ISSN 1015-9649
9 771015 964007

# Die nuwe Toyota Camry 220 reeks.
# Die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid.



*220 SEi*

Wat baat tegniese innovering en luuksheid as jy dit nie kan bekostig nie? Die Toyota Camry 220 bring tegnologie in volmaakte balans met ekonomiese realiteit.

Die enjinruim van al vier 220 modelle lê gelykvol met Toyota se voorfront multiklep-inspuittegnologie. En terwyl 4-silinder enjins tradisioneel vibreer weens inersiekragte, het hierdie kragtige 2,2-liter enjin (wat 'n indrukwekkende 97 kW teen 5 400 r/min lewer) twee ratgedrewe balansaste om die stil soepelheid van 'n 6-silinder motor te verseker.

In al vier 220 modelle is daar ook 'n hoë vlak van luuksheid en verfyning. Want 'n afstandbeheerde immobiliseerder en alarm, sentrale sluitstelsel en kragstuur is standaard.

Die Camry 220SEi bied jou veel meer. Leerafwerking, elektries beheerde vensters en kantspieëls, outomatiese klimaatbeheer, 10-stap verstelbare bestuurdersitplek en hoogteverstelbare kopstutte voor en agter. Alles om die luistergenot van die kompakskyfaanpasbare, 6-spreker klankstelsel met 'n RDS-radiofunksie, en die opsie van bakgemonteerde 6-skyf wisselaar, soveel meer aangenaam te maak.

Om sitplekposisies en kajuitruimte te evalueer is poppe van oor die 1,9 m gebruik. Die resultaat: ruimte in oorvloed. Sitplekrûe is ingekurwe vir meer knieruimte. Die sitplekleibane is van die vloer na die deurdrumpels verskuif vir meer strekplek. Toe het ons die vloerpan laat sak vir meer kopruimte, sodat 5 volwassenes in totale gerief kan ry. Ook die Camry se kattebak het 'n ontsaglike 456 dm$^3$ pakplek. Volgens die motortydskrif Car, wat die ISO blokmeetmetode gebruik, is dit die grootste sedanbak in sy klas.

Maar Toyota doen meer as net motors bou. Elke Camry word gerugsteun deur Toyota se legendariese naverkoopdiens. Plus, 'n unieke 24-uur padhulpprogram tydens jou waarborg.

Watter Camry 220 model jy ook al kies, weet jy vir seker jy kry die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid. En tussen jou en jou motor.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**
C A M R Y

Die Camry reeks: 200i 5-spoed; 200i 5-spoed (L/V); 200Si 5-spoed; 200Si 4-spoed Outo; 220Si 5-spoed; 220Si 4-spoed Outo; 220SEi 5-spoed; 220SEi 4-spoed Outo; 300SEi 5-spoed; 300SEi 4-spoed Outo. *Tolvrye Camry Infolyn:* 0800-139111


LINDSAY SMITHERS-FCB T2307/A




**Voorblad:** *Laatmiddag, Pearston* deur Walter Meyer.
Met vergunning van die Newtown-kunssaal.

**9 Mangosuthu Buthelezi:**
het hy nou finaal die Angola-opsie gekies?

**13 Koppies en Vrede,** twee oënskynlik rustige Vrystaatse dorpe, het die laboratorium geword vir die seisoen van haat, vrees en wantroue wat wit dorpe en hul swart buurdorpe nou binnegaan. Hoe kan die samevoeging van plaaslike besture in so 'n onstuimige klimaat bewerkstellig word?




**32 Johnny du Plooy**
keer terug kryt toe en voel vere vir sy kritici. Buitendien, sê hy, wie lag die lekkerste en langste op pad bank toe? Onortodoks, omstrede en, uit sy eie mond, lui, reken dié bokser daar's sommer nog baie boks in sy vuiste.



vrye weekblad
22 JULIE 1993
TWEEDE REEKS N° 3

KORTBEGRIP 6

**POLITIEK**
VAAL MONSTER SE TOUTJIES SÓ GETREK 8
JAAG DIE BOERE HOLLAND TOE 25
WIE'T LUS VIR WÉÉR TREK? 37

**INTERNASIONAAL**
ERITREA HYS SY VLAG 26

**AKTUEEL**
VAN ROOYEN WAS GEEN PEDOFIEL 11
SAL GOUD ONS RED? 21
ADVERTEER LIEWER IN DRUK 23
ONS SANDKLIP-ERFENIS 28
SIT HOM AF! KERKORREL TREK 'N BREYTEN 43
ROBBENEILAND MOET MUSEUM WORD 44

**OMGEWING**
*CUSTOS* KOES-KOES 45
BEESBOERDERY IN WILDTUIN 45

**BOEKE**
IAN FRASER BLAKER ALS UIT 34
HET DAHMER UIT LIEFDE VERMOOR? 35
OLIVIER OOR 'N STIGTELIKE BOEK-PIKARESKE ROMAN 36
WINTERFORUM BROEI TAAL WARM 46

**KUNS EN VERMAAK**
KUNSTENAARS BEGIN BINNE TOE KYK 30
FILM- EN TEATER-RESENSIES 38
CHALEKA SOEK WINDE VAN VERANDERING 41
"DOKTER" DON IS TERUG 42
DIE LFO VOORSPEL GOEIE NUUS 47
DIE HARTSTOG VAN ALMODÓVAR 48

**RUBRIEKE**
VLIEG IN DIE SALF 4
BRIEWE VAN ONS LESERS 5
VROUEFRONT 40
KOOPKRAG 40
CHRISTI SPEEL POP 49
WYNPROE 50
ONTDEK 'N EETPLEK 50
FYNPROE 51
KLIPOOG 52
BROLLOKS EN BITTERGAL 53

**LAASTE SÊ**
PLAASLIKE BESTUUR OF REGSTELLENDE OPTREDE? 54

## VLIEG IN DIE SALF

# Trek Buthelezi se tande



MAX DU PREEZ

DIE getuienis begin stadigaan opstapel dat 27 April 1994 dalk nié Suid-Afrika se wonderdag, die Dag van Bevryding, gaan wees nie.

Inteendeel, as sake ontwikkel soos dit nou lyk, kan dit eerder ons Armageddon wees. Maar dalk gebeur 27 April glad nie.

Donker woorde, ja. Maar ons moet dié moontlike scenario nou al bekyk en verstaan en iets daadwerkliks doen dat dit nie werklikheid word nie.

Soos sake nou staan, is dit moeilik om te voorsien dat Suid-Afrikaners die oggend van 27 April gaan opstaan, brekfis eet en na die naaste stembus ry om hul kruisie in die eerste werklike demokratiese toets in die geskiedenis van Suid-Afrika te trek.

Miskien gaan dit in Houghton en in Bishopscourt gebeur, maar nie in plekke soos Natal, die Oos-Randse townships, die Vaaldriehoek, Bophuthatswana en Ventersdorp nie.

As ek dié oggend opstaan en moet kies tussen my kruisie op 'n stembrief trek en waarskynlik aangerand of doodgeskiet word, en om die dag in die relatiewe vryheid van my huis deur te bring, dan is daar vir my geen keuse nie.

Tensy iets dramaties binnekort gebeur, lyk dit waarskynlik dat Mangosuthu Buthelezi die verkiesing gaan verwerp en sy volgelinge gaan aansê om nie te stem nie. En soos ek Inkatha ken, gaan dit beteken dat daar waar Zoeloe-hostelle is en daar waar kolle steun is, die bloed in dik strome gaan vloei as ander mense besluit om wel te gaan stem.

DIT LYK OOK NOU waarskynlik dat Lucas Mangope en Oupa Qgozo vir hul mense gaan sê om nie te stem nie. Dié tuislandleiers se steun is selfs kleiner as Buthelezi s'n en hulle het geen bloeddorstige impi's wat sit en wag vir die opdrag om te moor nie, maar hulle het hul tuislandstrukture, weermagte en polisiemagte wat hulle kan inspan. Bisho het vir ons gewys wat die gevolge kan wees.

En dan is daar die wit regses - die Volksfront, die AWB en ander flentergat-splinterpartytjies, en die klein groepies gevaarlike fanatici. Die Masada-mentaliteit is besig om al meer onder dié mense pos te vat, en hulle het 'n geweldige potensiaal tot terreur, ontwrigting en selfs burgeroorlog.

Maar nou ja, as die scenario wel gaan loop soos hierbo uiteengesit, beteken dit waarskynlik dat ons nie verkiesing sal kan hou nie. Die hel sal al voor die tyd losbars.

Selfs al het ons nie met die probleem van Buthelezi en die regses gesit nie, is die vlakke van politieke verdraagsaamheid in elk geval só laag dat 'n volstoom-verkiesingsveldtog g'n piekniek gaan wees nie. Byvoorbeeld: ná FW de Klerk se eerste stryddag in die Afrika-styl buite Pietersburg het leiers van die PAC en ANC se jeugbewegings prontuit gesê hulle sal nie die Nasionale Party weer toelaat om "die tradisionele mense om te koop en te mislei" nie, en sal geweld gebruik om soortgelyke vergaderings te voorkom.

Maar as die verkiesing nie gehou word nie, gaan dit die grootste massa swartmense, al klaar ongelukkig oor die gesloer met die onderhandelinge, frustreer en kwaad maak - wat net meer konflik kan beteken. Dit geld veral die ondersteuners van die ANC en sy Jeugliga, Cosatu, die Kommunisteparty, die Civics, die PAC, Apla en Azapo.

Heelparty politieke ontleders stem saam dat hoe langer die verkiesing uitgestel word en die land met 'n tentatiewe regering sit, hoe meer onstabiel gaan die land en sy ekonomie word. Die Kaapse politieke wetenskaplike Hermann Giliomee sê byvoorbeeld dié week: "Hoe langer die onderhandelinge uitgerek word, hoe groter die kans dat die magte van anargie en geweld heeltemal die oorhand kry."

Tog is 'n verkiesing in omstandighede soos dié in die Oos-Randse townships en die Vaaldriehoek die laaste weke geheel en al ondenkbaar. Die polisie kan nie eens oral ingaan nie, wat nog te sê burgerlike kiesbeamptes en monitors.

Natal self is selfs 'n groter probleem. Aan die een kant kan die aanhangers en impi's van Inkatha soos 'n oorlogsmasjien aan- en afgeskakel word; aan die ander kant is daar heelwat Natalse ANC-ondersteuners wat hulle nie aan die dissipline van die ANC-leierskap steur nie en ewe bloeddorstig kan word.

Dus: watter kant toe 'n mens ook draai, dis 'n doodloopstraat.

Die enigste werklike konstante hier is Buthelezi. Hoe verder ons vorder, hoe meer steun verloor hy, selfs in Kwazulu. En hoe meer steun hy verloor, hoe minder wil hy 'n verkiesing hê en hoe meer dreig hy met burgeroorlog. En die regses en die Mangopes en Qgozo's val in gelid agter hom in.

Paai help nie meer nie. Die ANC en die regering het die laaste weke en maande herhaaldelik agteroorgebuig en wesenlike kompromieë aangegaan om hom te akkommodeer, en hy word net meer en meer uitdagend en militant.

Die argument was tot nou toe dat Buthelezi baie sagkens en taktvol behandel moet word, anders ontketen hy magte onder sy eie mense en die regses wat Suid-Afrika in 'n burgeroorlog gaan dompel.

Maar nou doen Buthelezi dit in elk geval. Sy dreigemente van 'n burgeroorlog die laaste week het die bloed laat stol.

MISKIEN IS DIT TYD dat die bul nou letterlik by die horings gepak moet word. Miskien is dit tyd vir 'n "pre-emptive strike".

Dit kan behels dat Buthelezi se geldkraantjie vir KwaZulu, wat hy gebruik om sy magsbasis te verbreed en sy gewapende magte uit te bou, finaal toegedraai moet word. Laat ons nooit vergeet dat dit Suid-Afrikaanse belastingbetalergeld is nie.

Die volgende stap is om sy KwaZulu polisiemag te ontbind of tot hul barakke te beperk. Dan is hy baie minder gevaarlik.

Daarmee saam moet daar baie sterker stappe kom om die angel uit die Inkatha-hostels in die Witwatersrand te trek van waar soveel geweld kom.

Dié stappe is ingrypend en gaan dalk heelwat bloedvergieting tot gevolg hê, maar die alternatief is dat Suid-Afrika geleidelik sink tot 'n soort Bosnië-situasie.

Buthelezi het nou sy ware kleure onomstootlik gewys.

Ons durf nie langer toelaat dat een mens met net 'n paar persent nasionale steun ons hele land se toekoms beduiwel nie.


As Buthelezi se tande getrek is, gaan die wit regses en die ander tuislandleiers ook heelwat van hul bravade verloor.

Maar is FW de Klerk se maag sterk genoeg vir sulke daadwerklike optrede teen 'n man wat ook 'n vyand van die ANC is?

Ek twyfel. ■

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
**RIG BRIEWE AAN:**
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113



### Stop die Taalbus


*Robert J Pearce van Eersterust, Pretoria skryf:*

In dié oorgangstyd is alle Suid-Afrikaners ontneem van hul vaste ankers en 2 Februarie 1990 word daarvoor blameer. In dié onsekere oorgangstyd word beplan en gesprek gevoer oor onder meer 'n nuwe grondwet, menseregte en die taalkwessie. Laasgenoemde lê my baie na aan die hart.

Die Afrikaanse Taalkundiges is bang Afrikaans gaan verdwyn as (amptelike) taal. Daarom stig hulle "Taalkommissies" en ander "Stigtings" om die taal aan die gang te hou en 'n kans gee op oorlewing in 'n Nuwe Suid-Afrika. Vir my as Afrikaanssprekende en voorvegter vir Afrikaans se voortbestaan (natuurlik om redes wat anders is as dié van die establishment: Dit is my moedertaal; ek soek nie 'n klop op die skouer van die Akademie, ATKV of Gildelede nie; ek is 'n inwoner van die township Eersterust en praat hom verskillend as die Kapenaars en ander streke se inwoners; ens), is dit ironies dat ek en my mede-bruin Afrikaanssprekendes totaal uit die hoofstroomprentjie gelaat word.

Ek wil die Taalkommissies en andere waarsku: "Stop daai Taalbus en laai ons op!" Julle laat ons alweer uit sonder om in ag te neem hoe ons moes suffer vir julle foute wat julle begaan het met ons taal sedert 1948. Ná 1948 en Soweto 1976 moes ons as bruines nog steeds Afrikaans praat en het ons die vyandigheid van ons swart medetownship-inwoners op die hals gehaal. Ons moes in die stilte veg om die image van "Afrikaans as taal van die verdrukker" te verander na "Afrikaans, vry taal van Afrika". Nou is die stryd halfpad deur ons en ander stryders gewen, nou sluit julle ons weer uit. As julle nie wil toesien dat daar nog splinters soos by die Universiteit van Wes-Kaapland en "Alternatiewe Afrikaners" ontstaan nie, is dit nou tyd om toe te laat dat ons saam die Taalstryd stry. Doen julle dit nie, gaan julle weer julle bruin broers en susters vervreem en nog meer laat verengels. Wat ook al julle strategieë en of jul ons binne of buite laat, gaan ons nog steeds met die gevolge van julle besluite moet saamleef want ons gaan nie ophou om Afrikaans te praat nie. Dit is net so goed dié wat teen Afrikaans is, vra ons om op te hou asemhaal.

### Vrye Time Magazine?




*RM Kunst van Klein Windhoek, Namibia skryf:*

Net een vraag: hoekom moet die nuwe *Vrye* se voorblad net soos dié van *Time* wees? Is daar nie ander opsies nie?

Verder is alles prima, ek moet nog gewoond raak aan die nuwe formaat, dis al. Alle sukses met die nuwe *Vrye*.

### Geen veldtog teen Van

*Raymond Louw, mede-voorsitter van die Campaign for Independent Broadcasting, skryf:*

In die uitgawe van *VWB* van 25 Junie skryf Hennie Serfontein die CIB "het 'n veldtog begin om (Dr F Van Zyl) Slabbert se geloofwaardigheid te bevraagteken."

Dit is jammer dat *VWB* in die eerste uitgawe van sy nuwe (en baie aantrekliker) formaat so 'n emstige foutiewe aantyging maak oor die bedrywighede van die CIB.

Serfontein se volgende paragraaf lui dat die CIB met vyf raadslede van die SAUK op 12 Junie (die korrekte datum is 10 Junie) gehou het waarvan dr Slabbert nie kennis gedra het nie.


Ons het geen veldtog teen dr Slabbert begin nie en het geen planne om dit te doen nie. Ons standpunt, herhaaldelik uitgespreek, is eenvoudig dat ons saak nie gaan oor persoonlikhede nie, maar oor beginsels. En die beginsel is dat die paneel regslui prof Njabulo Ndebele as voorsitter benoem het en dr Slabbert as onder-voorsitter voordat die Staatspresident ingemeng het. Ons sê sy inmenging was onvanpas en die oorspronklike nominasies moet herstel word. Serfontein se beweringe is gevolglik snert.

Dis waar dat dr Slabbert nie van die vergadering van 10 Junie geweet het nie. Hy was nie bewus van die tyd en datum van die vergadering nie, maar het wel geweet dat ons sekere raadslede sou nader en dat ons in verbinding wou tree met raadslede om ons menings aan hulle oor te dra. Hy is op 1 Junie hiervan verwittig in 'n brief wat ons aan hom gerig het.

Uit die staanspoor het ons dr Slabbert vir 'n vergadering gevra, maar hy het geweier omdat dit "inappropriate" sou wees. Hy het later gesê hy wil nie onderhandel met politieke partye of groepe wat in die SAUK belangstel nie.

Serfontein verwys na 'n "geheime byeenkoms" en die "omstrede besluite" wat daar geneem is. Dit is ook snert. Die vergadering was privaat, maar nie geheim nie. Geen besluite is geneem nie.

### Diensplig onaanvaarbaar



**Martin Luther King**

*JH du Toit van Paarl skryf:*

Hiermee waag ek dit om my teen die onaanvaarbare blanke diensplig en kampstelsel uit te spreek. Hoewel die hooggeregshof anders besluit het, is daar nie wetlike gronde vir so 'n praktyk nie, want die Wet op Bevolkingsregistrasie is al geskrap. Die argument dat die diensplig-wetgewing nie sonder grondwetlike veranderinge kan verander nie, word gekelder daardeur dat vele ander rassistiese wette deur die Volksraad reeds geskrap is. Ook die Raad vir Gewetensbeswaardes is op ras gebaseer en is dus 'n immorele "oplossing".

Die voortgesette oproep van sogenaamde blanke mans blyk 'n gerieflike praktyk te wees vir die De Klerk-regime om blanke heerskappy mee in stand te hou. Dit is veral dié rassisme wat 'n infame leuen maak van De Klerk se stelling ná die referendum dat die boek op apartheid gesluit is.

Suid-Afrika is nie in 'n oorlog gewikkel met 'n vreemde mag nie. Die interne veiligheidsprobleme is die gevolg van sosio-ekonomie en politieke probleme wat deur onderhandelinge opgelos moet word.

Intussen moet geweld deur 'n groter, neutraal beheerde polisiemag van vrywilligers hanteer word. Orde word nie gehandhaaf deur 'n weermag wat boonop politieke belange dien nie. Dit lei eerder tot verdere polarisasie met die moontlikheid van 'n burgeroorlog nie uitgesluit nie. Wat anders kan egter van 'n regering verwag word wat meer as veertig jaar nie eens ideologies die morele hoë grond van medemenslikheid kon betree nie?

Dr Martin Luther King het gesê: "There comes a time when people get tired of being trampled over by the iron feet of oppression. There comes a time when people get tired of being flung across the abyss of humiliation where they experience the bleakness of nagging despair." Ek wil toevoeg: There comes a time when people get tired of being coerced into contributing to this injustice.

### Meer kondome op TV

*Alzane Shaw van Worcester skryf:*

Ek moes net aan *VWB* skryf, want Die *Huisgenoot* sal nooit hierdie brief publiseer nie. Want ek is pissed off! Volgens hulle word 'n mens nie pissed off nie, jy raak "kwaad".

Ja, 'n vloekwoord! Oeps! Al wil die SAUK, *Die Huisgenoot* en die NG-Kerk nie erken dat vloekwoorde bestaan nie. Dis hoekom ek pissed off is. Wie het hulle die reg gegee om te maak asof sekere goed net nie bestaan nie?

Saterdagaand kyk ek na *Good Morning Vietnam*. In een scene is die DJ veronderstel om 'n kondoom op te blaas, maar die SAUK sensor dit. God forbid! 'n Kondoom op TV1? Nooit! Wel - kondome bestaan, al wil die SAUK dit nie op TV1 hê nie.

Asseblief, ons kort meer kondome op TV en minder onveilige seks. Die SAUK wil dit seker ook nie erken nie, maar Aids is alive and killing! ■

# kortbegrip

## mense en dinge

**WAAR'S JOAN?:** Opsigtelik afwesig by Wits se hoogs suksesvolle Winterforum, talkshow van die Afrikaanse literati, die sofa-orakel haarself, Joan Hambidge. Maar soos niemand hoef te gesê het nie: daar waar Gerrit (Olivier) is, daar sal Joan nie wees nie. En andersom.

**NUWE MONDSTUK VIR DIE NASIE:** Daardie baba aan wie die SA Katolieke Biskoppekonferensie die lewe geskenk het, *New Nation,* het die laaste keer verskyn. Van 8 Augustus af word dit die *Sunday Nation,* en heel waarskynlik die ANC-mondstuk, met die erfgenaam van die Sisulu-dinastie, Zwelakhe Sisulu, aan die stuur.

**STREETLAW:** Raadslid Anchen Dreyer van Johannesburg dreig/beloof/pleit dat straatvroue hul nering onder wet mag pleeg. Dit sal hulle, die prostitute, beskerm teen uitbuiting, dit sal die bevolking beskerm teen moontlike Aids-verspreiding, en dit sal die SAP se hande losmaak vir ander werk. Sê Anchen.

**UIT, AF EN IN:** Op 93-jarige leeftyd lê die Voortrekkers se Tannie Owerste, Betsie Verwoerd, haar leiding as ere-presidente neer om te gaan nesskop op Orania. Daarmee saam besluit die Voortrekkertannies om hul hoede finaal af te haal en die drawwers, penkoppe en grootlui kry 'n nuwe lied - met 'n beat.

**RUGBY-DIPLOMASIE:** Die nuwe Franse (goeie) verhouding met Suid-Afrika is ingelui deur die besoek van die Franse rugbyspan, aldus Franse ambassadeur Joelle Bourgois se Bastille-dagtoespraak. Miskien hét die Hane ons tog 'n (goeie) lessie kom leer: moenie al jou kaarte dadelik wys nie. Oú diplomatieke vernuf, daardie.

**OORLEDE:** Een van die hoofstad se kleurvolste karakters en "prins van Lichtenstein", Glendon McGregor, ná 'n laaste groot partytjie waarvoor hy nie kon betaal nie. Hy het homself vergas.

**BEOORDEEL:** Griekse mans as die sexieste in die wêreld, volgens Hamilton Enterprises wat 5 000 vroue in 14 lande ondervra het. Australiërs is tweede, Italianers derde, Nieu-Seelanders vierde en Kanadese vyfde. Maar Italianers is ook gekies as die grootste "skurke" in die wêreld, gevolg deur die Franse en die Australiërs. Genadiglik was Suid-Afrikaners nie op die lys van moontlikhede nie.

**BLAPS:** Coenie is NIE die seun van wyle Dirkie de Villiers nie. Dirigent en wiskundige Johan is wel. Coenie is glo die seun van mnr en mev De Villiers.


**vrye** weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
WALLY MBHELE
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN


**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NICOLETTE VILJOEN

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Breestraat 153, Johannesburg. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Pretoria-kantoor se nommer is (012) 83-4879 en die faksnommer is 83-2181

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.


Dov Fedler in *The Star*

# KOERANTE SÊ

**BEELD 16 JULIE:** Die staat sal een of ander tyd moet wys dat hy hierdie geweldstokers wil vasvat - of Suid-Afrika gaan toenemend die strydperk van gewapende groepies word wat geen eerbied meer het vir normale gesag nie.

**NEW NATION 16 JULIE:** That the deformities of South African society are beginning to emerge now and threaten the future, is largely because of a white monopoly owned press that co-operated with apartheid - or at the very least, tolerated it.

**SUNDAY TIMES 18 JULIE:** Chief Buthelezi,once widely regarded as destined to lead South Africa to new uplands of democracy, has fallen into the shabby company of white racists and black eccentrics like Brigadier Oupa Gqozo—people with whom a younger Buthelezi would not have deigned to associate.

**BUSINESS DAY 13 JULIE:** Two-and-a-half weeks after the event, police investigators have still not managed to secure sufficient evidence to bring charges against Eugene Terre'Blanche, the leader of the World Trade Centre Siege.

**SOWETAN 12 JULIE:** During [Nelson Mandela's] first trip to the USA in 1990, he was also able to obtain pledges totalling millions of rands. Most of the money, however, was never received by the ANC. We suppose you ain't got it until you get it.

**SUNDAY STAR 18 JULIE:** There is no better person [than Nelson Mandela] to lead us into a new democratic order than a man who has suffered the sins of the old order, but is prepared to work with those who perpetrated them.

# wil jy weet?

Daar is 'n kwartmiljoen bokke in Jamaika, 36,5 miljoen varke in Kazakstan, 13 000 motors in Djibouti, 1,3 miljoen beeste in Finland en een telefoon vir elke sestig mense in die Maldives. Taufa'hau Tupuo IV is die koning van Tonga, en Malietoa Tanumafali II die koning van Wes-Samoa. Portugees is die agste grootste taal ter wêreld met 177 miljoen sprekers. Jordanië se regte naam is Al Mamlaka al Urduniya al Hashemiyah. Die Boy Scouts van Amerika is op 8 Februarie 1910 gestig.

# so sê hulle

*"Ek verkies skilderye van diere op my mure."*
Minister **ROELF MEYER** oor die gebruik van Nasionale LP's om portrette van gewese Eerste Ministers op hul mure te hê.

*"Die polisie moet strand toe gaan en visvang vir twee dae terwyl Inkatha en die ANC dit uitveg. Op die derde dag moet hulle kom en die gemors opruim."*
**ALBERT MNCWANGO,** hoof van die Zoeloe-koning se Inala- regiment en lid van Inkatha se sentrale komitee.

*"Ek dink dis 'n mors van tyd, maar tyd is al wat ek het."*
Bosniese Serviër **VASO PETROVIC** oor sy pogings om sy huis in Bjelovac, wat deur gevegte tussen Serwiërs en Moslems vernietig is, te herbou.

*"Ek het al gewoond geraak aan 'n eindelose reeks doodsdreigemente, maar hierdie ding het my geskud omdat my Christenskap betwyfel word. Ek leef vir Christus."*
Prof **DIRK DU TOIT,** 'n ouderling van die NG gemeente Brandwag in Bloemfontein waar gemeentelede dreig om te bedank weens sy posisie as uitvoerende komiteelid van die Vrystaatse ANC.

*"Deur my politieke loopbaan was ek baie keer reg op die verkeerde tyd."*
**JOHANN VILONEL,** NP-LP vir Langlaagte

*"Ek het gedink dis 'n groot kaffer wat daar gaan lê, maar toe ek daar kom, toe's dit sommer hierdie klein ou houtkoppie wat daar lê."*
**KOOS VERMEULEN,** toe hy na die lyk van Victor Kheswa in die Sasolburgse lykshuis gaan kyk het.


*"As ons iets nie kan bewys nie, maar dit klink waar, publiseer ons dit."*
**MICHAEL BATE,** redakteur van die satiriese Kanadese tydskrif *Frank.*




Sowetan

# het jy geweet?

Die langste straat ter wêreld wat as 'n straat erken word, is Yonge Street, wat noord- en suidwaarts loop uit Toronto, Kanada. Die straat, wat eindig by Rainy River aan die grens tussen Ontario en Minnesota, is 1 896,2 km lank.




Kal in die *Baltimore Sun*

# liewe land!


**BIG BANG:** Borrels seewater was die kraamkamer van die lewe, as mens die geofisikus Louis Lerman van die Lawrence Berkeley Laboratorium in California kan glo. Hy het op 'n konferensie oor die oorsprong van lewe in Barcelona met die teorie vorendag gekom dat drywende seeborrels stukkies klei, koolstof-houdende molekules en metale vasvang wat deur vulkane of komete in die atmofeer gesprinkel is. Die borrels bars en laat druppels in die atmosfeer vry wat ryk is aan gekonsentreerde chemikalieë. Weerlig sit chemiese reaksies aan die gang om meer komplekse molekules te vorm wat aminosure - molekules wat proteïene soos krale in 'n string saamsnoer - bevat. En siedaar! Proteïene en nukleïensuur soos DNA, is die twee basiese bestanddele van lewe.

**INGELIG:** Patrick Hlongwane, gewese soldaat van Umkhonto We Sizwe (MK), stigter van die Returned Exiles' Committee, beweerde samewerker van die AWB, beweerde samewerker van die Veiligheidspolisie en beweerde vriend van die beweerde Inkatha-krygsheer Thomas Shabalala, is 'n man van vele erkennings en vele ontkennings. Hy is tans die Nasionale Party se inligtingsman in Soweto. En dis 'n feit - sê Hlongwane self.

**DAAR'S WATER:** 'n Sweedse maatskappy is besig om die water van Alaska in gouddruppels te verander. Die maatskappy van Gallivere, 'n dorpie naby die Arktiese sirkel, stuur vars water na New York waar dit in blokke gevries en teen 'n rand stuk verkoop word.

**PYLREGUIT:** Die Amerikaanse weermag se Kruiser-missiele moes die hoofstad van Irak, Bagdad, deur Iran "bekruip" om die onlangse verwoesting aan die stad aan te rig. Omdat die missiele volgens landmerke vlieg, kon dit nie oor die plat woestynlandskap van suid-oos Irak vlieg nie. Hulle het toe langs die Zagrosberg-reeks, binne Iran gevlieg. Na 'n reis van sowat 250 myl na die noorde het die missiele suid-wes al langs die Diyala-rivier gevlieg tot in Bagdad.

**SPELFOUT:** Die Suid-Afrikaanse farmaseutiese maatskappy Lennon gaan 'n miljoen vitamientablette aan Kuba skenk, sê die SA Kommunisteparty se Jeremy Cronin.



Victor Kheswa... die monster?

# wie's die monster agter die monster?

deur wally mbhele en louis kirstein

## Daar's al hoe meer raaisels oor die wrede Victor Kheswa

AS Victor Kheswa nié 'n werktuig van 'n "Derde Mag" was nie, waarom het hy drie jaar gelede 'n wrede skrikbewind in die Vaaldriehoek begin? As Koos Vermeulen, leier van die Wêreld Apartheidsbeweging (WAB), nié sy meester was nie, wie was? Of was hy doodgewoon 'n krygsheer vir Inkatha?

En: hoekom is hy juis nóú doodgemaak?

Dié vrae word nou druk bespreek in die Randse townships - ondanks Vermeulen se terugkrabbel ná sy propagandatruuk om Victor Kheswa as 'n lid van sy beweging voor te stel.

Die mense wonder hoe kan dit wees dat Inkatha, wat so min steun in die Vaaldriehoek het, soveel geweld in 'n ANC-gebied kan veroorsaak?

Waar kry die gesiglose moordenaars hul wapens en ammunisie?

Waarom kon die polisie nog niemand suksesvol verbind met die tallose slagtings in die gebied nie?

Toe is één man gevang wat dalk die sluier oor die bedrywighede van die Derde Mag kon lig. Maar hoekom is Kheswa nie voorheen al gevonnis nie - al is hy al verskeie kere gevang weens allerlei oortredings?

Victor "Khetis" Kheswa se naam het die laaste drie jaar byna sinoniem geword met die geweld wat Sebokeng, Evaton, Sharpeville en Boipatong teister. Dié gevreesde 28-jarige gangster-tipe, met sy New York Yankees bofbalpet as kenteken en sy twee vuurwapens altyd binne bereik, het al die bynaam "Vaal Monster" gekry.

Twee keer tevore is die gerug versprei dat hy dood is. Twee keer het die "Monster" wéér sy verskyning gemaak.

Dié keer is hy dood - in polisie-aanhouding en te midde van bewerings dat hy die Derde Mag en die regse betrokkenheid daarby kon ontmasker.

Sy lewe, soos sy dood, is deur geheimsinnigheid omring.

Waarom hy drie jaar gelede eensklaps 'n skrikbewind van doodslag en vrees begin het, is 'n tergende raaisel. Was dit net uit wraak omdat die huis van sy familielede afgebrand is?

As bendeleier het hy kort ná sy aansluiting by die IVP en intrek by die berugte Kwa-Madala hostel die koerantopskrifte gehaal. Dis nadat hy op 12 Januarie 1991 glo 'n aanval op mense gelei het terwyl hulle oor die dood van die ANC-lid Christopher Nangalembe gerou het. In dié aanval is 45 mense dood en 26 verwond.

Nangalembe self is glo deur Kheswa en sy ondergeskiktes ontvoer. Sy lyk is die volgede dag buite Boipatong gekry.

Sy beweerde bloedspoor haal op 2 Julie 1991 weer die hoofopskrifte ná die wrede aanval op nog 'n ANC-ondersteuner, eerw Ernest Sotsu, en sy gesin.

Sotsu se vrou, Constance en twee kinders, Margaret en Sabata, is dood. Twee ander het die doodsakker wonderbaarlik ontsnap. Sotsu self het die moordaanslag oorleef omdat hy 'n konferensie in Durban bygewoon het.

Inligting kort ná die aanval het daarop gedui dat Sotsu se vrou en kinders deur Kheswa en van sy bendelede in die toilet gevange gehou is. Die deur is gesluit en daar is koelbloedig met die gewere op die gesin losgetrek.

Een van die twee kinders het uit sy hospitaalbed beweer Kheswa was een van die aanvallers, en Kheswa is gevang. Om een of ander eienaardige rede is hy net van intimidasie aangekla, en later op borgtog van R1 000 vrygelaat.

"Om dit regte kry móét hy kontakte gehad het. Hy het ook altyd baie goeie regsverteenwoordigers gehad," sê 'n prokureur verlede week aan Vrye Weekblad.

Hy sê Kheswa se bande met regse organisasies moet nie deur die polisie nie, maar deur 'n onafhanklike kommissie ondersoek word. Die manier waarop Kheswa dood is, dui daarop dat die polisie nie vrygespreek kan word nie. "Ons bevraagteken hul gesag om die saak te ondersoek."

Daar word gemeen die polisie het baie inligting oor Kheswa. Inligting wat dalk die deksel van die geweldspot sou kon aflig.

Tragies genoeg is die ware monster agter die geweld steeds besig met sy werk as gekyk word na die stygende dodetal sedert Kheswa se dood.

* As uitvloeisel van Vermeulen se optrede en Kheswa se reputasie het die Goldstone-kommissie verlede Vrydagaand beslag gelê op al die WAB se dokumente. Dié stap is gedoen op versoek van die Kommissaris van Polisie, genl Johan van der Merwe.

Vermeulen sê aan VWB die kommissie het sy huis met 'n kam deurgegaan. "Al die rekords is verwyder. Hulle het niks gelos nie."

# Gatsha word die Savimbi van Suid-Afrika

deur max du preez



HOOFMAN Mangosuthu Buthelezi beweeg stap vir stap al hoe nader daaraan om die Jonas Savimbi van Suid-Afrika te word.

Buthelezi en van sy senior kollegas in die Inkatha-leierskap het dit in die laaste weke se fnuik-politiek vir hulself byna onmoontlik gemaak om die regering en die ANC se aangebode kompromieë in die onderhandelingsproses te aanvaar.

Sy dreigement om 'n afsonderlike onderhandelingsforum saam met die wit regses, Bophuthatswana en Ciskei te begin - "wat die eerste stap na 'n burgeroorlog kan wees" - is sy ernstigste dreigement nóg om die onderhandelinge in die Wêreldhandelsentrum te kelder en die beoogde verkiesing volgende jaar te saboteer.

Die enigste alternatief, het hy self gesê, is dat Inkatha "nederig sy eie woorde sluk" en die knie voor die ANC en die regering buig. En dít, sê mense wat hom ken, is nie Buthelezi se styl nie.

Selfs al keer Inkatha dié week of later na die onderhandelinge terug, is die kanse goed dit gaan net wéér op 'n breekspul uitloop.

Onderhandelaars van die ANC en die regering het dié week in private gesprekke gesê Buthelezi maak dit al hoe duideliker hy gaan geen kompromieë met die ander onderhandelaars aanvaar nie.

"Ons kan nie met so iemand onderhandel nie," sê 'n gefrustreerde ANC-onderhandelaar aan Vrye Weekblad. "Hy wil 100 persent sy sin hê, anders dreig hy met oorlog. As hy noemenswaardige steun gehad het, sou dit nog sin hê om hom verder tegemoet te kom. Maar vir ons om hom in alles sy sin te gee net omdat hy 'n groot potensiaal vir geweld het, is waansin."

'n Regeringsonderhandelaar sê: "Nes ons dink ons maak vordering, dan gooi Buthelezi 'n bom. Hy wéét hy gaan nêrens kom in die verkiesing nie - nou wil hy die maksimum-mag vir homself in Natal beding of die verkiesing heeltemal saboteer. Hier kom nog groot moeilikheid."

'N NUWE FAKTOR wat onderhandelaars in Kemptonpark swartgallig stem, is dat koning Goodwill Zwelethini hom nou oënskynlik óók by Buthelezi se oorlogspraatjies geskaar het. Die wese van die Zoeloe-nasie word nou bedreig, het die koning verlede week in Durban gesê met verwysing na die Kemptonpark-onderhandelinge. Ná half-verskuilde dreigemente dat die bloedbad in die townships veel erger gaan word, het die skare Zoeloes opgespring en gedreunsing: "Laat ons aanval!"

Zwelethini het sy hand gelig, en toe die skare stil word, gesê: "Nee, nie nou al nie. Ek sal sê wanneer."

Die hoof van die koning se persoonlike Inala-regiment, Albert Mncwango, het kort daarna in 'n onderhoud met die *Weekly Mail* gesê die polisie moet hulle uithou uit die gevegte tussen die ANC en Inkatha, want die enigste oplossing is dat die twee oorlog moet maak tot één gewen het.

"Die Inala-regiment is gereed vir oorlog. Ek wag net vir 'n teken van die koning en Buthelezi. Die ANC en die regering moet weet: as hulle ons eise verwerp, sal ons by dié punt uitkom," het Mncwango gesê.

# niks minder as federasie nie



**HENNIE SERFONTEIN** het vroeg verlede week, voor **Mangosuthu Buthelezi** se jongste militante uitsprake, met hom gesels

**U en u sentrale komitee het in verklarings die Suid-Afrikaanse regering van 'n skielike "skending van vertroue" beskuldig...**

In Kodesa 2 was ons en die regering op dieselfde golflengte wat die onderhandelings betref. Maar in Februarie vanjaar het ministers Delport en Meyer ons meegedeel hulle het van standpunt verander. Dis in die belang van onderhandelinge, is gesê. Daarom noem ons dit verraad.

**Van watter standpunt het hulle afgesien?**

Wat die grondwetgewende vergadering betref. Ek onthou nog Gerrit Viljoen het ons prontuit vertel daar's hoegenaamd geen kans dat hulle die liggaam wat verkies gaan word, as grondwetskrywende liggaam sal aanvaar nie. Maar sedert die Notule van Verstandhouding met die ANC aanvaar die regering die standpunt dat dié liggaam terselfdertyd 'n regering en 'n ▶


grondwetskrywende liggaam is. Ons voel baie sterk daaroor.

**Ek verstaan die konsepgrondwet bevat 'n uiters belangrike toegewing aan die IVP oor grense, magte en bevoedhede van streke, en dat 'n toekomstige wetgewende vergadering dit slegs by wyse van 'n spesiale meerderheid en die toestemming van die betrokke streek sal verander. Dié aanbod voldoen tog seker aan u belangrikste eis - die erkenning van 'n federale stelsel?**

Op 1 April, met die eerste ontmoeting van die onderhandelingforum, het ons beklemtoon daar is twee prioriteite: die kwessie van geweld en die kwessie van die vorm van die staat, waaroor vooraf besluit moet word. Die media skryf nou die proses het 'n groot stap geneem na sterk streekregering. Maar ek sê: 'n vrou is óf verwagtend óf nie. Jy kan nie sê 'n vrou is net 'n bietjie verwagtend nie.

Om te sê streekregering is dieselfde as federasie is nie vir my aanvaarbaar nie. 'n Federale staat is 'n federale staat. 'n Streekregering is 'n streekregering.

Daarby het mnr Mandela op 23 Junie aan my gesê hy is nie bereid om federalisme te aanvaar nie. Hy wil 'n sterk provinsiale stelsel hê. Maar ons hét 'n sterk provinsiale stelsel gehad wat deur die regering ontman is. Baie mense sê Buthelezi wil slegs sy eie domein van KwaZulu en Natal beskerm. Maar ons het 'n bitter ervaring met die sentrale regering omdat ons so min van die nasionale fiskus ontvang - per kapita minder as enige ander streek. Ek sal dus hoegenaamd nie toelaat dat my mense wéér gevonnis word tot 'n stelsel waar diegene wat die sentrale regering beheer, 'n gemors daarvan maak ten nadele van 'n plek soos KwaZulu nie.



'Weet jy wat het Mandela my gesê in ons gesprek op 23 Junie? Hy het gesê die ANC se NEC het al my posisie bespreek en daar sal wel 'n posisie vir my wees. Dit is moontlik 'n soort reisende ambassadeur, hoewel hy die woorde nie gebruik het nie. Dit was vir my duidelik hulle het my posisie al agter my rug bespreek en besluit. Ek het niks gesê nie. Hoekom moet ek? Ek stel nie belang in hulle planne vir my nie. Hoe kan ek dan my en my mense se toekoms in die hande sit van mense wat in die wetgewende vergadering 'n meerderheidsbesluit oor ons sal neem?'

**Het die regering en die ANC nie versekerings gegee oor die verskansing van 'n sterk streek- of federale regering in die tusentydse grondwet nie?**

Daardie versekerings moet nog eers geformaliseer word. Dán sal ons daarna kyk. Maar ons is nie bereid om klousule vir klousule daardeur te gaan solank die huidige stelsel van genoegsame konsensus geld nie. Want dit sal morele gesag gee aan die bewering dat ons teenwoordig was en dat ons dan kamma demokraties verslaan is - terwyl die hele proses eintlik deur die regering en die ANC gemanipuleer word.

**Maar dink u nie die onderhandelinge gaan oor wedersydse toegewings nie? Noudat die ANC en die regering 'n toegewing maak oor streke, kan u dalk 'n toegewing maak oor die kwessie van 'n twee-fase onderhandelingsproses.**

Jy moet uit KwaZulu se oogpunt na die saak kyk. Jy moet onthou die Unie van Suid-Afrika is nie deur God ingestel nie. Dit het deur die loop van 'n geweer gebeur en die Britte en Boere het ons skreeuend en skoppend in die Unie ingetrek, teen ons wil. Maar nou kry ons vir die eerste keer die kans om op ons eie voorwaardes te besluit oor hoe om deel van Suid-Afrika te wees. Weens die geskiedenis is ons Zoeloes ook Suid-Afrikaners - en ons wil dit bly, op ons voorwaardes, op die grondslag van 'n federasie.

**Wat die oorgangsfase betref: aanvaar u dat daar in die KwaZulu-Natal streek gesamentlike veelparty-beheer moet wees van die veiligheidsmagte, gewapende formasies en die KwaZulu polisie?**

Waarom dink witmense swartmense kan nie uit eie reg iets goeds skep nie? Ons het ver gevorder met die Buthelezi-kommissie en die KwaZulu-Natal Indaba, wat albei deur die regering verwerp is. Ons het 'n grondwet vir KwaZulu-Natal aanvaar en gesê ons moet dit met die JEA onderhandel, maar die ANC het gesê ons kan nie ons eie grondwet hê nie. Hoekom moet ek hulle standpunt aanvaar?

**Sal koning Goodwill Zwelethini die kwessie van die erkenning van die Zoeloe-koninkryk opper?**

Die koninkryk van KwaZulu is nie denkbeeldig nie. Ons is 'n monargie en verskil van ander groepe. Die geskiedenis het ons so gemaak. Daarom het ek aan minister Meyer gesê die koning gaan by die volgende onderhandelingsvergadering wees. Ek het Meyer gesê julle kan hom verwerp en julle kan hom voor die hele wêreld sê hy moet voetsek, maar hy gaan daar wees. Ons het 'n brief waarin minister Viljoen aanvaar het die koning kan by die onderhandeling teenwoordig wees. Maar toe maak die ANC beswaar - en De Klerk oefen nie sy gesag as staatshoof uit nie. Daarom het ek nog nooit die onderhandelinge bygewoon nie. Die vertrouensbreuk tussen die regering en ons is 'n ernstige saak.

**Sal u werklik nóóit die wetgewende vergadering aanvaar nie?**

'n Mens sê nooit "nooit" in die politiek nie. Maar ek kan nie politieke selfmoord aanvaar nie. Die regering en die ANC verskil oor 'n wetgewende vergadering. Mandela het al gesê in 'n regering van nasionale eenheid sal die ANC as meerderheidsparty die besluite neem. En Mandela het in Januarie in Washington gesê daar is druk om Buthelezi in die regering op te neem, maar dit is nie vir die ANC aanvaarbaar nie.

# gert van rooyen
# die media-mite



**Gert van Rooyen,** die man van Pretoria wat vir die lewens van vyf vermiste jong meisies verantwoordelik gehou word, is heeltemal verkeerd verstaan, skryf **LOUIS KIRSTEIN**

DAT Gert van Rooyen 'n pedofiel was, is 'n media-mite. Van Rooyen het hom nie soos 'n pedofiel gedra nie - jy moet hom dalk eerder beskou as 'n sadistiese verkragter, sê dr Irma Labuschagne, voorste forensiese kriminoloog van Pretoria.

'n Sadistiese verkragter word seksueel geprikkel deur sy slagoffer te pynig of dood te maak. Aggressie is vir hom eroties, en selfs al het hy nie omgang met die slagoffer nie, kan hy intense seksuele genot en/of 'n orgasme bereik tydens die marteling of moord.

Dié gedrag verskil radikaal van 'n pedofiel, wat seksueel aangetrokke is tot kinders wat nog nie puberteit bereik het nie. Die kinders kan van dieselfde en/of die teenoorgestelde geslag wees.

'n Pedofiel sal waarskynlik nie kinders beseer of gevange hou nie.

Al vyf die vermiste meisies wat met Van Rooyen verbind word, en die sesde een wat uit sy huis ontsnap het, was almal reeds in hul puberteit, sê Labuschagne.

Van Rooyen het in die sewentigerjare wel op twee klagtes van onsedelike aanranding op jong kinders tereggestaan, en dit is dalk waar die mite ontstaan het dat hy 'n pedofiel was, sê sy.

Ironies het Van Rooyen se seun, Flippie, eenkeer aan die polisie gesê sy pa is nie 'n pedofiel nie.

'n Sadistiese verkragter soos Van Rooyen waarskynlik was, is 'n overte of latente psigoot en het swak emosionele beheer en eksplosiewe breuke met die werklikheid, sê Labuschagne. Sadistiese verkragters het gewoonlik 'n geskiedenis van perversiteit en put bevrediging daaruit om hul slagoffers ritueel te verneder. Seksualiteit en aggressie word verweef in 'n enkele psigologiese ervaring: sadisme.

Van Rooyen het 'n geskiedenis van geweld gehad, sê 'n bron wat nou betrokke was by die ondersoek van die saak aan VWB. Hy het glo een keer sy eie keffertjie wat hom gepla het met 'n byl doodgemaak en in stukke gekap. Hy het daarna aan 'n loseerder gesê om die stukke te gaan weggooi.

'n Sadistiese verkragter se aanvalle volg altyd 'n ritueel, sê Labuschagne. Gewoonlik word die slagoffer vasgebind en gemartel. Die slagoffer se geslagsdele word die fokuspunt van die beserings. Soms word instrumente gebruik om die slagoffer seksueel mee aan te rand.

DIE SADISTIESE VERKRAGTER se aanvalle is opsetlik, berekend en word beplan. Dié moorddadige aanvalle word herhaal, maar hy sal tussenin minder dramatiese oortredings pleeg, soos "gewone verkragting".

Navorsing wys dat sadiste siklies toeslaan. Presies hoe lank die siklus duur, is nog nie vasgestel nie. Dit kan by een mens wissel - eers elke ses maande, dan kan die siklus verkort na elke drie of twee maande.

'n Mens moet in gedagte hou, sê Labuschagne, dat Van Rooyen net van die ontvoering van wit meisies verdink word. Dit is nie bekend of enige swart meisies in die tydperke tussen die wit meisies ook betrokke was nie. Dergelike sake is dalk nooit aangemeld nie, sê Labuschagne, of daar is destyds nie enige verband tussen Van Rooyen en swart meisies ondersoek nie. ►




**Gert van Rooyen en sy houvrou, Joey Haarhoff. (Foto: Rapport)**


## die handlanger

***OOR*** Joey Haarhoff en haar betrokkenheid by Van Rooyen is min bekend. Sy was waarskynlik nie seksueel afwykend nie, maar het ernstige persoonlikheidsprobleme of behoeftes gehad wat net Van Rooyen kon bevredig. Haarhoff het 'n swak selfbeeld gehad, meen Labuschagne. Van Rooyen het haar egter aanvaar en slim en aantreklik laat voel.


'n Ander moontlikheid is dat sy dalk sadisties was, meen Labuschagne. 'n Mens kan aanvaar dat sy dit geniet het om te kyk wat Van Rooyen met sy slagoffers doen.

Niemand doen enigiets waarvoor hulle niks in ruil kry nie - as 'n mens maar net weet wat sy in ruil gekry het, sê Labuschagne. Miskien was dit aanvaarding - of miskien was dit die magsgevoel omdat sy die hele land aan die soek het na vyf vermiste meisies.


Fiona Harvey


Joan Horn


Odette Boucher


Anne-Marie Wappenaar


Yolanda Wessels

# die slagoffers

## Vyf meisies wat positief met Gert van Rooyen verbind is, word nog vermis:

**FIONA HARVEY** was 11 jaar en 10 maande toe sy op 22 Desember 1988 verdwyn het.

Ooggetuies het haar in 'n bakkie sien klim wat later as Van Rooyen se eiendom uitgeken is.

**JOAN HORN** was 12 jaar oud toe sy naby 'n winkelsentrum in Wespark, Pretoria, ontvoer is deur 'n vrou wat later as Joey Haarhoff uitgeken is. Haarhoff het glo in 'n wit bakkie gery toe sy Joan genader het.

**ODETTE BOUCHER** en **ANNE-MARIE WAPPENAAR** het op 22 September 1989 saam verdwyn.

Odette was 11 jaar oud en Anne-Marie 12. Hulle was op pad na Odette se woonplek in Kemptonpark om te gaan swem.

'n Dag ná hul verdwyning is twee briewe uit Durban gepos wat deur hulle geskryf is. Nadat Van Rooyen se huis later deursoek is, is Odette se geel sportsak in die huis gekry. Anne-Marie se woonstelsleutels is ook in die huis gekry. Die brief wat vroeër vanjaar soveel opskudding veroorsaak het nadat dit glo tussen matmonsters by 'n fabriek op Midrand gekry is, is reeds in Junie 1990 gevind. Daar is egter geen sekerheid dat Anne-Marie wel die brief geskryf het nie.

**YOLANDA WESSELS** was 13 toe sy op 11 Februarie 1990 na skool in 'n kombi in Kemptonpark geklim het. Die vrou is later as Joey Haarhoff uitgeken - Yolanda se tante. Na die deursoeking van Van Rooyen se huis is daar op haar prefekbalkie afgekom.

---

'n Sestienjarige meisie se ontsnapping uit Van Rooyen se kloue het die polisie vir die eerste keer 'n blik gegee op die bisarre lewe wat agter die heinings van Malherbestraat 277, Capital Park, Pretoria, gevoer is.

Die meisie het op 1 November 1990 by 'n bushalte op Kerkplein, Pretoria, gesit.

'n Vreemde vrou, wat later as Haarhoff uitgeken is, het haar genader en haar 'n geleentheid skool toe aangebied. Haarhoff het egter na Van Rooyen se huis gery.

Uit die meisie se verklaring het 'n ritueel aan die lig gekom wat Van Rooyen en Haarhoff dalk met elke slagoffer uitgevoer het.

Die meisie is deur Van Rooyen met 'n vuurwapen gedreig, daarna geboei, onsedelik betas, gedwing om pille te drink, 'n sykous in die mond gestop en toe in die ingeboude gangkas toegesluit. Dis toon tekens van 'n duidelike ritueel wat met dié van 'n sadistiese verkragter kan ooreenstem, sê Labuschagne.

Die meisie het later in haar verklaring gesê Van Rooyen het haar broekie uitgetrek toe sy vra om toilet toe te gaan. Nadat sy toilet toe was, het Van Rooyen haar in die gangkas laat sit, haar betas en haar toegesluit.

Sy - soos waarskynlik die ander kinders - is in die spasie tussen die onderste rak en die vloer in die kas laat sit. VWB se bron sê die kas het 'n vloer wat sowat 50 cm diep versink is en 'n kind kan met taamlike gemak tussen die vloer en die onderste rak inpas.

Die meisie het daarin geslaag om te ontsnap terwyl Haarhoff die tuin natgelei het. In die straat het sy 'n motoris voorgekeer wat haar na die polisie gebring het.

### die resep vir 'n sadis

ALGEMEEN aanvaarde oorsake van sadisme is oorerflike predisposisie, hormonale versteurings, patalogiese verhoudings, 'n geskiedenis van seksuele misbruik en gewoonlik die teenwoordigheid van een of ander geestesversteuring - wat dalk die geval met Van Rooyen en Haarhoff was, meen dr Irma Labuschagne.

Sadisme word soms saam met masochisme gevind.

'n Belangrike kenmerk van sadiste is dat hulle daarvan hou dat ander toekyk.

Die toeskouers kan gedwing word om toe te kyk of kan self afwykend wees, sê sy. Sadiste is ook altyd wrede ouers - baie aggressief en hardhandig teenoor hulle kinders, sê Labuschagne.

Die polisie het daarna Van Rooyen se huis heeltyd dopgehou. Op 15 Januarie het hy weer by die huis gekom. Hy het weggejaag en by die DF Malan-wisselaar, Pretoria, eers vir Haarhoff met 'n .22 Astra en daarna homself met 'n .357 Astra geskiet. Toe die polisie op die toneel kom, was albei dood.

Net die een meisie het ontsnap.

DIE OUERS VAN die vyf vermiste meisies wat tussen 1988 en 1989 verdwyn het, moet maar die werklikheid begin aanvaar dat hul kinders waarskynlik dood is, sê Labuschagne. Die ouers klou nog aan een halm vas - geen lyke is nog ontdek nie. Maar Labuschagne sê mens hoef dalk nie verder as die bosse aan die Natalse noordkus - Van Rooyen se gunsteling vakansieplek - te soek nie. In daardie bosse kan 'n leër begrawe word sonder dat hulle ooit gekry word.

Inligting dui daarop dat die kombi wat in Yolanda Wessels se ontvoering gebruik is, verskeie koeëlgate in die agterdeur gehad het. Die gate is glo van binne na buite geskiet.

Waarom moes die kinders doodgemaak word? Dit kan wees dat moord Van Rooyen die meeste geprikkel het, sê Labuschagne. Of dalk wou hy bloot hul monde snoer.

● *Die bevelvoerder van die Kinderbeskermingseenhede van die polisie, maj Anneke Pienaar, sê die ondersoek is nog nooit gesluit nie. Twee speurders werk heeltyds aan die saak en soms word ondersoekbeamptes landwyd betrek om inligting op te volg.*
*Elke brokkie inligting wat ontvang word, word opgevolg, sê Pienaar.*



"Ek weet nie waar kom mense aan die siek gedagte van een onverdeelde staat en 'n potjiekosbrousel nie."

- Louw Badenhorst, voorsitter van Koppies se Aksiekomitee.

# Dis Boer teen Kaffer

## haat in die hartland

Die platteland sit op 'n tydbom van rasse-konflik wat kort-kort dreig om te ontplof. Die swartmense in die "lokasies" is nie langer bereid om die knie voor die kru apartheid van die wit dorpe te buig nie, en die wit gemeenskappe reageer met woede en vrees teen die swart gemeenskappe se eise en uitdagings. Boikotte word gevolg deur blokkades en uiteindelik geweld. Die gebeure in Koppies, Villiers, Kokstad en Bloemhof word nou 'n patroon regdeur die Vrystaatse en Transvaalse platteland.



Van der Linde



Mbhele



Shorkend

**INA VAN DER LINDE, WALLY MBHELE** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het 'n paar Vrystaatse dorpe gaan besoek - en half verdwaas teruggekom met die vraag: Hoe op Gods aarde gaan dié twee planete bymekaar uitkom; hoe gaan dié gemeenskappe in 'n demokratiese bestel geïntegreer word? Hoe gaan die wit gemeenskappe geleer word om hul dorpe met hul swart bure te deel?

# Die dapper kêrels van Koppies

deur ina van der linde

## Oor vreedsame protes spring hulle gou op hul perdjies

DIE laaste formele veldslag van die Tweede Vryheidsoorlog is op 10 April 1902 op die plaas Rooiwal by Koppies in die Noord-Vrystaat geveg. Dié dag is 'n groep van 40 berede Britse infanteriste op tipiese guerrilla-styl oorval deur 'n groot golf ruiters wat in digte formasie op hulle afgejaag het, al skietende uit die saal.

Maar die 1 700 Boerekrygers het te laat agtergekom dat die infanteriste net die voorfront was vir meer as 15 000 Britse troepe wat 'n digte net van 20 myl oor die Vrystaatse vlaktes gegooi het om genl Koos de la Rey te vang.

Pleks van om te draai voor die oormag, het die Boere bly voortbeur teen die kanonvuur van die volgende linie soldate in. Meer as 50 is die dag doodgeskiet, insluitende genl Potgieter, die bevelvoerder. Honderde ander is verwond.

Die laaste Boere-stormloop het misluk, maar soos een Britse seinoffisier volgens Thomas Pakenham in The Boer War, opgemerk het: "Watter dapper kêrels om so onverskokke te storm."

Nou, byna 'n eeu later, is die Boere van Koppies weer onverskrokke aan die storm. Dié keer is hulle in opstand teen die swart strategie van politieke weerstand teen die wit dorp wat die laaste paar jaar deur inwoners van die Kwakwatsi-township uitgeoefen word.

Hul vreedsame protes word bedryf by wyse van verbruikersboikotte en stakings met die doel, so glo die wit dorp, om hulle finansieel te ruïneer. Eers was daar 'n marathon-boikot van drie maande laasjaar en vanjaar was daar al vier boikotte en ses wegbly-aksies.

Die voortdurende armdrukkery het die wit dorp met sy duisend inwoners tot 'n bisarre optrede laat oorgaan. Hulle het die swart dorp onder beleg geplaas, al hul swart werknemers huis toe gestuur en geen swartmens toegelaat om 'n voet in die dorp te sit nie. Swartes mag niks in die winkels kom koop nie, hulle mag nie brandstof ingooi nie en nie die dokter besoek nie.

Ná elf dae en etlike versoeke is daar uiteindelik samesprekings gevoer en 'n brose ooreenkoms is bereik. Die ooreenkoms bepaal dat daar geen verdere boikotte of opmarse of wegblyaksies sal plaasvind sonder dat die saak eers by die plaaslike vredeskomitee uitgepluis is nie. Die komitee moet nou hersaamgestel word nadat struwelinge die vorige komitee uiteen laat spat het.

Maar die wantroue aan albei kante is byna voelbaar. Die wittes glo en vertrou nie dat die swartes by die ooreenkomste gaan hou nie en die swartes voel hulle werklike griewe is nie opgelos nie. Van wit kant het die wantroue verder verdiep toe 'n saal nét na die ooreenkoms tydens 'n ANC-opmars op die skouterrein aan die brand gesteek is. Woedende boere is deur die polisie verhinder om die saak daar en dan op te los. Maar nadat AWB-ondersteuners van omringende dorpe vroegaand Koppies begin binnestroom het om deel te hê aan die opwinding, is Kwakwatsi sewe ure lank omsingel. Hulle het klippe na swart busse gegooi, ruite stukkend geslaan en sinkhuisies omgestoot.

Pieter Scheepers, 'n boer in die omgewing sê: "As hulle klippe gooi, kan ons ook klippe gooi. As hulle boikot, kan ons ook boikot. As hulle skiet, kan ons ook skiet."

'n Paar dae later lê 'n ongemaklike stilte oor die tipiese Vrystaatse dorpie. In die hoofstraat - wat anders as Kerkstraat? - is die NG Kerk, toegetralie van die voordeur tot bo by die nok nadat die saakgelastigde 'n paar jaar gelede voor die preekstoel vermoor is. 'n Monument voor die kerkgebou is opgerig ter herdenking van die "Eeu van Genade", 1838 - 1938. 'n Inskripsie lui: "Die trek gaan voort". Oorkant is die Tollietjies en Bollietjies tuisnywerheid, Pep Stores en 'n trekker-werkwinkel en verder af in die straat die Leef-en-laat-leef kafee.

Soos die meeste klein dorpe in die Vrystaat wat hoofsaaklik gevestig is rondom boerderybelange, is Koppies aan die kwyn. Die ekonomiese resessie en die kwaai droogte word as 'n rede genoem. Die dorp het een hoër- en laerskool, wat sukkel om sy leerlingtal op te hou. Kinders word gretig vanaf die Rand "ingevoer" om in die koshuis te kom bly. Die skool op die volgende dorp, Edenville, moes onlangs sluit "en dan word 'n dorp 'n spookdorp", sê Charl van der Merwe, onder-burgemeester en lid van die NP-stadsraad.

WERK op die dorp is skaars. 'n Melkpoeierfabriek het onlangs stad toe geskuif, 'n ingenieurswerkwinkel en een van die twee koöperasies op die dorp moes toemaak. Jong witmense trek stad toe en swart plaaswerkers trek dorp toe. In Kwakwatsi is die werkloosheidsyfer by die 80 persent. En die skole is oorvol...

In die enigste kroeg op die dorp spog 'n skoongeskeerde boerseun met 'n rolprentgesiggie oor hoe hulle die "kaffers opgedônner het". En "ons wag net dat hulle weer probeer om hier 'n optog te hou. Ons vingers jeuk om te skiet". Ja, sy oupa was NP en sy pa is NP, maar hy is beslis regs van die KP. "Ons jonges voel almal deesdae so."

Dit beaam Jan Wyn, wat homself bekendstel as die "kleinseun van 'n vermaerde perdedief". Hy was glo die eerste om die dag klippe na busse met ANC-ondersteuners te gooi.

En terwyl Van der Merwe ongelukkig is oor die regse optrede by Kwakwatsi, beklemtoon hy dat die besluit om swartmense die wit dorp te verbied, eenparig deur al die belangegroepe van die dorp geneem is. Insluitende die NP.

"Daar word na enige onbenulligheid gegryp om te boikot. Die jongste boikot was omdat ons nie wou toelaat dat hulle deur die behoude gebied in die dorp stap nie, maar net tot by die meule buite die dorp. Of hulle kom met politieke eise soos dat 'n oorgangsregering ingestel moet word, of die armoede en werkloosheid moet eindig," sê hy.

LUISTER mens na die leiers van Kwakwatsi, klink dit soos die gesprek tussen die dowe en die blinde. Die feit dat die opmars eintlik beplan was om hul griewe teen polisie-optrede aan te teken nadat 'n lid van die Jeugliga van die ANC in die swart dorp doodgeskiet is, word nie eens deur die wit leiers gemeld as 'n oorsaak vir die boikot nie.

Louw Badenhorst, 'n boer van die omgewing, vurige ondersteuner van genl Constand Viljoen van die Afrikaner-Volksfront (AVF) en voorsitter van die Aksiekomitee wat op die been gebring is om die beleg te organiseer, sê: "Die punt wat ons wou maak, is om die intimidasie op ons dorp aan te spreek. Ek dien in die veiligheidskomitee van die Vrystaatse Landbou-Unie en die ding is daar bespreek. Van nou af gaan ons dikteer."


Dié vrede gaan nie lank hou nie, voel mens aan die lyf.


Maar dis nie net op Koppies waar wit/swart konflik die laaste maande op die Vrystaatse platteland 'n nuwe dimensie aangeneem het nie. Die rustige platteland blyk skielik 'n tydbom te wees wat enige plek, enige tyd, kan ontplof.

**'n Glimlag vir Thembalihle, Vrede.**


Dit bevestig Jan Greyvenstein van die Vredesekretariaat in Bloemfontein. "Die taktiek wat eerste deur Vrede begin is, word nou deur die hele Vrystaatse platteland gevolg. Wat my bekommer, is dat konflik hier 'n rasse-konnotasie het. Dit is meestal tussen swart en wit.

"Ek het 'n idee ons gaan méér sulke voorvalle vorentoe sien. Veral noudat gepraat word van die samesmelting van stadsrade." ▶





**"Dis verbasend hoe die verhoudings verander het sedert die beleg en die samesprekings daarna". - Dick Roux, burgemeester van Vrede.**



**Kerkstraat, hoofstraat van Vrede.**

Hy beaam ook 'n ander dimensie. Hierdie is nie net 'n wit opstand teen die plaaslike swart dorpe en die ANC nie, maar ook teen die algemene gevoel van mismoedigheid wat in die platteland kom nesskop het. Enersyds is dit die knellende droogte en ander probleme in die boerbedryf soos die geweldige styging in insetkoste en die lae mieliepryse. Andersyds is dit die gevoel dat die politieke proses klein plattelandse gemeenskappe agtergelaat het. Dat hulle mag, grond en seggenskap gaan verloor. Soos een boer dit gestel het: "Hierdie is nou ons affirmative action".

Op Vrede, voormalige hoofsetel van die Republiek van die Oranje Vrystaat na lord Roberts Bloemfontein ingeneem het, is die stemming, anders as op Koppies, deesdae heel ontspanne.

Die dorp spog self met 'n aantal grafte van Brite soldate in die kerkhof, en nog 'n Kerkstraat wat doodloop in 'n historiese NG Kerk-gebou van geel sandsteen. Ook hiér is 'n gedenksteen opgerig met die name van 69 burgers wat dood is in die oorlog.

En om getrou te bly aan die tradisie, is dit aan die voet van dié gedenksteen wat die 1914-rebellie begin het. Dis hier waar genl Christiaan de Wet aankondig het hy gaan teen Jan Smuts rebelleer.

Dick Roux, burgemeester van Vrede, sê daar gaan feitlik nie 'n dag om dat 'n dorp hom nie bel om te hoor hoe hulle dit gedoen het nie. "Noem maar op en hulle is daar."

Ná Koppies het die wit inwoners van Villiers 'n opmars buite die dorp blokkeer en in dieselfde week het Jagersfontein hul voorbeeld gevolg.

Roux verklaar nie sy politiek nie, maar is blykbaar 'n NP-ondersteuner. Hy is ook 'n sakeman en onder-voorsitter van die Aksiekomitee by wie die gedagte om swart inwoners die dorp te belet, begin het.

Roux sê hulle het 'n rekord van 13 boikotte in drie jaar beleef. Dikwels weet die dorpenaars nie eens hoekom Thembalihle hulle boikot nie, "maar soms was daar wel 'n rede".

**D**IE dag met Chris Hani se begrafnis op 22 April, was die laaste strooi, sê hy. Dié dag was daar 'n opmars deur die dorp. Ná die optog afgeloop het, is 'n oudhedewinkel van Marlien Odendaal aan die brand gesteek. Die polisie het die skuldiges agtervolg en 'n vrou is doodgeskiet en ander verwond.

Dadelik het 'n verbruikersboikot gevolg. Dis toe dat die wit dorp besluit het om op te tree. Die volgende dag is alle swart werknemers huis toe gestuur "tot verdere kennisgewing" en geen swartmens is toegelaat om op die dorp te koop nie.

Hy beklemtoon: "Dit was nie die optrede van 'n klein groepie regses nie. Ons het soos een mens saamgestaan en mekaar onderling dopgehou." Die beleg het ses dae geduur, en 19 vergaderings is in ses dae gehou. Terror Lekota van die ANC het van Johannesburg gekom om die vredesamesprekings by te woon, wat bemiddel is deur die Vredessekretariaat van die Vrystaat.

'n Vredeskomitee is einde Junie op die been gebring en hou binnekort hul eerste vergadering. "Daar is ooreengekom dat geen verder boikot-aksies of stakings sal plaasvind voordat dit nie eers deur die vredeskomitee bespreek is nie," sê Roux. "As die komitee toegelaat word om sy werk te doen, sal dit 'n positiewe reaksie op die hele gemeenskap kan hê."

Greyvenstein meen die oplossing wat op Vrede bereik is, het gesindhede getemper en goeie dinge kan daaruit voortvloei. Wit en swart voel hulle het gewen. Dis nie die geval by Koppies nie. "Tog bemerk ek welwillendheid aan albei kante. Die groot probleem op Koppies is dat mense van buite af ingestroom het - wit en swart - en die toestand wou uitbuit om 'n punt te maak. Mens kan nie mense van buite beheer nie."

Greyvenstein meen die groot probleem op die platteland is dat die witmense nog in tipiese apartheidskompartemente dink. En dít, glo hy, gaan nie oornag verander nie ■

# ‘Beteken die dood dan niks vir witmense nie?’

deur wally mbhele

## Die wit dorpenaars het vergeet van dié skote in die rug. Die swart dorpenaars nie

KOPPIES en Vrede word albei oorheers deur konserwatiewe landelike mense wat die swart strategie van weerstand teen die lang jare van verdrukking op die platteland deur middel van massa-optrede beskou as 'n uitdaging van die volk se mag.

Die hervormings wat in Februarie 1990 deur Staatspresident FW de Klerk begin is, het die township-inwoners van dié dorpe die kans laat aangryp om hul wit bure met verskeie vorms van massa-optrede uit te daag.

Vir die meeste inwoners van Kwakwatsi, sowat twee kilometer van Koppies en Thembalihle (wat goeie hoop beteken en vlak langs Vrede lê) is dit vreemd as jy swart is en nié tot die ANC behoort nie. In dié townships vind jy geen ander politieke organisasie nie.

En hiervan hou hul wit bure en die polisie net niks nie. Die winde van verandering wat nou deur die land swiep, “sal nie geduld word deur die Boerevolk hier nie”, aldus 'n jong dorpenaar van Koppies.

Besoek jy die tonele van onlangse konfrontasies, ontdek jy dat die konflik niks te doen het met swartmense se opmarse na die dorpe nie - hulle het al verskeie optogte gehou sonder enige probleme - maar eerder met die doodskiet van township-inwoners deur die polisie, met die oënskynlike goedkeuring van die wit gemeenskap.


Sulke sterftes is vir die township-inwoners vreemd. “Dit het nooit tevore gebeur nie en dit maak ons kwaad, want ons woon in vrede hier.” Hul wit bure wil hulle egter nie toelaat om in die dorpe te gaan kla of protesteer nie, selfs al is dit waar die owerhede geleë is by wie hulle wil gaan kla. Vir die township-inwoners was die verbruikersboikotte dus al vreedsame manier om hul stemme te laat hoor.

Op Thembalihle vertel Solomon Motlatla, woordvoerder van die plaaslike ANC-tak, die storie so: “Die struwelinge het op 22 April begin. Ons was op pad terug na die township nadat ons 'n petisie by die polisiekantoor ingedien het om te kla oor die polisie se gedrag in die township. Die optog het vreedsaam verloop, sonder enige voorvalle.”

Dit was kort ná die sluipmoord op Chris Hani, 'n gebeurtenis waaroor die township-inwoners ontstoke was. ▶

Kwakwasi se plakkersdorp, Koppies.





**Wally Mbhele en Jan Wyn maak geskiedenis in die kroeg op Koppies.**

"Vier polisie-casspirs het ons op 'n afstand gevolg," sê Motlatla. "Net toe die optog die township binnegaan, het die polisie skielik op ons begin skiet."

Twee bejaarde vroue is dood (die een 'n paar minute ná die skietery en die ander 'n week later in die hospitaal) en meer as 50 mense verwond.

Volgens Motlatla het die skietery gelyk na 'n beplande optrede deur die polisie. As die marsjeerders iets onwettigs of "buite orde" gedoen het, sê Motlatla, sou dit in die dorp gebeur het. "Maar ons was gedissiplineerd. Ons het nie eens 'n venster gebreek of 'n klip gegooi nie.

" 'n Mens kan maar net dink dit was rassistiese polisiemanne wat hulle voorgeneem het om ons te skiet sodra ons in die township aankom. Hulle was natuurlik bang om ons in die dorp te skiet, want dan sou mense orals deur Koppies gehardloop het en dit sou 'n bedreiging vir die wit gemeenskap gewees het. Waarom hulle ons geskiet het, weet ek nie."

Al die mense is in die rug geskiet, sê Motlatla, wat daarop dui dat hulle óf besig was om weg te hardloop óf nie geweet het van die tragedie wat aan die gebeur was nie.

WIE WEET? Ons gaan soek perspektief op Koppies.

Op 15 Mei, verneem ons, is Solomon Mahlatsi, 'n lid van die ANC se Jeugliga, in die nabygeleë township Kwakwatsi doodgeskiet terwyl hy met vriende by die plaaslike snoepwinkel ontspan het.

Die ANC-voorsitter in die gebied, Johannes Tladi, sê die polisie het hom gesê Mahlatsi het probeer weghardloop toe hulle hom wou arresteer. Volgens die polisie het hulle hom gesoek in verband met 'n moord-aanklag. Tladi-hulle het egter eers van die saak gehoor (sonder dat besonderhede verstrek is) nadat Mahlatsi op kort afstand geskiet is met 'n R5.

As dit waar is dat Mahlatsi 'n moord gepleeg het, sê Tladi, kon die polisie die township-inwoners maar net genader het en hulle sou hom gevang het, want "ons het nie plek vir moordenaars hier in Kwakwatsi nie".

Ná die skietvoorvalle het gemoedere hoog geloop in dié dorpe se lokasies. Dringende massavergaderings is gehou om 'n gepaste reaksie te formuleer op dié hardhandige polisie-optrede teen die mense.

In Vrede is 'n verbruikersboikot, wat reeds aan die gang was en binne 'n week sou eindig, vir nog tien dae verleng. Op die vergadering in Thembalihle is sterk geargumenteer dat die boikot moet voortduur tot 'n tussentydse regering van nasionale eenheid bestaan, maar die meerderheid het daarteen gestem. Die verlengde boikot was die dertiende verbruikersboikot in dié township sedert 1990 - en die boikotte daar is 100 persent doeltreffend.

Maar in Kwakwatsi het die lokasie-inwoners besluit al wat nodig is, is 'n optog na die naaste polisiekantoor om te eis dat die polisiemanne

## DIE HAAT BLY HANG

**'N OPVALLENDE** kenmerk van die ooreenkomste wat tussen die ANC en die regses in Koppies bereik is, is dat hulle net gekonsentreer het op korttermynprobleme en nie aandag gegee het aan probleme wat in die toekoms kan opduik nie.

'n Vredesforum is gestig om vrede en harmonie tussen dié bure te bewerkstellig.

'n Onderhandelingsforum is ook gestig om alle voorgestelde massa-optredes te bekragtig, maar nie noodwendig om toestemming daarvoor te verleen nie.

Dit blyk dat dié ooreenkomste net tydelike oplossings was en nie werklik aan die wortel van die probleem geraak het nie. Dit word duidelik gewys deur voorvalle wat ná dié onderhandelinge gebeur het.

In Kwakwatsi is die huise van inwoners, veral in die armoedige plaaslike plakkerskamp, aangeval "van die nabygeleë plaas van baas Pieter" - ondanks die ooreenkoms om 'n Vredesforum te stig. Volgens Tladi is die houding van sommige aksiekomiteelede onthul toe een afgevaardigde uitgestap het by 'n vergadering wat ná die aanval gehou is en gesê het hy gaan nie sy tyd mors op argumente "met kaffers" terwyl die volk 'n belangrike vergadering in die dorp het nie.

Sedert die Vredesforum gestig is, verneem Vrye Weekblad, het dit nog nooit in Vrede vergader nie. Motlatla kla dat sowel die voorsitter as die ondervoorsitter witmense is wat nie vergaderings byeenroep nie. Hy meen hulle wou net 'n einde aan die boikotte sien "en niks meer nie".

Die regses se Aksiekomitee wou byvoorbeeld hê, sê Motlatla, dat Terror Lekota - wat van die ANC se hoofkantoor in Johannesburg gestuur is om 'n oplossing te bespoedig - die gemeenskap se enigste verteenwoordiger op die vergaderings moet wees, en nie die plaaslike ANC-tak nie.


Motlatla sê dié siening word bevestig deur gebeure ná die forum se stigting waarin dit nie opgetree het nie. Hy beweer die Aksiekomitee wou hê die familie van een van die slagoffers wat deur die polisie doodgeskiet is, moes toestemming vra om haar lyk uit die lykhuis te haal.

Motlatla is nog steeds bitter omdat die polisie gelieg het en gesê het die familie wou die oorledene in die nag begrawe in teenstelling met die kultuur van swart begrafnisse. Boonop is 'n begraafnisoptog verhinder om die gewone pad na die begrafplaas te volg omdat hulle nie toestemming gevra het om die pad te gebruik nie.

Met probleme soos dié blyk dit dat vrede en goedgesindheid nog so ver soos die son van die aarde is op dié plattelandse dorpies. Die dorpenaars beskou onderhandelinge nie as 'n proses is nie, maar net as vergaderings wat boikotte en strategieë daarteen moet bespreek.

Hoewel ooreenkomste al bereik is, is daar nog geen verandering van gesindhede nie - en dié word gekenmerk deur konflik en aggressie. Die tragedie is dat daar nog geen gemenegrond is nie, en dat die haat oor die gemeenskappe bly hang.

\- WALLY MBHELE




"Ek wens ons kan 'n gemeenskap word soos in Botswana met ontwikkeling, groei, wet en orde. Hoekom moet ons ons altyd met die negatiewe vergelyk?"
- Charl van der Merwe, onder-burgemeester van Koppies.

wat by die skietery op Mahlatsi betrokke was, in hegtenis geneem word, en dat inwoners beskerm word teen die toenemende rassisme van die "boertjies" in Koppies.

Die optog in Kwakwatsi sou op 16 Junie plaasvind. Maar op die vooraand van die optog het die ANC 'n brief ontvang waarin die dorpsraad van Koppies sê die optog mag nie uit Kwakwatsi beweeg nie en eis dat die ANC ophou om dorpenaars te intimideer.

Op 'n noodvergadering wat op 15 Junie begin het en die volgende dag hervat is, is besluit om nie voort te gaan met die optog na Koppies nie, maar om 'n verbruikersboikot van onbepaalde duur te begin totdat 'n optog na Koppies toegelaat word.

Die besluit het ten dele gespruit uit 'n gesprek tussen die ANC en die plaaslike polisiebevelvoerder, wat hulle vertel het hy het inligting dat die regses hulle sou aanval indien hulle dit waag om met hul toyi-toyi na Koppies te kom.

Kort nadat die beoogde verbruikersboikotte aangekondig is, het gerugte in albei townships begin versprei dat township-inwoners om nie meer in die dorpe toegelaat te word nie tensy hulle die boikotte en massa-optredes afstel "want dit is nadelig vir die ekonomie".

In Koppies is die ANC-leierskap selfs na die polisiekantoor ontbied en gewaarsku oor die regses se beoogde optrede. Hulle is ook ▶

belowe dat sterker en strenger polisieversterkings ontbied sou word.

Op 28 Junie is swart polisiemanne wat vroegoggend op pad was na hul werk in die polisiekantoor toegang tot Koppies geweier deur mans in kakie-uniforms wat die enigste ingang na die dorp versper het en AWB-vlae gehys het. Dieselfde het gebeur met ander lokasie-inwoners wat later gevolg het.

**Hul wit bure wil hulle nie toelaat om in die dorpe te gaan kla of protesteer nie, selfs al is dit waar die owerhede geleë is by wie hulle wil gaan kla.**

Toe die inwoners van Thembalihle wakker word, is hulle gekonfonteer deur 'n groot groep boere - heelparty van hulle vreemdelinge in Vrede - wat 'n menseketting gevorm het om die verwagte optog na die dorp te keer. "Van vandag af sal geen kaffers in die dorp toegelaat word nie," is hulle gesê.

Dié groep boere het volgens 'n plaaslike onderwyser uit verskillende buurdorpe gekom - onder meer Harrismith, Memel, Frankfort en Warden.

"Hulle het onbekende boere uit buurdorpe gebruik met die goedkeuring van die plaaslike wit gemeenskap," is aan *Vrye Weekblad* gesê. " 'n Mens kon duidelik die rassehaat in hul oë sien. Hul oë was so rooi dat jy nie jou kop hoef te gekrap het om agter te kom hulle soek bloed nie."

Hulle het township-inwoners spottend met hul gewere uitgedaag om te kom veg en gesê hulle gaan die township binnemarsjeer om 'n petisie aan die ANC te oorhandig (al sou hulle nie die kantoor kon kry nie, want daar is nie een nie). Die polisie het hulle egter verhinder om die township binne te gaan.

Op die ou end moes onderhandel word om die probleme op te los en in albei gevalle is samesprekings hoofsaaklik gevoer tussen die ANC en die regses se Aksiekomitees, wat gevorm is om die massa-optrede en boikotte te hanteer. Die Vredesekretariaat en die VVO se Waarnemersmissie het ook deelgeneem en die verrigtinge gemoniteer. Die gevolg was dat die verbruikersboikotte en die versperrings uiteindelik albei opgehef is. ■




**"Ons het nie plek vir moordenaars hier op Kwakwatsi nie" - Johannes Tladi, voorsitter van die ANC-tak op Koppies.**

# 'Nee, ek het gedink jy kom van Kwakwatsi'

**WALLY MBHELE** gesels met Hans, die man wat hom vroeër uit Koppies se 'wit' kroeg gedwing het

HANS is in sy laat-twintigerjare. Hy was van sy geboorte nog nooit uit Koppies nie. Hy wil geen ander plek besoek nie - veral nie Johannesburg nie, want "dis 'n kak plek".

Hy sê hy is 'n aktiewe regsgesinde, hoewel hy tot geen regse party of organisasie behoort nie. Hy wil nie hê ek moet sy regte naam noem nie, want mense is glo op sy spoor. Hy wil ook nie afgeneem word nie.

**Jy het met my moeilikheid gesoek toe ek hier aankom. Dit het my die indruk gegee jy hou nie van swartmense nie.**

Nee, ek het baie swart vriende in die township. Jy kan hulle gaan vra in Kwakwatsi - ek gaan gewoonlik soontoe en ek geniet myself saam met hulle. Maar hulle wil ons dorp aan die brand steek. Ek het gedink jy kom van Kwakwatsi. Maar ek kan sien jy's slim, jy's nie soos daardie mense van Kwakwatsi nie.

**Jy sê jy behoort nie tot enige politieke organisasie nie, maar van watter een hou jy die meeste?**

Inkatha. Want Gatsha Buthelezi wil vrede hê. Mandela is ook 'n goeie man, maar goed vir fokol. Al waarvoor hy oorsee gaan, is om geld te kry om die ANC en kommuniste te help. Vandat Mandela uit die tronk gekom het, van Robbeneiland af, hoeveel mense is nie al dood nie? Sê my: hoeveel mense is al dood? Selfs swartmense is ook mense.

**So jy verkies Buthelezi bo TerreBlanche.**

Eugene is fokol, man. Hy het g'n mag nie. Hy't niks nie.

Ons sal selfs vir die IFP stem.

**Het jy ook deelgeneem aan die inval in Kwakwatsi verlede week toe die witmense swart inwoners aangeval het?**

Ja, maar hulle is nie aangeval nie. Ons het die plek omsingel en dis al. Hulle het op ons geskiet, toe skiet ons terug. Dis wat gebeur het.

**Hoekom het julle die plek omsingel?**

Omdat hulle 'n belofte gemaak het en dit toe verbreek het. Hulle het 'n ooreenkoms onderteken en belowe daar gaan geen boikotte, stayaways en brande wees nie - maar hulle het dié belofte binne twaalf uur verbreek. Toe verbrand hulle die skougronde daar anderkant.

**Wat wou julle bereik toe julle die plek omsingel?**

Ons wou niks bereik nie. Al wat ons wou doen, was om hulle te wys: "Luister, ons is hier, ons kan dieselfde doen as julle." Ons wou niemand seermaak nie en ons het niemand seergemaak nie.

**Maar ek het self die gebreekte vensters daar gesien.**

Nee, ons het geen vensters gebreek nie. Al vensters wat ons gebreek het, was die busse s'n. Daar was nege busse in Koppies en ons het hulle opgefok.

Hulle gaan almal vir jou lieg en sê ons het vensters gebreek omdat ons reg om die township gelê het, om Kwakwatsi. Ons was glad nie in Kwakwatsi nie, no way, daar was geen boertjie, geen witman in Kwakwatsi nie. Niks, dis 'n kakstorie daai.

**Sal julle dit weer doen?**

Ja, dit sal weer gebeur. Apla is in Kwakwatsi. Haai man, Apla is in Kwakwatsi - en ken jy vir Apla? Ek sal jou nie nou vertel nie.

**Wel, dankie vir die onderhoud. Dit het my darem 'n insig gegee.**

Okay, maar onthou net: jy mag g'n name noem nie. Hoor jy? ■

# goudmeevaller is geen wondermedisyne

deur dan roodt

## die hoë goudprys red suid-afrika nog nie van resessie nie




DIE geweldige styging in die dollargoudprys sedert Maart vanjaar (van $325 tot $399) was tipies van bulmarkte vir dié edelmetaal: vinnig en onverwags. In Suid-Afrika het dit groot opgewondenheid veroorsaak, sowel in die media as op die Johannesburgse Effektebeurs, waar die Goudindeks binne enkele maande verdriedubbel het.

Iets van Suid-Afrika se ou glorie as die wêreld se grootste goudprodusent het herleef. Nie net het New Yorkse beleggers die goudstormloop op SA mynaandele aan die gang gesit nie, maar mynbase self het weer opsygeskuifde planne vir nuwe skagte uitgehaal en onlangs het die National Union of Mineworkers (NUM) 'n 15 persent loonverhoging aangevra.

Gaan die goudprys Suid-Afrika red van resessie en ekonomiese stagnasie? Waarskynlik nie, maar voor ons die redes vir dié treurige antwoord verstrek, kyk ons eers na die effense glinster wat die hoër goudprys wel aan die ekonomie verleen. Ten eerste het dit 'n toevloei van buitelandse kapitaal na Suid-Afrika beteken. In die eerste vyf maande van vanjaar het buitelanders se netto aankope van Suid-Afrikaanse aandele nagenoeg R2,4 miljard bedra en aankope van openbare sektor-effekte (soos die Eskom 168 en RSA 150) ongeveer R400 miljoen.

Suid-Afrika het in 1992 altesaam 614 ton fyngoud geproduseer. Dus beteken 'n styging van een dollar in die gemiddelde goudprys per jaar omtrent $19,6 miljoen ekstra aan buitelandse valutaverdienste. 'n Styging van die laagtepunt van $325, wat in Maart vanjaar bereik is, tot en met $400 kan dus oor 'n jaar $1,47 miljard beteken, oftewel R4,9 miljard teen die huidige wisselkoers van R3,35! So 'n bedrag is gelykstaande aan 1,5 persent van Suid-Afrika se Bruto Nasionale Produk of aan die netto wins per jaar van enigeen van die tien grootste maatskappye in Amerika.

Word die styging in die goudprys dus volgehou, kan dit die Suid-Afrikaanse ekonomie se huidige nulgroei tot 1-2 persent groei opstoot - met al die goeie gevolge wat so iets behels in terme van werkskepping en verhoogde sakevertroue wat weer 'n opwaartse siklus aan die gang kan sit.

In werklikheid is sake egter nie só eenvoudig nie. Internasionale finansiële markte, waaronder die goudmark, is kompleks en wispelturig. Goudmyne maak gebruik van ingewikkelde verskansingsmetodes wat vooruitverkope, termynkontrakte en "call" - en "put"-opsies insluit. Alles hang dus af van hoe 'n besondere goudmyn met betrekking tot die mark "geposisioneer" is. Een van die Suid-Afrikaanse mynhuise, Randgold, het pas aangedui dat hulle reeds 'n beduidende deel van hul produksie teen laer pryse as die huidige vooruitverkoop het, wat dus beteken dat Randgold hoegenaamd nie baat vind by die huidige styging in die goudprys nie, of ten minste eers veel later daaruit voordeel gaan trek. Aan die ander kant is dit bekend dat minstens een myngroep, Goldfields, glad geen verskansing toepas nie sodat myne in dié stal die hoër prys ten volle behoort te benut.

Dit ly geen twyfel nie dat die goudprys Suid-Afrika se buitelandse reserwes 'n hupstoot behoort te gee, wat die potensiaal van laer rentekoerse inhou en daarom groter investering en verhoogde verbruik - kortom, 'n groeiende ekonomie. Maar o wee, op die oomblik beleef die land weer eens 'n nypende tekort aan reserwes. In Junie het ons reserwes van jaar-tot-jaar met 26 persent gedaal tot 'n skamele R7,5 miljard vanweë die delging van buitelandse skuld deur groot leners soos Eskom, Transnet en van die groter privaatmaatskappye.

NOG 'N FAKTOR wat druk op buitelandse reserwes plaas, is die onwettige uitvloei van kapitaal, in weerwil van ons streng valutabeheermaatreëls. Daar word geskat dat dié "lekkasie" van kapitaal weens die politieke onsekerheid en algemene pessimisme oor 'n toekomstige ekonomiese bedeling tot R2 miljard per jaar bedra.

Op 'n manier stel die stygende goudprys Suid-Afrika in staat om die onwettige uitvoer van kapitaal te absorbeer. Daarsónder was die land in 'n veel groter penarie as tans!

'n Groot aantal Suid-Afrikaanse goudmyne sou sonder die huidige verbetering op die goudmark in elk geval toemaak, met rampspoedige ▶

gevolge vir hele gemeenskappe wat afhanklik is van dié nywerhede, 'n verdere styging in werkloosheid, ens. Vir dié myne is dit 'n geval van verligting, eerder as euforie.

Ook die invloei van kapitaal via die effektebeurs is maar skyn, want dit geskied via die finansiële rand, wat beteken dat die verkoper aan die ander kant óf 'n ander buitelander is óf plaaslike instelling wat kommersiële rand omsit in finansiële rand ten einde te disinvesteer.

Uiteindelik moet die styging in die goudprys daarom gesien word vir wat dit is: 'n tydelike en moontlik kortstondige meevaller wat sekerlik verhoed dat dit slegter gaan, maar op sigself weinig verander aan die ekonomiese probleme wat die land in die gesig staar.

DIE ANC en die wêreldwye anti-apartheidsbewegings het deur dekades heen 'n suksesvolle veldtog gevoer om beleggings in, en assosiasie met, die Suid-Afrikaanse ekonomie te problematiseer. Hoewel finansiële sanksies in Wes-Europa nie meer amptelik teen Suid-Afrika geld nie, kan geen plaaslike instelling tans vryelik effekte op Europese markte uitskryf om broodnodige buitelandse kapitaal na Suid-Afrka te laat terugvloei nie weens die omstredenheid van dié lenings. Ook die uitsprake van die swart bevrydingsorganisasies oor nasionalisering, konfiskering van bates en nie-terugbetaling van buitelandse skuld het veroorsaak dat Reserwebanke oorsee - onder meer dié van Engeland en Australië - Suid-Afrika op 'n swartlys van riskante lande met min kredietwaardigheid geplaas het. Dan praat 'n mens nie eens van die situasie in Amerika, waar plaaslike en staatsowerhede beleggings in Suid-Afrika - en steeds Namibia! - volstrek onwettig maak nie.

Voeg daarby nog die sowat $6 miljard (R20,1 miljard) se buitelandse kapitaal wat ná die skuldmoratorium van 1985 steeds in Suid-Afrika "gevange gehou" word, en dis duidelik dat die land in die toekoms steeds kapitaal gaan uitvoer eerder as invoer, met al die negatiewe implikasies wat dit vir die ekonomie inhou - ongeag die vlak van die goudprys, of die datum waarop finansiële sanksies finaal opgehef word en Eskom-effekte weer "kosjer" word in Kalifornië.


Slegs stabiele regering en gesonde ekonomiese bestuur volgens die aanvaarde internasionale norme iewers in die toekoms kan enigiets hieraan verander. ■

● Dan Roodt is 'n skrywer en ekonoom by 'n handelsbank


**vrye weekblad**

**ONAFHANKLIK, ONVERBONDE & ONVERSKROKKE**

**As jy vir 'n jaar lank op Vrye Weekblad inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy 'n gratis getekende eksemplaar van die boeiende en kontroversiële nuwe Suid-Afrikaanse boek *My Own Private Orchestra*, deur dramaturg Ian Fraser.**




*My Own Private Orchestra* is Fraser se verslag van sy tyd as 'n slaansak in diens van die SA Weermag. Dis 'n onbewoë verhaal van mishandeling, vertel in die styl van 'n vrye vloei van bewussyn, wat des te meer skokkend is oor die sondes wat dit uitbeeld. Die verhaal skets sy jeug van sy kinderdae as 'n vervreemde, vet seun wat troos gesoek het in kos en Dracula-flieke, tot sy ontdekking van dwelmmiddels en 'n flirtasie met selfmoord.

Ian Fraser is een van die nuwe stemme in die Suid-Afrikaanse teater. Satire is sy geliefkoosde medium en hy is waarskynlik veral bekend vir sy eenman-monoloë, wat hom die respek van sowel die kritici as die publiek besorg het. Hy het die Amstel-prys vir die Dramaturg van die Jaar gewen en sy toneelstukke is al wyd in Suid-Afrika opgevoer.

*My Own Private Orchestra*, uitgegee deur Penguin, is van 22 Julie by alle voorste boekwinkels te kry en kos R37.

**Intekenare kry Vrye Weekblad vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is ingesluit.**

**Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 24 intekenare kry Fraser se boek - so stuur dadelik 'n tjek of posorder aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newton 2113.**

Ja, ek wil graag die Fraser-boek hê.

Naam: ........................................

Adres en poskode: ........................................

........................................

........................................

Telefoonnommer: ........................................

❑ tuisaflewering


❑ per pos

vrye weekblad

# druk liewer jou propaganda



**ESMA ANDERSON** weeg die voor- en nadele van gedrukte en TV-advertensies op - en sy weet waar haar brood gebotter is




Só spreek Moschino jeans se advertensies sosiale probleme aan.

KOERANTE en tydskrifte kla hulle kry nie genoeg advertensies - hul lewensbloed - ná TV sy deel van die koek gevat het nie.

Adverteerders en advertensie-agentskappe sê gedrukte advertensies kan net nie met TV-advertensies meeding nie.

A, sê die gedrukte media, maar dis omdat julle sulke boring gedrukte advertensies maak. Hoekom kan julle nie ewe skeppend optree as met TV nie?


En, sê die koerante en tydskrifte, het julle nog nie gehoor van "mediasinergie" nie? Waar jy 'n TV-advertensie en 'n gedrukte advertensie met mekaar verbind en dan die invloed daarvan op 'n potensiële koper verskerp nie?

In moeilike tye, sê Belinda Vosloo, media-direkteur van die advertensiemaatskappy Jupiter Drawingroom, kies adverteerders die veilige opsie: TV. Meer mense, meer trefkrag.

Die teenargument is dat gedrukte advertensies soveel goedkoper is as TV én makliker en goedkoper is om te maak.

En was hulle nie so verbeeldingloos nie, het dit dalk ewe veel trefkrag gehad. Kyk maar na Absolut Vodka se advertensieveldtog in die VSA.

Graham De Lacy, kreatiewe direkteur van Lindsay Smithers, sê gedrukte advertensies is een van die swakker skakels in ons advertensiebedryf. "Te veel mense wat gedrukte advertensies maak, verstaan nie werklik die medium nie. Die idees is oudmodies. Ons sien nog heeltemal te veel van dieselfde vervelige ou ding: 'n foto of illustrasie bo, 'n onderskrif onderaan, teks daaronder ingegooi en 'n kenteken in die regter-onderste hoek."




**Diesel Jeans and Workwear: Nommer 9 in Diesel se "How to..." guides to successful living.**

En hier is Suid-Afrika beslis 'n bietjie agter die tyd. Europa en die VSA beleef juis die laaste paar jaar 'n oplewing van kreatiwiteit in gedrukte advertensies.

Dis amper asof die kreatiewe idees wat toenemend daar gesien word in bewegende beelde - rolprente, televisie en musiekvideo's - juis 'n nuwe inspuiting van inspirasie gegee het vir die statiese beelde waarop gedrukte advertensies staatmaak.

" 'n Mens sien soms goeie idees. Maar dis nie goed genoeg om 'n idee eenvoudig op papier te gooi nie. Die idees word nie ver genoeg gevoer nie," sê De Lacy. "Ons TV-advertensies is oor die algemeen goed, dalk omdat TV so 'n glansryke medium is en almal graag daarin werk."

Maar, sê De Lacy, konseptuele, arty-farty idees werk nie vir alle produkte nie.

"Jy moet in gedagte hou jy werk met 'n produk met 'n sekere persoonlikheid, 'n kliënt met sekere voorkeure en 'n teikenmark of verbruiker wat ook 'n sekere persoonlikheid en voorkeure het.

"Hoewel Absolut Vodka se advertensieveldtog briljant is, sal so 'n tipe benadering dalk nie vir Mercedes Benz werk nie. Ek dink die Mercedes Benz-advertensies is besonder goed, veral wat media-sinergie betref."

Veral die advertensies van die Mercedes wat by Chapman's Peak afgestort het, is 'n goeie voorbeeld van hoe TV- en gedrukte advertensies mekaar baie goed kan aanvul en versterk: as jy die gedrukte advertensie sien, draai die TV-advertensie in jou kop. Sanlam met sy babas, ISM met sy olifante en Hoëveld Stereo se "streelsagte keuse" maak ook goed gebruik van dié beginsel.

Maar hoe lyk sommige van dié nuwe kreatiewe gedrukte advertensies wat 'n lus vir die oog van Amerikaanse en Europese lesers is?

Kom ons begin maar by die bekendste - Benetton. Daar is al amper ▶



**Een van Hoëveld Stereo se gedrukte advertensies op die tema van "Die streelsagte keuse".**

te veel ophef gemaak van die Benetton-advertensies met hul skokkende beelde, maar feit bly: daar is bykans nie 'n siel wat nie van dié advertensies bewus is nie.

Benetton se veldtog was juis een van die mees sigbare veldtogte wat groot klem op die gedrukte media geplaas het: koerante, tydskrifte en advertensieborde.

Ander bekende name wat deesdae ook baie sterk klem lê op gedrukte advertensies, is Diesel Jeans and Workwear, Moschino jeans, Silhouette brilrame, Absolut Vodka, GAP slenterdrag en ontwerpers soos Calvin Klein en Jean-Paul Gaultier.

Baie van dié advertensies is konseptueel van aard en werk oor die algemeen met 'n sterk visuele beeld en baie min kopie.

VAN DIE INTERESSANTSTES is Diesel en Moschino. Albei dié advertensieveldtogte spreek, soos Benetton, sosiale probleme aan. Moschino se advertensies is op die man af: vier illustrasies met byskrifte oor onderwerpe soos oorbevolking, bejaardes, dwelmverslawing, rassisme en geweld. Soos met Benetton, is die jeans nooit te sien nie - net die handelsnaam in groot letters.

Diesel se advertensies kom in 'n hele reeks "Diesel 'how to...' guides to successful living for people interested in health and mental power". Die advertensies is gewoonlik baie sarkasties, maar ook tong in die kies en met 'n bonus daarby: jy sien elke keer 'n "cool dude" in sy Diesel-klere.

Van die beste Diesel-advertensies is die een oor hoe om stinkryk te word deur jou eie kerk en geloof te stig omdat duisende verdwaalde Amerikaners angstig wag om hulle geld vir jou te gee; en een oor hoe om sonbruin te raak in net agt minute: help net die gat in die osoonlaag vergroot, dit sal jou tyd spaar - en tyd is geld. Dan het jy meer tyd om geld te verdien en dit eindig met die woorde "Is there a better way to save the world?"

Dié Diesel-advertensies is dalk té omstrede vir 'n konserwatiewe Suid-Afrikaanse mark, maar daar is geen rede hoekom ons gedrukte advertensies nie meer waaghalsig en kreatief kan wees nie.

Daar is so half 'n houding in Suid-Afrika, wat sy TV-diens veel later as ander Westerse lande gekry het, dat jy nie geadverteer het as jy nie op TV geadverteer het nie. Vir advertensie-agentskappe is al die glamour in die maak van TV-advertensies.


Só gebeur dit dat heelparty adverteerders wat baie beter daaraan toe sou gewees het met 'n prikkelende gedrukte advertensie in 'n goed-gekiesde medium, honderdduisende rande ekstra op 'n minder doeltreffende TV-advertensie bestee.

Pleks dat hulle die intelligentste van alle media help om te oorleef en te groei... ■

# ABSOLUT UITSONDERLIK


**ABSOLUT** eenvoudig. Absolut treffend.

Die sukses van Absolut Vodka se advertensieveldtog in veral die VSA is een van die grootste suksesverhale in reklame. Meer nog, dit is 'n verhaal wat vertel hoe suksesvol die gedrukte media kan wees as dit goed benut word.




Toe Absolut Vodka in 1979 in die VSA bekend gestel is, het hulle maar 7 000 kiste per jaar verkoop. Maar binne 'n jaar neem die verkope sewevoudig toe en vandag word meer as 2 miljoen kiste per jaar aan die Amerikaners verkoop - die gewildste ingevoerde vodka in die VSA.

Sedert hul eerste advertensie is die konsep nog grootliks dieselfde: 'n prentjie van die bottel, kunstig versier of op een of ander manier verander of verwring en 'n kort en kragtige slagspreuk onderaan, waarvan die handelsnaam Absolut altyd een van die twee woorde is. Dit is al.





**HEEL BO: Die kunstenaar Kenny Scharf se advertensie.**

**BO: Tomas Esson, 'n Kubaanse kunstenaar wat nou in Miami Beach in die VSA woon, het dié advertensie ontwerp.**

Maar die hoeveelheid verskillende idees is verstommend: Daar was die bottel met 'n strikdas om ("Absolut Elegance"), die bottel in 'n vistenk ("Absolut Treasure"), die bottel in 'n pluiskeil ("Absolut Magic"), 'n inskrywing in 'n woordeboek ("Absolut Definition"), 'n lugfoto van terreinargitektuur wat 'n bottel Absolut Vodka vorm ("Absolut Landmark") en 'n bottel met 'n stralekrans bo-oor ("Absolut Perfection").

Selfs al is die advertensie ook hoe konseptueel, raak die naam Absolut Vodka en sekere kenmerke van die bottel nooit verlore nie. Toe Absolut bekende mode-ontwerpers gebruik het, is daar ook hierby gehou. Byvoorbeeld die skepping van die ontwerper Christian Francis Roth ("Absolut Roth"), waar die inskripsie op die bottel op die model se sykousbene gesuperponeer is.

**MAAR** Absolut het ook 'n draai gemaak by die fynere kunste. Kunstenaars soos Andy Warhol, Keith Haring en Kenny Scharf het in die middeltagtigerjare advertensies vir Absolut Vodka gemaak. Verlede jaar het Absolut 'n klomp jong kunstenaars in die VSA gebruik vir advertensies en bykans die redaksionele bladsye van sommige Amerikaanse kunstydskrifte oorgeneem vanweë die groot belangstelling wat die projek gewek het.




Maar die makers van Absolut Vodka, die Sweedse regering - Absolut Vodka is een van die genasionaliseerde bedrywe in dié land - hou 'n ferm hand oor die bemarking van hul produk. Hulle verkies die harde, geen tierlantyntjiesbeeld van die produk. Juis daarom het hulle 'n handleiding van meer as honderd bladsye vir die bemarking en advertering daarvan saamgestel. Alles, van verkooppunt-tegnieke, krat-ontwerpe en hoe die advertensies ontwerp moet word, word uiteengesit - daar is selfs reëls oor die grafika, tipografie en kleurkodering.





KHABA MKHIZE vertel van sy bemiddelaarsrol in Holland

# stuur die boere holland toe!

DIS moeilik om die skoonheid van Holland in 'n paar woorde te beskryf. Lesers moet dus hul verbeelding gebruik as ek sê Nederland is God se eie land.

Laat ek sommer dadelik bieg oor die sonde wat ek laasweek daar gepleeg het. Ek kon myself nie help nie en het 'n ambassadeur-sondermandaat geword toe ek 'n oudiënsie met die hoof van Nederland se Afrika-direktoraat, ene Froger, gegun is.

"Jy sien, Mijnheer Froger, ek hou julle mense verantwoordelik vir apartheid. Holland het apartheid in 1652 na Suid-Afrika uitgevoer. Wat julle toe losgelaat het, moet julle nou terugvat."

Froger se oë peul uit en hy is nog op soek na 'n diplomatiese antwoord, toe vuur ek nóg 'n vraag af: "Sê my, as ek in Holland wil kom bly, sal julle 'n probleem daarmee hê? Ek vra maar net, want 'n maat van my tuisdorp, Darius Dhlomo, is deesdae 'n burger van jou land."

Dhlomo het Suid-Afrika dertig jaar gelede verlaat toe hy 'n top-sokkerspeler was. Hy was die eerste swartman wat professionele sokker in Nederland gespeel het, en die eerste swartman wat 'n stadsraadslid geword het. Vandag is hy 'n burger met 'n Hollandse vrou.

Froger onthou gou wie Darius is, en knik sy kop: daar sal g'n probleem wees as ek 'n burger wil word nie. "Ons het baie swartmense van Suriname wat volle burgerskap in Holland geniet," verseker hy my.

Maar dan, sê ek, sal jou regering seker ook geen probleem daarmee hê om 'n "Operasie Terugkeer Huistoe" moontlik te maak nie - ek bedoel nou 'n wet wat al die regses wat nie saam met ons in Suid-Afrika wil bly nie, sal toelaat om terug te gaan Holland toe.

Froger raak skrikkerig. "Maar ek dink nie ons wil hulle hê nie..." Ek knip hom kort: "Maar hulle is julle verantwoordelikheid; jy kan nie vir my en Darius en die Suriname aanvaar en dan wit-op-wit-diskriminasie toepas nie."

Die antwoord is diplomaties. "Ons het nie 'n baie groot land nie; daar is 15 miljoen van ons wat 'n klein landjie deel..."

Maar hierdie kamma-ambassadeur het ook sy huiswerk gedoen. "Hollanders is meesters van die wetenskap om grond van die see te herwin. Teen 1972 het julle al 410 000 akkers herwin en gedroog."

Ek wys hom daarop dat Holland mooi eilande het wat nie bewoon word nie en net deur toeriste besoek word. Sou dit nou nie 'n goeie en praktiese idee wees om dié eilande om te skep in eksklusiewe, swartlose Volkstaat-boeredomme nie?

EEN VAN MY gashere, Ruud Bosgraaf, kom tot Mijnheer Froger se redding: "Maar wil dié kêrels terugkom?"

Dis tog hulle werklike tuisland, sê ek.

My ge-lobby, voel ek in my murg, is enige tyd beter as Henry Kissinger op sy beste. Hier is ek in Den Haag en ek is op Roots-speak!

"Kyk, Mijnheer Froger en Mijnheer Bosgraaf, ons by die huis is siek en sat van die storm oor die ongelukkige kreet 'kill a Boer, kill a farmer'. Dié leë slagkreet, wat mense verguis wat apartheid koester, sal sekerlik verdwyn as ons agterbly met dié wat ons land met ons swartmense wil deel."

Dit lyk of Froger hiervan hou, en hy vra 'n belangrike vraag: "Hoe sal jy weet hulle sal inwillig om Holland toe te kom?"

Ek sal huistoe gaan, sê ek, en 'n petisie opstel wat almal moet teken wat die "Vaderland" wil verlaat en terugkeer na die ware "Moederland". In die aanhef sal ek 'n wortel laat hang soos "Holland spog met 'n fantastiese klimaat vir skaapboerdery. En daar is baie water - boere sal nooit onder 'n droogte hoef te ly of selfs windpompe hoef op te rig nie. Daar is meer waterkanale as wat daar strate in Ventersdorp of Boksburg is."

Die taal sal geen probleem wees nie, want Afrikaans is mos maar eintlik die fanagalô van Hollands.

Gratis vervoer sal nog 'n aansporing wees. Ek het invloedryke kontakte in die VVO en die Gemenebes wat sekerlik skepe sal skenk om die vergete ballinge te vervoer. Holland kan ook help met 'n paar skepe, asook Noorweë en Kanada.

Swart Cosag-lede wat ook lus is om hulle by die baasskap aan te sluit, kan hul eie eiland kry. Ek het dit ook met Froger onderhandel. En dié eilande is nie Robbeneiland nie; dis wonderskone eilande.

Vir al dié voorbereidingswerk verwag ek geen konsultantfooi nie. Ek het maar net 'n patriotiese daad verrig as 'n Suid-Afrikaner in die buiteland. Die petisie wag op jou naam as jy lus is vir die Groot Trekskip!

Met die melodrama by die Wêreldhandelsentrum nou die dag, dink jy nie ook die Holland-opsie behoort bespreek te word nie? ■

(Khaba Mkhize is assistent-redakteur van *The Natal Witness*.)



'n Bom het dié gat in die muur van die Red Sea Hotel in Massawa geruk
foto's: Sheila Gastrow.

# 'n nasie met 'n obsessie

## Uiteindelik 'n suksesstorie in Afrika - en vele lesse vir Suid-Afrika

deur dan connell

KABINETSMINISTERS en 'n weermag wat nie salarisse trek nie? 'n Land waar 'n halfdosyn verkiesings binne 'n jaar gehou word net om mense van die demokrasie te leer? Waar daar byna geen misdaad is nie en waar vroue 'n sentrale rol in beleidmaking speel?

Dit is amper te goed om waar te wees. En tog is dit wat in Afrika se jongste nasie, Eritrea, gebeur. Met 'n bietjie hulp kan dit die vasteland se eerste ware suksesverhaal word - want in Afrika was daar nog nie 'n nasie met so 'n obsessie met rekonstruksie, versoening en groei nie.

Die betwiste Rooi See-gebied het in laat-Mei Afrika se jongste onafhanklike staat geword ná 'n referendum in April wat deur die VVO gemoniteer is. In dié referendum het 99,9 persent van die kiesers - 'n merkwaardig uiteenlopende etniese en godsdienstige mengsel - gestem vir afskeiding van Ethiopië. Die eensgesindheid wat in die referendum openbaar is, is een van Eritrea se grootste bates noudat dit by die internasionale gemeenskap aansluit.

Die Eritreërs het die sterkste en bes toegeruste leërs verslaan wat nog ooit in swart Afrika op die been gebring is, al moes hulle hoofsaaklik veg met wapens wat hulle gebuit het en oorleef deur skenkings van hul diaspora versprei deur Noord-Amerika, Europa en die Midde-Ooste. Nou wil hulle hul land - deur oorlog en droogte verwoes - weer opbou, selfvoorsienend word wat basiese kosvoorrade betref en 'n middelpunt van ekonomiese bedrywighede in dié wêrelddeel word. Die kanse is goed dat hulle daarin sal slaag.

Terwyl Eritrea se bure - Somalië, Soedan, Djibouti en Ethiopië - worstel met hardnekkige vorms van etniese en godsdienstige ekstremisme, bring dié land Christene en Moslems uit nege etniese groepe byeen in 'n oorspronklike eksperiment in kulturele en politieke pluralisme.

Eritrese onafhanklikheidsmagte het 'n bloedige oorlog van dertig jaar teen opeenvolgende Amerikaans- en Sowjet-gesteunde Ethiopiese regimes geveg nadat Ethiopië die voormalige Italiaanse kolonie in die vroeë sestigerjare geannekseer het. Die Eritreërs het die Ethiopiese weermag in Mei 1991 uitgejaag en toe die Ethiopiese opposisiemagte gehelp om die regering in Addis Ababa tot 'n val te bring. Nadat die twee bevrydingsbewegings beheer oor hul onderskeie hoofstede geneem het, het hulle 'n pakt gesluit wat gelei het tot 'n referendum oor Eritrea se toekoms ná 'n oorgangsperiode van twee jaar.

Die belangrikheid van dié plebisiet lê minder in die voorspelbare uitslag as in die presedent wat dit vir populêre deelname in verkiesings daargestel het.

Die oorgangsregering het onderneem om 'n grondwetgewende vergadering byeen te roep om 'n grondwet te skryf voordat nasionale veelparty-verkiesings gehou word, maar hulle wil nie 'n vaste tydtafel neerlê nie.

"Ons het die taak om die demokrasie te institusionaliseer in ons land," sê Isaias Afwerki, Eritrea se president. "As ons 'n lewensvatbare demokrasie wil hê, moet ons die regte instellings



**Die beendere van Ethiopiese soldate wat deur die Mengisto-regime om die lewe gebring is, lê nog in Massawa. Dit was vermoedelik offisiere wat in die middel-tagtigerjare gemuit het.**

skep en die soewereiniteit van die reg waarborg.

"Dit is noodsaaklik dat dié proses 'n deelnemende een moet wees - en dit kos tyd. Ons kan nie ter wille van 'n goeie openbare beeld 'n verklaring oor die tydtafel uitreik nie. Maar dit is bloot 'n tegniese kwessie. Daar is geen versteekte agendas nie."

VOOR DIE REFERENDUM het die regering landwyd verkiesings op plaaslike vlak gehou. Van dié verkiesings is met tussenposes van drie maande herhaal in 'n poging om burgers te skool in die uitbring van hul demokratiese reg. Dié verkiesings was per geheime stembrief en die mededinging was warm, maar dit was 'n verkiesing net vir individue. Die oorgangsregering gaan verkiesings tussen mededingende partye in die toekoms toelaat, maar met beperkings en ná die verloop van 'n uitgebreide ontwikkelingsproses.

"Ons sien geen alternatief vir 'n veelpartystelsel nie," sê Isaias. "Die vraag is hoe dit geformuleer moet word."

Die 42-jarige voormalige guerrillaleier sê die regering gaan waarskynlik partye verbied wat ontstaan het uit dié faksies wat teen die Eritrese Bevrydingsfront geveg het toe hulle teen die Ethiopiese weermag oorlog gemaak het. Partye wat bloot op etniese of godsdienstige grondslag gevestig is, sal waarskynlik ook verbied word, en buitelandse befondsing vir partye gaan nie toegelaat word nie.

Intussen is die land volstoom besig om die infrastruktuur te herbou ná die oorlogskade, en om die droogte-geteisterde landelike ekonomie te laat herleef.

"In dié oorgangsperiode het ons veral 'n obsessie met herstel en rehabilitasie," sê Haile Woldetensai, minister van Ekonomiese



**Die wrakke van tenks in Massawa.**



**Dié moskee in Massawa is heeltemal verwoes in die oorlog**

Ontwikkeling en Samewerking. "Die eerste ding wat ons wil regstel, is dat die meeste van ons mense van voedselhulp afhanklik is."

Die ganse bevrydingsleër van 110 000 mans en vroue, die president inkluis, werk al sedert die einde van die oorlog sonder enige vergoeding in 'n poging om nasionale rekonstruksie aan te help. Maar dit gaan waarskynlik nie baie langer duur nie. In Mei vanjaar het van die leëreenhede die lughawe en sekere regeringsgeboue in 'n vreedsame protesaksie beset en lone geëis. Hulle is tevrede uitmekaar nadat die president belowe het hulle gaan binnekort begin salarisse kry.

In 'n land waar daar nie juis kontant is nie, word noodskenkings ook gebruik om grootskeepse kos-vir-werk-projekte te ondersteun, en duisende Eritreërs word opgeroep om tot twee jaar lank diensplig te doen.

Die meeste van die land se karige hulpbronne word aangewend om klein produsente by te staan. Dit is in skrille kontras met die gewone Derde Wêreldse klem op duur en groot ondernemings wat die stedelike en uitvoermarkte bedien.

Verlede jaar, sê Tesfai Ghermazien, hoof van die department van Landbou, is terasse op meer as 40 000 km heuwels gebou om gronderosie te keer; is 22 miljoen nuwe bome geplant; 15 damme gebou en duisende kilometers grondpaaie reggemaak. Die eerste goeie reën in 'n dekade het Eritreërs gehelp om die vorige jaar se oeste te vervierdubbel.


Die EPLF-oorgangsregering het binne twee jaar met bittermin hulpbronne 'n nasionale raamwerk vir 'n staatsdiens geskep, 'n hele aantal hospitale gebou en dokters en verpleegsters aangestel, skole in elke streek gevestig, 'n polisiemag en 'n stelsel van plaaslike howe daargestel en selfs 'n universiteit begin.

REGDEUR HUL 30-JARIGE vryheidsoorlog teen Ethiopië was die Eritreërs politieke rebelle. Hulle het geweier om hulle te laat inpas in koue oorlog-alliansies en hul bittere vryheidstryd met min hulp van buite gevoer. Noudat hulle 'n dapper poging begin om 'n ná-oorlogse demokrasie op hul eie voorwaardes te vestig, vind hulle dat die groot moondhede - veral die VSA - so huiwerig soos altyd is om 'n nasie te steun wat hulle nie kan beheer nie.


Hoewel Westerse diplomate die Eritreërs loof vir hul harde werk en die duidelike gebrek aan korrupsie, bly die noodsaaklike steun vir die heropbou van 'n verwoeste land maar 'n straaltjie. Amerika het verlede jaar alle ontwikkelingshulp gestaak nadat samesprekings oor ingewikkelde, vernederende "conditionalities" misluk het. Vir 1993 is net ses miljoen dollar belowe, en niks vir 1994 nie.

Dié gebrek aan buitelandse hulp is gevaarlik. Die demokrasie kan nie in 'n struktureel onstabiele omgewing wortel skiet en blom nie. As die nuwe regering aan die ekonomiese front struikel, veral met die hoë verwagtinge wat Eritreërs na die oorlog het, is daar min twyfel dat ekstremiste etniese en godsdienstige swakplekke sal misbruik om dié ongewone eksperiment met sekulêre demokrasie en sosiale regverdigheid te ondermyn. - © *In These Times*, Chicago.

(Dan Connell is skrywer van 'n nuwe boek, *Against All Odds: a Chronicle of the Eritrean Revolution.* Red Sea Press.)



Sandklip op sy beste vertoon: die pilare van die Raadsaal, Bloemfontein, is van sandklip, die binnemure van rooibaksteen. Dis in 1892 gebou.



Die noordwestelike aansig van die stadsaal van Harrismith wys hoe indrukwekkend sandklip saam met rooibaksteen gebruik kan word

foto's: Dept. Boukunde, Universiteit Pretoria

# daar's goud in daardie koppies

deur martie meiring

## waarom is vandag se bouers so bang vir dié skoonheid?



Die NG Kerk op Rosendal - majesteitlik Neo-Goties.



Pastorie, Rosendal.




Die argitek Albrecht Holm maak weer gebruik van sandklip.

IS ons bang om met sandklip te bou? Dié mooi en bekombare materiaal het binne sewentig jaar amper in onbruik gekom. Dis tyd dat ons wéér na sandklip kyk.

Transvalers praat van sandsteen, deftig en geërf van die Hollanders wat 'n eeu gelede 'n styl kom aangee het. Vrystaters praat van sandklip - aards en volks, soos wat hulle gebruik gemaak het van die "goud" uit die koppies.

Die Basoeto het die klip al goed geken as ngoia, en hulle het korbeelhuisies daarvan gebou. In 1845 het die Lutherane 'n kerkie in Bethanië gebou en die fatale flater begaan om die klip as fondament sowel as buiteklip te gebuik.

Een ding wat sandklip nie soek nie, is vog. Die Bethaniese kerkie het dus maar gou verkrummel - en so ook 'n mite laat ontstaan dat die klip nie lank gaan hou nie.

Maar ander moediges het ook agtergekom die klip wil droog wees, hy werk goed as hy beskerm word (deur lyste of loodbeskerming) teen die reën en hy werk nóg beter as hy binne gebruik word - soos vir pilare en vuurherde en trappe.

Albrecht Holm, argitek en restoureerder, meen soos baie ander argitekte dat sandklip wéér gebruik moet word. Dis verkrygbaar, dis mooi en vandag weet mense baie beter as tevore hoe om die klip te bewerk en hoe om dit te beskerm.

DAAR'S HOOFSAAKLIK twee soorte klip: die Holkranssandklip is gewaaide sand wat gekompakteer het en kleiagtig en fyner is as die Ecca-sandklip, wat van gespoelde sand gevorm het en silika geword het - wat sterker is en langer hou.

In dié eeu het sandklip in sowel die Vrystaat as Transvaal sy gewildheid verloor, hoofsaaklik omdat dit so arbeidsintensief was en dit begin lyk het of die lewensduurte nie vir ewig is nie. (Tog het Pretoria in 1900 meer klipkappers gehad as enige ander stad ter wêreld.)


Sir Herbert Baker het ook sandklip in die Uniegebou gebruik en op Westminster 'n merkwaardige huis ontwerp. Maar later jare het lugbesoedeling die klip beskadig. Klip wat geverf of verseël is, het gou verkrummel juis omdat dit die vog inhou. Maar as klip onder hoë waterdruk so elke twintig jaar skoongemaak word, is die kanse goed dat dit wel feitlik "vir ewig" kan duur.

Sommige mense het die verkeerde indruk dat die pragtige kerke en sandkliphuise in veral die Vrystaat 'n eie Suid-Afrikaanse styl is. Dis eintlik Neo-Goties en steun sterk op Victoriaanse en Eduardiaanse style. Argitekte soos Rohde en Witte, wat ook boukontrakteurs was, die firma Till en Till (wat die grootste sandklipkerk, in Warden, gebou het) en Richard Wocke het baie beslis die Europese styl nagestreef. Sandklip is wit as hy gekap word, maar kry gou sy warm goudbruin kleur in die son. Holm glo dat die "probleem" met sandklip juis nou 'n bate kan word. As dit so arbeidsintensief is, hoekom nie weer daarmee begin werk en méér mense kans gee om te werk nie? Buitendien, meen hy, in die Vrystaat is sandklip maklik te kry, hoef dit nie oor groot afstande vervoer te word nie, en kan dit dus weer aangewend word vir sowel huishoudelike as openbare geboue.



Die tradisie van die klipkapper: om sy "kode" in die klip te kap. (Foto's: Albrecht Holm)

Klip moet reggekap word. Daarom dat baie klipkappers hul name in kodes op klippe kap sodat die kontrakteur kan sien wie't reg gekap en wie nie. Maar dis ook 'n familietrots omdat klipkap alte dikwels 'n familievak word. Holm sê daar is nog baie klipkappers wat stam uit die dae toe die legendariese Franz Ferdinand, 'n Kreool, hier kom kap het en Lesotho sowel as die Vrystaat beïndruk het. ■





*Carbon black & old brown*, koperplaatets en droëpunt deur Dominic Thorburn, wenner van die eerste prys. Die toekenning word só verantwoord in die katalogus: "The environmental point of departure of this work places it in the centre of current trends. This skilled etched and drypoint work in carbon black ink portrays the carbon factory as an environmental hazard. Comments on the ecological victimization and pollution of first world countries on third world countries are made about this European-owned factory that produces tyres. This is a monumental work both in technique and content."


# 'n gevoel van broeiende selfondersoek

deur johannes bruwer

## kyk jong suid-afrikaanse kunstenaars nou na binne, eerder as na buite?



*Of local rivers*, olieverf op houtpaneel deur Kevin Roberts.



*The men's club*, fotografiese werk deur Adam Letch.




*Soen my tamaties*, olieverf op doek deur Tertia de Klerk.

MET watter onderwerpe hou die jong geslag Suid-Afrikaanse kunstenaars hulle in dié vloeibare oorgangstyd van politieke verandering besig? Te oordeel na die Volkskas Atelier-tentoonstelling in die Institute for Contemporary Arts in Johannesburg - beperk tot kunstenaars onder 35 jaar - is die aandag nie so sterk soos in die tagtigerjare toegespits op politieke en maatskaplike kwessies nie.

Die klem is eerder - soos Lize Hugo, waarnemende nasionale vise-president van die SA Kunsvereniging, ook in die katalogus uitwys - op introspeksie en persoonlike stellings. Dis amper asof die jonges hulself en hul artistieke vermoëns verken, eerder as om meegevoer te raak deur die woelige wêreld om hulle.

Of die tentoonstelling verteenwoordigend is van jong Suid-Afrikaners se kollektiewe bewussyn is egter onseker. Opvallend is die volslae oorheersing vanjaar van wit kunstenaars.

Die kunswerk as kritiese kommentaar op die samelewing is nie heeltemal afwesig nie: die wenner, Dominic Thorburn, se *Carbon black & old brown* (koperplaatets en droënaald) kap byvoorbeeld 'n motorbandfabriek in die Oos-Kaap wat die lug vol rook en roet pomp. (Ironies laat die fyn teksture waarmee die borrelende rookwolke in dié tegnies vaardige en subtiele werk uitgebeeld word, besoedeling amper mooi lyk.)

Hier en daar is ook ander "maatskaplik betrokke" werke. Die merietepryswenner Diek Grobler se triptiek *Myths and legends from the promised land* (krapbord) - geskoei op die tradisionele "historiese tablo", maar gevul met bewuste banaliteite - steek wulps die draak met konserwatiewe benepenheid en seksuele repressie.

Wayne Barker lewer satiriese kommentaar op rassisme met sy kitsch *Slave Painting, Slave sculpture*, en op die Suid-Afrikaanse geskiedenis met sy nog kitscher altaar-van-gevonde-voorwerpe *De Hoop*.

Kendell Geers vang iets van die geweldstemming in die land vas met sy *Revolution Painting*, waarin die sirkel van byle ook 'n visuele woordspeling van die titel maak.


Veronique Malherbe se makabere hangrak met toegesluite plastieksakke wat lyk of hulle koppe bevat, *Culpae Incapax (Not accountable)*, verwys na die minagting van menselewens deur politieke moordenaars op vele vlakke in Suid-Afrika.

Jonathan Isserow maak met sy beeld *Narcissist* 'n bespotting van die despoot (die mannetjie op die kantelende pedestaal wat 'n Hitler-saluut gee, herinner aan 'n bekende voormalige plaaslike diktator).


Enkele ander werke verken temas soos die ekologie (o.m. Greg Schultz se vreemd eiesoortige skildery in die Gaia-kader, *Nishikigoi harmony*) en die vroulike identiteit (o.m. Tertia de Klerk se heerlik stuitige skildery *Soen my tamaties*, Tracey Veronica Payne se effens afskrikwekkende *Judith and Holofernes*, en Malherbe se surrealistiese vertoonkas *Your dream is my nightmare*, waarin hande kombuisinstrumente soos martelinstrumente vasklou).

Die Volkskas Bank Atelier-tentoonstelling, geadministreer deur die SA Kunsvereniging, is 'n jaarlikse gebeurtenis waarop die gekeurde werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars onder 35 jaar vertoon word. Vyf pryse word toegeken. Die wenner ontvang R20 000, plus 'n retoervliegkaartjie na Parys, waar die prysgeld deur die kunstenaar gebruik moet word vir 'n verblyf van minstens ses maande in die SA Kunsvereniging se woonstel in die Cité International Des Arts. Vier merietepryse van R2 000 elk word ook toegeken.

Die wenner vanjaar is Dominic Thorburn, en die merietepryswenners is Siemon Allen, Diek Grobler, Adam Letch en Russel Scott.



**What would you do if, beeldhouwerk in gemengde media deur Russel Scott, merietepryswenner.**



**Great expectations, gemengde media deur Naomi Faber.**

Maar oor die algemeen vier die "betrokke" en "polities korrekte" tematiek nie hoogty op die tentoonstelling nie. Broeiende, emosionele uitdrukkings oorheers - meestal nie vreugdevol nie, maar vaagweg onrustig.

Dié onrus strek van die amper neuroties selfbewuste aanslag van Janine Allen se skilderye van verskrikte naakfigure (*Polka Masurka* en *My gaze hits the side of nobody*) tot die somber uitbeelding van skuldgevoelens (seksueel of polities?) in Marianna Susan Booyens se onrustige skildery *Die verantwoordelikheid*; tot 'n gevoel van persoonlike isolasie en vervreemding in Antoinette de Waal se skildery *Uitsluiting (verwerping)*, met die opgekrulde fetusse in vakkies.

Persoonlike introspeksie en 'n gevoel van magteloosheid in 'n bedreigende omgewing kom ook na vore in Marc Edwards se treffende beeldhouwerk *Moulding this journey*, wat vorentoe kantel met die neus teen die muur ('n spel met swaartekrag wat dalk effens oordryf word deur die "meulsteun" om die nek) en Cameron Voyile Voyiya se twee linosneë *Shadows in suburbs of my mind II en IV*.

'N BOEIENDE RIGTING is die vernuwende verkenning van fotografiese tegnieke. Veral die merietepryswenner Adam Letch se gebruik van argetipiese beelde (visse om fallusse te suggereer, ens), dubbelsinnige spel met manlike en vroulike seksualiteit, digterlike gebruik van lig en skadu, en aanwending van emulsie met 'n kwas om ekspressiewe teksture te bekom, is imposant in werke soos *The men's club*, *The fall* en *The bearer of fish*.

Beeldhouwerk staan nie sterk op die tentoonstelling nie. Hoogtepunte is Edwards se genoemde werk en veral die merietepryswenner Russel Scott se spel met die uitgeholde boomstam as sarkofaag, *What would you do if*. Dit sluit aan by Jackson Hlungwani se werk, maar toon 'n meer klinies intellektuele benadering met die gebruik van verbale woordspelings.

'n Soms lastige post-modernistiese neiging is die samevoeging van 'n reeks gevonde voorwerpe in 'n soort visuele teater. Word dit beheers en verantwoord gedoen, kan dit uiters doeltreffend en suggestief wees, soos Anton Karstel se verseëlde glaskas *Detached desires*, wat die Pretoriase Kunsmuseum parodieer.

Maar heelparty Suid-Afrikaanse kunstenaars neig om dit te oordryf tot 'n absurde samekoeking van objekte wat in kitsch verval - soos Wayne Barker se "rituele altaar" *De Hoop*, Johan Coetzer se *African Time*, Johan Wessels se *Ikoon vir die droogte* en Naomi Faber se afgryslik oordadige "dekorstelle" *Icarus and Echo in (un)fixed flight* en *Great Expectations*. Laasgenoemde lyk nogal soos Miss Haversham se mufferige kamer vol dooie herinneringe in Dickens se boek *Great Expectations*.

Sulke werke laat mens die gestroopte eenvoud waardeer van Joachim Schönfeldt se reeks *Curios & authentic works of art*, en effens verlang na die minimalisme van die jong Belinda Blignault, wat pas haar tentoonstelling *Antibody* in die Everard Read Kunssaal vir Eietydse kuns gehou het.

● 'n Debat oor die status van Suid-Afrikaanse kunswedstryde word om 7 nm op Donderdag 22 Julie in die ICA aangebied. Die tentoonstelling duur tot 25 Julie.

# ’n groot wit hoop keer terug

## Tog nie nog ’n nuwe Groot Wit Hoop nie? Nee, net ’n oue wat ’n comeback maak.



**THINUS HORN** kyk na die ‘nuwe’ **Johnny du Plooy** se kanse

Dis nie maklik om die Groot Wit Hoop van die oomblik te wees nie. Vra maar vir Johnny du Plooy. Hy was ’n belowende amateur, maar beslis nie in Gerrie Coetzee of selfs Kallie Knoetze se klas nie. Toe hy vir geld begin boks, was die pers - en die bokspubliek - nietemin dadelik gaande.

Hulle het meer verwag as wat Johnny kon gee. Hy kon amper nie anders as om hulle teleur te stel nie. En hy het.

Sy loopbaan het twee jaar gelede ’n laagtepunt bereik toe hy in die eerste ronde deur Corrie Sanders uitgeslaan is. Hy't gewonder of boks nog die moeite werd was. Die antwoord was nee.

Baie dinge het intussen verander. Nou's Johnny terug, 10 kilogram ligter en lus vir baklei. Samson Mahlangu moes dit verlede maand in die Superbowl by Sun City ontgeld, toe Johnny hom in die sesde ronde uitgeslaan het.

Soos ’n mens seker maar moes verwag ná twee jaar se rus, was Johnny se tydsberekening nie te waffers nie. Mahlangu was voor op punte toe hy hom in een van Johnny se beroemde linkerhaakhoue vasloop, en besluit: genoeg.

Coetzee, wat self binnekort weer boks en tussendeur sy lyf promotor hou, was beïndruk. Hy vat binnekort vir Johnny saam Amerika toe, waar groter geld wink. Hy meen die Yanks gaan net so baie van Johnny hou soos die Suid-Afrikaanse bokspubliek.

Op sy beste was Johnny baie gewilder as Brian Mitchell, die suksesvolste bokser wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Hoekom?

“Dis omdat ek ’n stoute outjie is,” raai Johnny.

Dalk. Boks is vermaak, en boksers ding met pop- en rolprentsterre mee om ’n plekkie in die kalklig. ’n Wilde ou wat vir *The Star* se fotograaf ’n middelvinger gooi en met “warm” motorfietse op Tarlton jaag, gaan altyd ’n groter indruk maak as iemand wat ’n preek afsteek wanneer hy ’n mikrofoon sien. Vra maar vir Brian.

En dan lyk Johnny ook nogal soos ’n rolprentster.

In die kryt het hy net een groot bate, en dit is die een wat boksgeesdrif-tiges wil sien: ’n Uitklophou.

Mike Weaver sê niemand het hom nog harder geslaan as Johnny nie, en almal weet Weaver het al ’n paar lelike houe teen die kop weg.

Niemand hou van punte-beslissings nie. Kyk maar na die onbevredigende uitslae wat Dingaan Thobela se twee gevegte teen Tony Lopez opgelewer het.

Wanneer Johnny deur die toue klim, weet ’n mens: Iemand gaan bly lê.

Maar daar was ook ander redes vir Johnny se gewildheid: Hy's ’n swaargewig, en hy's wit.

Nie-rassigheid is ’n buzzword wat nie maklik in die bokswêreld sal posvat nie. Hulle hou nog daarvan om te sien hoe ’n swart ou en ’n witte mekaar foeter, en wit swaargewigte is maar skaars.

Vraag: Wat is die verskil tussen Halley se Komeet en ’n goeie wit swaargewig? Antwoord: Die komeet sien ’n mens darem so elke dan en wan.



Die enigste noemenswaardige wit swaargewig wat die wêreld sedert Rocky Marciano opgelewer het, was sy naamgenoot uit die rolprentwêreld, Rocky Balboa. (Sylvester Stallone het darem vir jou 'n vrugbare verbeelding. In *Rocky V* maak hy selfs van Tommy Morrison 'n kampioen).

Coetzee het nou wel 'n deel van die swaargewigkroon gewen, maar nooit teen die beste bokser van sy tydvak, Larry Holmes, geboks nie.

Ná Gerrie se lelike loesings teen Greg Page en Frank Bruno was die Suid-Afrikaanse bokspubliek reg vir 'n nuwe held. Johnny was hulle man.

Pierre Coetzer het terselfdertyd begin opgang maak, maar Johnny het die skares gelok. Pierre was toegewyd en superfiks. Johnny was opwindend - en lui.

"Ja, ek steek 'n bietjie lyf weg," erken hy met 'n laggie. "Ek sal nie maklik meer oefen as wat ek hoef nie."

Eerder minder, sê die mense wat weet. Selfs voor sy geveg teen Francesco Damiani om die Wêreld-Boksorganisasie (WBO) se titel het hy homself nou nie eintlik ooreis nie.

Hy is uitgeslaan (surprise, surprise) en ná nog twee uitklopnederlae - teen Coetzer en Sanders - was sy loopbaan verby.

Maar soos Holmes, George Foreman, Sugar Ray Leonard en tientalle ander boksers het hy gou begin rusteloos raak. Hy droom nog van die wêreldkroon, maar dis nie waarom hy weer baklei nie.

"Dis vir geld," sê hy.

Teen Coetzer het hy 'n koel halfmiljoen verdien. Maar selfs dit kon nie vir ewig hou nie - nie as 'n man 'n voorliefde vir vinnige motorfietse en duur Duitse motors het nie.

Nou's hy terug vir geld - maar dis ook nie net vir geld nie.

"Ek's vir niemand bang nie," sê hy, en verklap dalk 'n ietsie meer as wat hy wou. Nee, sê hy, ook nie vir Sanders of Coetzer nie.

"Ek was nie reg toe ek hulle baklei het nie. Ek sal hulle vat. Enige dag."

Sy afrigter, Willie Lock, is soos Johnny 'n man van min woorde. Maar o, so goed gekies: "Hy sal vir hulle bliksem. Die hele spul van hulle."

Johnny lyk wraggies goed. Daar is wel nog tekens van 'n sagte midderif, maar dit het Riddick Bowe nie verhinder om Evander Holyfield - spierberge en al - lelik te karnuffel nie.

Sy tydsberekening sal ook weer regkom. En onthou: Johnny is maar net 28. Swaargewigte is veronderstel om eers op 30 hul toppunt te bereik. Hy't ook meer talent as wat sy middelmatige vertoningslys 'n mens sou wysmaak. En daardie uitklophou...

Johnny kan ook 'n hou vat. Die vraag is net, wil hy? Ten minste drie van sy gevegte het 'n mens nogal laat wonder: sy eerste teen Mike Weaver; teen Reynaldo Snipes en teen Damiani.

Weaver het hom ses rondes lank met skitterende reguitlinkers getreiter. Met die klok vir die sewende bly Johnny in sy hoek sit. Seer hande, sê hy.

Selfde storie teen Snipes, behalwe dat hy dié keer glo op soek was na 'n verlore mondskerm.

Toe hy teen Damiani eers behoorlik sy lê gekry het, was daar van opstaan min sprake - al het dit glad nie gelyk of die kampioen se houe groot skade aangerig het nie.

Dit het die land se boksskrywers darem vir jou lekker laat lostrek. Johnny is sag. Johnny is lui. Johnny is bang.

Maar aan sportskrywers steur hy hom gelukkig nie.

"Ag, laat hulle skryf wat hulle wil skryf. Wanneer hulle my klaar geknock het, klim hulle in hulle Toyotas, en ek klim in my Merc."

Toe gooi Johnny sy sak oor sy skouer. En klim in sy Merc. ■

# die afskuwelike era

*Editors under Fire*
Deur Harvey Tyson
Random House

**MARTIE MEIRING**

HOE heroïes - of arrogant - die redakteurs van die Suid-Afrikaanse perswese in die apartheidsjare was, sal seker meermale óf bevraagteken óf aangeprys word. Volgens Tyson, voormalige redakteur van *The Star*, se lang dokumentasie oor die (hoofsaaklik Engelse) redakteurs se stryd teen die monster apartheid en die naakte wraak van soveel dienaars van die stelsel, moet jy aflei dat verbale verset eintlik maar die groot wapen was van daardie tye. Heroïese optrede was eintlik nie moontlik nie, want die owerheid het maar ook net op swart redakteurs gepik vir eensame opsluiting. (Arrogant ja, dit is alle redakteurs maar te alle tye in elk geval)

Die boek staaf noukeurig die een vreeslike beperking op die ander wat die pers moes verduur in die poging om die apartheidbeleid te laat werk. Dis 'n verontrustende chronologie - omdat dit so maklik was om een wet op die ander te stapel om monde te snoer, kommentaar stil te maak en feite te verdoesel. Hoe magtig die owerheid was, laat rillings deur jou gaan as jy lees hoe ongelooflik snedig en seker van hulself baie van die burokrate was wat doodeenvoudig basiese vryhede kon inperk.




Tyson se verslag van die tye sou 'n baie tiperende element miskyk as hy nie van sy afranseling deur PW Botha, die boelie-president, vertel het nie. Feitlik elke redakteur (en baie ministers) het onder daardie blitsende oë en ongelooflik onbeskofde tong deurgeloop. "I don't like your face," het hy aan Tyson gesê en hom ook meegedeel dat hy 'n kind is - 'n houding wat Tyson dus aangeneem het en Botha se uitgestrekte hand met die groet geïgnoreer het!


Die jare van dirty tricks en die ondersoek en blootlegging van bv die Inligtingskandaal en later die PSB word natuurlik behandel. Ook o.m. *Vrye Weekblad* se leiding in die oopvlek van dié berugte spul nadat 'n "Deep Throat" deur *VWB* gevind is.

Tyson herroep ook die verstikkende "Stoffel"-jare, toe minister Stoffel Botha drakoniese maatreëls teen die pers ingestel het (en ook, natuurlik, 'n verhoogde registrasiefooi van *Vrye Weekblad* geëis het, nog voordat die blad kon publiseer!)

Ander redakteurs het al oor hierdie jare geskryf: Allister Sparks, Schalk Pienaar, Piet Cillié, Donald Woods, en nog baie meer sal ook skryf - maar Tyson se boek is tog 'n nuttige verwysingswerk na 'n afskuwelike verkragting van feitlik alle demokratiese regte. Hopelik 'n how not to run a country-handleiding, maar wie sal ooit leer? ■

## iets nuuts om te lees

**NEKLIS: JOLLIES EN SMARTIES SOOS UIT- EN INGERYG** deur PG Du Plessis. Kortverhale wat die spektrum van menswees ondersoek. Tafelberg. R34,95. Resensie volg.
**JUFFROU SOPHIA VLUG VORENTOE.** Berta Smit. Die roman, ingebed in die Suid-Afrikaanse politiek en die mens se verhouding tot God, is Smit se eerste in 22 jaar. Quellerie. Prys nie vermeld nie. Resensie volg.
**LEM.** PJ Haasbroek. Oor 'n staatsgreep, 'n burgeroorlog en mense verstrengel in gewelddadige verhoudinge. Human en Rousseau. R59,99. Resensie volg.
**DIE GRYS KOEDOE.** PG Hendriks. Die 14-jarige Niel en sy oom Daan onderneem 'n prospekteerreis deur die Kalahari. Daar kom hulle in aanraking met die onverklaarbare: die Groot Slang van die Augrabies se watergeweld, die Verlore Stad van die Kalahari en die legendariese Grys Koedoe. Die roman is meer as net 'n gewone avontuur-verhaal. Niel moet 'n filosofiese begrip vir die onverklaarbare ontwikkel, en verdraagsaamheid leer. Human en Rousseau. R34,99.
**DIE HADEDA WAT BANG WAS VIR DONDERSTORMS.** Veronika Klipp en Tamlyn Martin. Prettige kinderboek oor die beminlike Pieter die Hadeda, wat op 'n stormagtige aand vir sy vriendin Nellie wil besoek. Gecko Boeke. R19,99. Ook in Engels.




# gehawende idealis

*My Own Private Orchestra*
Deur Ian Fraser
Penguin

**WILLIAM PRETORIUS**


DIE komediant Ian Fraser se *My Own Private Orchestra* sal omstrede wees, wat jy ookal van die skrywer of die boek dink. Dis ongewoon vir iemand wat in Engels skryf om so reguit soos Fraser te praat oor sy kinderjare, sy militêre diensplig en sy begin in die teater. By Afrikaanse skrywers is dit egter 'n ander storie...


Fraser begin deur homself te omskryf as 'n "bedwetting, stuttering and nailbiting fat kid who then discovers at the age of twelve that he's adopted, and whose life rapidly turns to shit." Dit raak erger. Binne die vet kind veg 'n gewone kind desperaat om te ontsnap en selfvervulling te vind.

Fraser het troos gevind in die teater, flieke en boeke. Hulle was magies. In dié boek is hy egter daarop uit om sy kinderjare te demistifiseer en beskryf hy hoe hy petrol gesnuif het, gehallusineer het, dagga en alkohol probeer het, en seks as skoolseun ervaar het - "The words homosexual or queer are never mentioned. These are just the blind fumblings of lonely human beings obtaining whatever comforts they can." Later verloor hy sy maagdelikheid heteroseksueel met 'n vrou.

Die weermag-brutaliteit het hom met die werklikheid gekonfronteer: "No cinematic fade to black, just an awareness that sequentially, something is missing..." Hy is dikwels gefoeter, het geweld in homself en andere ontdek - iets wat hy verafsku. Hy is 'n gehawende idealis en in dié boek wat, skryf hy, 'n eie lewe aangeneem het, probeer hy sin vind in 'n vervreemde wêreld. Sy skryfwerk is self-ondersoekend: hy kan terugstaan en waarneem hoe hy homself in woorde konstrueer.

Sy boek kan, natuurlik, ook beskou word as behep met homself, maar dit is eerlik en, soms, onverwags. Wanneer hy beskryf hoe hy op nege-jarige ouderdom 'n Indiër-man in 'n ►




## dahmer en chikatilo:

# moord as liefdesdaad?

*The Shrine of Jeffrey Dahmer*. Brian Masters (Hodder & Stoughton). R79,95.
*Jeffrey Dahmer*. Joel Norris (Constable Paperback). Prys nie vermeld nie.
*Hunting the Devil*: Richard Lourie (HarperCollins) R35,23.

**WILLIAM PRETORIUS**

IN boeke word reeksmoordenaars óf verskoon as romantiese, eksistensiële helde óf begrawe onder waardelose pulp-sensasie. Hulle word ook uitgebeeld as buite menslike ervaring, monsters wat die rasionele logika te bowe gaan. Masters se boek oor Jeffrey Dahmer is dus te verwelkom: hy skryf met empatie en insig; 'n provokatiewe, verstandige analise.

Norris se boek, vinnig geskryf, is minder geslaag. Daar is egter nuwe inligting uit onderhoude met die transvestiet "Goldie" en 'n priester, Jean Paul Ranieri, wat albei met Dahmer bevriend geraak het in die gay kroeë. Dahmer kon sjarmant, vriendelik en oorredend wees, maar hy het ook 'n openbare beeld gehad as 'n met die Bybel behepte rassis.

Vreemd genoeg dra Norris sy boek op aan Dahmer se slagoffers, in werklikheid 'n ondersteunende rolverdeling van meestal swart jeugdiges wat vermoor, ná hul dood verkrag, afgeslag, in suur opgelos, in dreins afgespoel of kannibalisties geëet is. Dahmer is die ster - Norris beskryf hom as "handsome" - die eerste reeksmoordenaar wie se verhoor wyd gebeeldsaai is.

Reeksmoordenaars as ikone was antiklimakse ná Dahmer. Sy enigste mededinger in die media was die Russiese Ripper, Andrei Chikatilo, wat in *Hunting the Devil* in die kalklig kom, met meer as vyftig verkragte, verminkte en verorberde slagoffers. Met sy kaal geskeerde kop, uitpeulende oë en maniak-blik was hy 'n lewende stereotipe van afgryslikheid, alles waarvan uitgewers kon droom.

Reeksmoordenaars is groot besigheid. Norris se boek is die derde oor Dahmer. Westerse uitgewers het geskarrel om die eksklusiewe regte te verkry op die jag op Chikatilo. 'n Speurder in die saak, Victor Nurakov, is deur die boekverpakkers Rob en Webb Stone opgeraap. 'n New Yorkse literêre agent het die Russiese uitgewer Vitali Babenko opdrag gegee om geheime onderhoude met Chikatilo te voer. Viktor Bukhanovsky, 'n psigiater betrokke by die ondersoek, vra 250 000 dollar vir 'n onderhoud.

Lourie was kontraktueel verbind tot 'n verslag van hoofinspekteur Kostoev se jag op en vangs van Chikatilo. Sy moordenaar is dus 'n onmenslike monster, meestal sodat Kostoev as 'n vlekkelose held uitgebeeld kan word, selfs wanneer die jag ontaard in 'n perverse grand guignol komedie - Kostoev wens byvoorbeeld meer liggame word ontdek sodat hy op die spoor van sy prooi kan kom!

IN DIÉ NAARSTIGE stemming van eksklusiewe regte, aaklige onthullings en geldmakery is die afgryslikheid van die moorde belangriker as die motivering daarvoor. Sowel Masters as Norris probeer egter die vraag beantwoord: hoekom? Die hofsake het beslis geen antwoord verskaf nie. Die waarheid en die politiek meng nie altyd nie.

Gemoedere het hoog geloop in Milwaukee, waar Dahmer in 'n swart buurt gewoon en gemoor het. Die polisie moes Dahmer verskeie kere gevang het: hy is voorwaardelik vrygelaat ná kindermolestering, hulle het sy woonstel besoek. Maar toe Dahmer se slagoffers as vermis aangemeld is, het die polisie belangstelling verloor toe hulle hoor die vermiste mense is gay en swart.

Dahmer was in werklikheid in die gay gemeenskap bekend as 'n gevaarlike kalant en verdink van die moorde. Maar ook die gays se waarskuwings het die polisie koud gelaat.


As Dahmer onskuldig bevind is, sê Norris, sou onluste uitgebreek het. Om verhoor te word, móés bevind word dat Dahmer by sy volle positiewe was en tussen reg en verkeerd kon onderskei. Om hom te begryp of sy onvermoë om sy drang tot moord te beheer, selfs al kon hy sy alledaagse handelinge beheer, was nie ter sake nie. Hy moes veroordeel word. Waansin impliseer behandeling of rehabilitasie en dus die kans om aan straf te ontkom. Die aard van genade in Amerika is inderdaad baie geforseerd en kompleks.

In Rusland was die gebeure selfs meer bisar. Ook Chikatilo is verskeie kere byna gevang, maar die polisie het nie daarin belang gestel om die ▶

## 'n hedendaagse don quichot

Further Adventures. Jon Stephen Fink. Minerva. Prys: R41,95.

Jon Stephen Fink het in 1981 die wonderlike boek Cluck! The True Story of Chickens in the Cinema geskryf (wie ook al my eksemplaar geleen het, kan dit gerus terugbring!). Ná 'n lang stilte het hy Further Adventures geskryf, 'n huldeblyk van 600 bladsye aan die superhelde van die radio - 'n mengsel van heimwee, hardgebakte realisme, komedie en 'n pastiche van speurverhale uit die jare veertig. Heerlike leesstof. Die held is die sestigjarige Ray Green wat regdeur Amerika beroemd geword het as die Green Ray. Die reeks het tot 'n einde gekom en Green besluit om in die werklike lewe te doen wat hy op die radio gedoen het: "TO HEED THE CRY OF THE HELPLESS AND THE HOUNDED - TO DO GOOD WITH NO GLORY - TO FACE EVIL WITH NO FEAR!" Gelukkig is die werklike lewe anders en Green word 'n hedendaagse Don Quichot namate die roman - eintlik 'n selfmoordbrief - vorder. Die verhaal is soms stil en somber, maar word deurgaans met innemende, komiese vindingrykheid vertel. Kry dit in die hande.




▶ plaaslike inry-bioskoop masrurbeer, ondervind hy daarna geen skuldbelaaide vrees nie, maar staan hy en wonder wie hy is - wat mense maak wat hulle is. 'n Verrassende, eksistensiële oomblik.
Die toonaard van die boek neig om gespanne te wees, maar dié skeppende paranoïa - as 'n mens dit so kan noem - is die boek se redding. As Suid-Afrikaanse Engelse prosa besig is om dood te gaan in flou, onkreatiewe dokumentasie wat as fiksie voorgehou word, soos sommige resensente meen, dan het Fraser die plaaslike Engelse skryfwerk 'n bietjie lewe gegee deur aanvegbaar te wees en nie oorverfynd weens beleefdheid of doekies omdraai nie. Sy boek is net wat dit is. En dís 'n benadering wat waardeer behoort te word.

# 'n eienaardige eeuwending

*Splinters van spieël en klip:* Annico van Vuuren (Tafelberg).
*Die nes:* Eleanor Baker (Human & Rousseau)

**GERRIT OLIVIER**

OP die agterblad van Annico van Vuuren se *Splinters van spieël en klip* tref 'n mens die interessante mededeling aan dat dié roman 'n finalis was in Tafelberg se eerste romanwedstryd saam met *De Kat, Antenne* en Saambou. Dit is dus een van die manuskripte waarop Tafelberg die regte verkry danksy die blote feit dat die uitgewer 'n romanwedstryd borg.

*Prima facie* moet Van Vuuren die voordeel van die twyfel kry. *Prima facie* het ons met literatuur te doen, al sou etikette soos "populêr" en "gewild" ('n gevaarlik dubbelsinnige begrip dié!) toegevoeg kan word. Die uitgewer self gooi in die flapteks 'n lekker dik sous oor: "Met hierdie epiese vertelling leef die skryfster saam met Dawid in die hart van gewone Afrikaners vroeg in die twintigste eeu - en laat sy hom, soos sy mense, opstaan in 'n onoorwinlike geloof."

Ek het gedeeltes van *Splinters van spieël en van klip* geweldig geniet, al was dit nie juis danksy die onoorwinlike geloof in di gewone Afrikanerhart nie. Die beste beskrywing waaraan ek kan dink, is dat dit 'n stigtelike boek-pikareske roman is, met die "splinters" in die titel dalk 'n onbewuste metafiksionele aanduiding.

In die sentrum van die boek is daar die "hoerdoppie" Dawid: die Samaritaan, die argetipiese goeie Afrikaner, die held sonder kreuk rondom wie 'n aantal kragtige Simbole hulle reeds vroeg begin skaar: die Hand, die Stem, die Oog. Bybelse parallelle begin hulle weldra aandien wanneer hy aan die Engelse as Goliat dink, en daar is selfs 'n passasie waarin hy 'n Adam in die tuin van Eden word.

Die plot is van 'n opsombare drukte, met 'n opeenhoping van erg dramatiese gebeurtenisse, selfs 'n paar ongoorloofde seksuele konfrontasies, rondom 31 Maart 1918. Volgens dié boek moes die laat negentiende en vroeg twintigste eeu 'n geweldig onsamehangende tyd gewees het. Die betrokkenes spat uiteen, maar teen die einde kom daar berusting en versoening.

Getuienis van ten minste 'n poging tot literêre organisasie is die omkering van die chronologie deur middel van 'n onderbroke proloog, die veelseggende stomheid van Dawid wat uiteindelik in gebed opgehef word, die vele Bybelse parallelle, die alte hardhandige gebruik van simboliek. Maar dit word alles ongedaan gemaak deur die gebrek aan 'n oortuigende innerlike problematiek by enige van die karakters, die eendimensionaliteit van die figure, die stereotipes en die gedwonge coleur locale van die verteller se taalgebruik.

Dis hierdie oulikheid wat 'n sin oplewer soos die volgende: "Die vrug uit haar skoot wat nie uit sy saad groei nie, word vir hom 'n doring in die vlees." (56) Of: "Sou hy te openlik gee, slaan Johanna dalk toe soos kluitjies en stroop wat nie goed warm gemaak is nie." (55) Dis 'n soort namaak-Boeretaal, wat net so onoortuigend klink as onbeholpe uitdrukkings soos "Misnoeë stuwe opnuut in hom boontoe" (59) en "Trooswoorde bly stom in hom lê" (75).

Terwyl party van die vroue op die plaas vir my aanvanklik interessant geklink het, raak die cliche's uit die Afrikanerhart al dikker opgestapel: Johannesburg as Gomorra, met hoestende dronklappe en - wie kon dit raai - 'n seun wat na die grond hunker; die papbroekige Engelsman John Brown; die plaaswerker Jona wat maar saam met die baas gekom het.

In die Afrikaanse lektuur is daar waarskynlik dosyne drake wat 'n mens kan afstof om te kom wys dat hulle niks beter, maar ook niks slegter as *Splinters van spieël en klip* is nie. Maar hulle het waarskynlik nooit die kortlys vir 'n prys gehaal nie.

Van Vuuren se boek is so vol oop plekke en groot gebare dat dit 'n mens agterlaat met die indruk van 'n onwesenlike geskarrel in 'n teatrale ruimte. Eleanor Baker se *Die nes*, daarteenoor, het byna geen leë plekke nie. Dis 'n boek so vol geskryf dat die leser na 'n nogal lang trek op pad na die genesende en gelukkige einde, nie uitgedaag word om self met die verbeelding op loop te gaan nie.

Daar is iets wat 'n mens aan Karel Schoeman laat dink in Baker se byna sistematiese opbou van 'n verhouding tussen die hoofkarakters en die intensiewe gebruik van gesprekke om die toenadering te bewerkstellig. Ook die milieu is Schoeman-agtig: 'n manjifieke landgoed cum senu-inrigting waar die aanwesiges op mekaar aangewese is.

Rondom Karoline, die hoofkarakter wat aan die begin van die boek in 'n soort stilstuipe verkeer, en haar dokter René word 'n paar ander figure gegroepeer, elk met hul eie klein trauma. Die meeste van hulle openbaar mettertyd ook hul positiewe kant. Van die ongeneeslikes wat daar ook moet wees, hoor 'n mens byna niks nie, sodat elk van die pasiënte se lotgevalle die boek se sonnigheid ondersteun. Krisisse word met hardwerkendheid opgelos, genesing is moontlik, die bloeiende natuur self omgewe die karakters met 'n aura van gesondheid. Die afgrondelikhede van 'n *Zauberberg* hoef 'n mens hier nie te soek nie.

Een van die eienskappe wat *Die nes* van die alte populêre onderskei, is dat daar nooit onnodig gemoraliseer word nie, dat daar soveel beheersing is - en ook soveel beheer. Karoline se waansin, wat van die begin af in 'n soort binnepraat figureer, word gedra deur die beeld van die nes en die voël, en hierdie beelde word netjies uitgevoer, en vir die leser verklaar: waansin as literêre simboliek en 'n eie interne logika. Wanneer Karoline uiteindelik begin praat, soek sy nie na woorde nie en blyk taal 'n adekwate hulpmiddel te wees om weer struktuur aan haar lewe te gee.

Uit die waansin kom daar uiteindelik 'n Hooglied: die finale beklinking van 'n boek waarin die dokter sowel as die verteller, albei rustig pratend, 'n beskermende hand oor Karoline en die leser hou. Terwyl 'n mens dit kan betreur dat Baker haar duidelike vermoëns in sulke veilige bane lei, is daar niks banaals of oppervlakkigs aan *Die nes* nie. ■

---

werklike moordenaar te vind nie, net iemand wat gehang kon word om te wys hulle is doeltreffend en dat misdaad nie in Rusland bestaan nie. Om die waarheid te sê, die verkeerde slagoffer is tereggestel vir Chikatilo se eerste moord. Niemand was juis begaand daaroor nie: die staat was geïnteresseer in ideologie, nie die waarheid nie.

Dahmer en Chikatilo se moorddadige loopbane is aangehelp deur apatie, vooroordeel, ideologie en onbevoegdheid.

MAAR DIE VRAAG bly: wáárom het hulle gedoen wat hulle gedoen het? Aan die hand van dié boeke lyk die antwoord eenvoudig en duidelik: hulle het sonder liefde grootgeword. Dahmer se ouers is geskei. Toe hy agtien was, is hy eensklaps alleen en selfs sonder kos agtergelaat in sy ouers se huis - en het hy sy eerste moord gepleeg: 'n ryloper met wie hy 'n paar biere gedrink het en wat hy toe vermoor het om hom te hou en seks mee te hê.

Dahmer was op twaalf jaar al 'n chroniese alkoholis, dikwels smoordronk op skool, maar niemand het 'n duit omgegee nie.

Chikatilo, 'n eensame kind, het gely onder sy ma se obsessie met die opvatting dat sy broer vermoor en geëet is tydens die kunsmatige hongersnode wat deur Stalin se landbou-programme geskep is - al het dié voorval dalk nie werklik gebeur nie.

Chikatilo en Dahmer het ook buite hul gesinsverbande geen emosionele bevrediging gevind nie. Chikatilo is bespot as verwyf, as iemand wat by verre nie voldoen aan die ideaal van die nasionale Russiese held nie. Dahmer was 'n nerd, 'n chroniese agterblyer in 'n aggressiewe kapitalistiese samelewing.

Ondanks hul tekortkominge het dié boeke 'n deug wat nie altyd in ander media moontlik is nie: kompleksiteit. Die skrywers werk heelwat met nabetragting, nie in die hitte van die histeriese oomblik of met maklike koerant-sensasie nie. Kompleksiteit vermenslik en ontstel. Daar's geen veilige reg of verkeerd nie.

Sê nou maar, vra Masters, Dahmer het sy slagoffers uit liefde vermoor en nie uit selfhaat nie, soos Norris voorstel? Sê nou maar hul verminkte lyke was voorwerpe van begeerte? Dis 'n aaklige gedagte, maar dit plaas Dahmer stewig binne die menslike ervaring - en dis belangrik, dink ek, as jy wil begryp waarom die moorde gebeur het, en wil keer dat so iets wéér gebeur. ■



Regses by hul heiligdom.
Foto: Gideon Mendel

# wie's rêrig lus vir nog 'n groot trek?



**CARL NIEHAUS,** media-segsman van die ANC, glo nie baie Afrikaners sal bereid wees om alles wat hulle het, prys te gee vir 'n volkstaat nie

DIE Afrikaner Volkstaat-idee het die afgelope aantal maande heelwat publisiteit ontvang - hoofsaaklik as gevolg van hoëprofielaktiwiteite soos die ontmoeting van regse plaasboere in Potchefstroom en die stigting van die Afrikaner Volksfront.

Die manier waarop veral Engelstalige koerante hieroor verslag doen, is nie behulpsaam nie. Hulle praat van Afrikaners as 'n homogene groep, wat feitlik uitsluitlik die volkstaat-ideaal aanhang. Die volkstaters sal natuurlik graag dié indruk wil versterk, maar daar steek weinig waarheid in.

Afrikaners was nog nooit 'n homogene groep nie. Selfs onder die ondersteuners van die volkstaatgedagte is daar geen samehorigheid nie: sommige droom van die ou Boere Republieke (Transvaal en die OVS), andere van Orania in die Noordwes-Kaap en die Afrikaner Volksunie probeer 'n gebied noord-oos van Pretoria oormerk. Hierdie is nie net verskille oor 'n bepaalde geografiese gebied nie, maar weerspieël 'n diepliggende politieke konflik.

Suid-Afrika is midde-in 'n diepgaande oorgangsfase; en dit betrek elke bevolkingsgroep in Suid-Afrika. Die meerderheid van Afrikaners is lank nie meer plaasboere nie, maar middelklasstedelinge: onderwysers, staatsamptenare en tegnici wat trots is op wat hulle bereik het gedurende die laaste veertig jaar van Nasionale Party-regering. Hulle het voordeel getrek uit apartheid en is daarom onseker, selfs bang, vir wat 'n toekomstige nie-rassige samelewing vir hulle inhou. Die belangrikste oorweging is nie polities of 'n verbintenis tot apartheid-dogma nie. Hulle is besorg oor die veiligheid van hulle families en of hulle nog die huislening sal kan afbetaal.

Hierdie is nie mense wat 'n tweede Groot Trek gaan aandurf nie. Uit verwarring, of irritasie met ons stadige en onsekere oorgangsfase, woon sommige regse vergaderings by. Vir 'n paar uur vergryp hulle hulself aan rassistiese retoriek en droom van 'n verenigde Boerenasie met sy "eie" grond. Tog is dit maar 'n klein klompie wat bereid sal wees om alles wat hulle opgebou het, prys te gee en na 'n afgesonderde en ekonomies wankelrige volkstaat te verhuis.

DIEGENE WAT BEREID IS om dit te doen is 'n minderheid selfs onder regse geledere, wat self maar 'n minderheid onder Afrikaners is. Daar kan dus geen sprake wees dat die Afrikaners as 'n gemeenskap die volkstaatgedagte aanhang nie. Dit gaan in werklikheid oor 'n tuisland vir 'n groepie mense met dieselfde politieke ideale, eerder as 'n tuisland vir 'n volk.

Die Afrikaner Volksunie, AFVSTIG en selfs die Konserwatiewe Party sê hulle verwerp rassisme en skoei hul argumente op die beginsel van selfbeskikking. Ongelukkig is hulle egter bereid om hulself te vereenselwig met die AWB en ander openlik rassistiese organisasies wat lede is van die Afrikaner Volksfront. Hulle eis die Afrikaner-kultuur op as hul besitting, maar simbole soos die 777-swastika het tog werklik niks te doen met Afrikaner-geskiedenis nie. Internasionaal is daar 'n geheulery met die Nasionale Front in Brittanje en "Western Goals", waarvan Clive Derby-Lewis 'n lid is.

Die rassistiese aard van die volkstaatgedagte is nêrens meer duidelik nie as in die feit dat dit onmoontlik is om, sonder die grootskaalse hervestiging van ander bevolkingsgroepe, 'n volkstaat te stig waar die Afrikaner in die meerderheid is. Die volkstaters wéét dit - en geen bontpratery help hulle om aan dié harde feit te ontkom nie. Selfs in die afgeleë Noordwes-Kaap, waar AFVSTIG met "ORANIA" begin het, is daar vier keer meer kleurlinge as Afrikaners. In die dorpie Orania is die kleurlinggemeenskap, wat jare lank daar gewoon het, deur die nuwe AFVSTIG-intrekkers gedwing om weg te trek!

DIE ANC IS in beginsel gekant teen sulke rassistiese praktyke. Ons is egter nie as sodanig gekant teen die beginsel van selfbeskikking nie. Regte tot selfbeskikking vir taal, kulturele en godsdienstige groepe is belangrik, maar ons moet nie vergeet dat kollektiewe regte gefundeer moet wees in die individu se reg tot selfbeskikking nie.

Kollektiewe regte van selfbeskikking kan nie doeltreffend beskerm word sonder dat die individu se reg tot vryheid, selfbeskikking en selfvervulling erken word nie. Die reg tot selfbeskikking (individueel of kollektief) moet nie so uitgeoefen word dat dit die regte en vryhede van ander ondermyn of die nasionale veiligheid en integriteit van die staat in gevaar stel nie.

Die Afrikaner Volksfront se benadering voldoen nie aan dié basiese, internasionaal aanvaarde, definisie van selfbeskikking nie. Rassisme bly maar skuil in hul benadering en is 'n belediging en ontkenning van die fundamentele menseregte van alle ander Suid-Afrikaners, ook Afrikaners wat nie soos hulle dink nie.


Inderdaad, die sterkste afwysing van 'n Afrikaner Volkstaat kom van ander Afrikaners. Al hoe meer Afrikaners is diep ongelukkig en geïrriteerd met die arrogansie van die Volksfront wat die Afrikaner-kultuur vir hulself probeer opeis. Hulle aanvaar dat die Afrikaanse taal en kultuur, tesame met al die ander tale en kulture in ons land, kan groei en ontwikkel in 'n verenigde Suid-Afrika.

Hieroor is die ANC besonder bly, want ons het nog altyd geveg vir 'n nie-rassige samelewing waarin Afrikaners ook hul regmatige plek kan inneem. Maar die ANC sal ook aanhou om met die ondersteuners van die Volkstaatgedagte te onderhandel; soos Nelson Mandela na ons laaste gesprek met die AVU gesê het: Ons wil hul graag probeer oorreed dat daar 'n beter antwoord is vir hulle probleme en vrese as onttrekking en isolasie. ■

# resensies
# films

deur christi van der westhuizen

## die man in die verkeerde huis


Jaco Van Dormael in aksie.


Andie MacDowell... voortreflike versiering.

**TOTO LE HEROS**
**(Toto the hero)**

Thomas glo hy is by geboorte met die buurseun, Alfred, omgeruil. Daar was 'n vuur en Alfred se ma het die verkeerde baba gegryp voor sy uit die brandende hospitaal gevlug het. Sy ma verseker hom dit is nie so nie - maar hy weet. Hy kyk by die venster van sy nederige ouerhuis uit op die bure se weelderige huis en hy weet. Thomas is nou 'n ou man en hy glo steeds Alfred het hom gekul. Alfred én sy pa, mnr Kant, het hom gekul: nie net uit 'n goeie lewe nie, nee. Ook uit sy pa en uit sy suster. In sy verbeelding neem hy die gedaante van Toto aan: 'n held wat sy pa uit mnr Kant se kloue red. Maar mnr Kant is gelukkig - hy slaag telkens daarin om die koeëls te ontduik en ongedeerd daarvan af te kom. Daar is net een oplossing vir Thomas: hy moet die dief verwyder. Permanent.

Jaco Van Dormael is die regisseur en draaiboekskrywer van dié aangrypende film. Met vernuwende filmiese tegnieke weef hy 'n roerende verhaal van mislukking, verlies, vernedering. Van Dormael het veral 'n fyn aanvoeling vir die uitbeelding van die wêreld vanuit 'n kind se eenvoudige verwysingsraamwerk - én vlymskerpe waarnemingsvermoë. Die intelligente redigering boei: die kyker word van die een toneel na die ander gevoer deur "vooruitskouings" van latere gebeure. Blikke op die brandende hospitaal word verweef met flitse van 'n pakhuis in ligte laaie; 'n skêr beweeg afgemete deur 'n onheilspellend gesiglose mens se klere; bloed sypel oor 'n verdwaasde vrou se gesig; 'n vuis ontplof in 'n seun se maag. Dié tonele spring amper onwillekeurig voor die kyker se oog in - as vergestaltings van die ou man se uitmergelende nostalgie oor (sy) verlore lewe(ns).

Toto le Heros is onmisbaar.

● **Net by die Seven Arts in Grantlaan, Norwood, Johannesburg te sien.**

## daar ís lewe na die dood

**THE CEMETERY CLUB**

Gedink die film gaan oor 'n groepie bejaardes wat 'n biejie pret het? Ou mans met pruike wat wellustig aan blomblare lek? Stywelip ou tannies wat rooi sportmotors met hul oorlede eggenoot se boedelgeld koop? Ja. Maar regisseur Bill Duke skroom ook nie om 'n bietjie dieper te delf nie. Hy kyk ook na verlies, die dood - meer spesifiek, die ontwykende sin van die lewe ná die dood van 'n geliefde. Esther (Ellen Burstyn), Doris (Olympia Dukakis) en Lucille (Diane Ladd), drie hoëklas Amerikaanse kugels, verloor hul mans kort ná mekaar. Al drie het jonk getrou en word onverhoeds betrap deur die ongekende vryheid van die ongetroude lewe. Die drie vriende hanteer die tragedie van dood op verskillende wyses: Lucille is dadelik op jag na 'n plaasvervanger en Doris spandeer haar dae in betraande gesprekke met haar gestorwe man se grafsteen. Esther word aan die diep kant ingegooi: Ben Katz (Danny Aiello) vind haar tande (almal eg, verseker sy hom) aantreklik en die twee beland saam in die bed. Hul amoreuse aktiwiteite word amper deur onhandigheid gefnuik, en Esther besef die lewe gaan nie net voort nie - mens kan dit selfs geniet. Die onderwerp is dalk afgesaag, maar Burstyn en (veral) Dukakis se spel inspireer 'n mens.


Drie hoë klas kugels: Burstyn, Dukakis en Ladd.

## sonny en cher in die vagevuur

**GROUNDHOG DAY**

Dié film bewys een ding - en bevestig 'n ander: 1) Bill Murray is uitstekend op so 'n komieklike dead-pan manier; 2) Andie MacDowell is, hoewel mooi, 'n uiters saai aktrise. Groundhog Day gaan oor 'n sardoniese opportunis genaamd Phil (Murray) wat in 'n soort vagevuur-situasie beland: hy beleef dieselfde dag (Marmotdag) oor en oor - en dis hel. Elke oggend word hy wakker met Sonny and Cher wat "I got you babe" op die radio sing. Elke dag probeer 'n ou kennis versekering aan hom afsmeer, elke dag trap hy in 'n gat yswater, elke dag doen hy 'n nuusinsetsel waarin hy bespiegel oor die koms van die lente, ens, ens. - tot hy 'n beter mens word. Die film is dus moralisties op 'n Amerikaanse manier - tog sorg Phil se wedervaringe vir verskeie giggels. Aangesien Groundhog Day in 'n wintermilieu speel en Murray geen hunk is nie, is MacDowell ingebring vir die nodige versiering - sy doen dít voortreflik.

# teater

## die kinders steel jou hart

**SOUND OF MUSIC: STAATSTEATER, PRETORIA**

WAAR musiekspele ons voorland blyk te wees omdat dit groot lokettreffers is, is dit verblydend dat Truk in die aanbieding van "Sound of Music" baie goeie musikale kragte gebruik soos die Pro Musica orkes en Weis Doubell as dirigent. In kleiner rolle word ook goeie sangers gebruik soos Anina Wasserman as 'n sprankelende Liesl en Sally du Randt, Donata Hoppel, Elizabeth Lombaard en Mauri Mostert ('n onlangse Butterfly!) as die Nonne.

'n Hoogtepunt is die deurleefde sang en spel van die kinders, wat sommer reg van die begin mens se hart steel. Anne Power lewer 'n volmaakte vertolking as Maria (met 'n paar hoë note wat in die slag gebly het). Die veteraan John Hussey se kamee as Max is in die kol. Minder gelukkig is James Whyle se eendimensionale "bulderende" vertolking as Von Trap en Margi Nel se oordrewe opera-agtige Mother Abbess.

Ook minder geslaag is Georg Kok se regie - deurspek van dieselfde gestereotipeerde bewegings wat sy regie van "Der Vogelhändler" en "Figaro" gekenmerk het. Al is "Sound of Music" 'n gedateerde werk, is die kamp Andrew Sisters-beweginkies te passé om vandag nog te oortuig - dan liewer 'n statiese en meer toneelmatige benadering as vindingryke choreografie nie bedink kan word nie. - HENNING VILJOEN.

## kwessies rondom sensuur

Die Weekly Mail/Guardian en die Anti-censorship Action Group bied die Limits of Liberty-konferensie as deel van die Weekly Mail/Guardian-filmfees aan. Daar word gekyk na kwessies soos of slagspreuke soos "Kill the Boer, kill the farmer" in 'n nuwe bedeling aanvaarbaar sal wees. Verbode films sal gewys word, waarna internasionale en plaaslike kenners praatjies daaroor sal hou. Films soos Inventory, Caligula en Jean Genet se Un chant d'amour is te sien.
Witsteater, Braamfontein, 25 - 31 Julie.


'N *Afrikaner* IS SOMS BRUIN EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy hou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links. Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan't verander en hy loop blitsig saam.*

*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat. Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies. Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak. Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5899/1/A

# vrouefront

deur sus strydom

## glip weg van die sjowwies

AS jy gaan jag, gaan ek Grahamstown toe. Klaar. Is dit nie 'n oulike ruilskema vir die huwelik nie? Sus meen dis blatante afpersing.

En hoekom nie? Veral as jy dink dis dalk die laaste keer dat hy kan gaan jag en sy verryk gaan word op Grahamstown. Want wie weet wat ná 27 April komende jaar gaan gebeur.

Een ding weet ons: daar sal nie weer 'n dik spul kabinetsministers en ander soorte bloeddorstige politici in Julie op wie se plaas ookal gaan aanlê en doodskiet en daarna kom grootpraat nie.

Of, come to think of it, hoe weet ons?



Ons weet mnr Ramaphosa vang vis, maar wat vang mnre Mayekiso, Yengeni en Mokaba? As jy my vra dan dink ek volgende Julie sien presies dieselfde ding gebeur, net dis swart gesigte pleks van wittes om daardie reuse kampvure. Want, so vertel 'n ingeligte bron vir my: daar's altyd boere wat gatkruip vir gunste en gawes en die beste manier is om vir die ouens wat sulke gawes kan gee te sê: kom skiet 'n bok.

Nouja, van bokskiet kom sulke dingetjies soos aanstellings in rade, kommissies, direksies, you name it.

Om nie te praat van die blote macho-macho grootlieg (en grootdrink) om die kampvure nie! En Sus kan julle nou al sê: daar's g'n niks verskil tussen 'n wit sjowwie en 'n swart sjowwie nie. Skinder, belieg en begrap vroue om die vuur en bevat dieselfde vroue in die donker.

Ek weet, ek het een aand langs so 'n dop-en-damriekende jagter beland wat aan my been gevat het met dieselfde hand wat hy die dag 'n koedoe-ooi geskiet het. Sy foto kom baie in die koerant en die familie weet al om die blaaie te bêre vir die opvee van die hond se glipsies. Wraak kan soms laaaank gekoester word, sien.

MAAR NOUJA, los die grootpraters en gravy trainryers en gun die vroue die opheffende, duur, koue maar sielsverwarmende Grahamstown wanneer jy dink jy loop incognito in 'n taamlike rowwe plek in en die eerste ou wat jou groet, is jou seun! Ongeskeer, ongewas, sonder 'n sent en met 'n meisie wat tien keer erger lyk. Jou seun dink wel jy's 'n sport, maar dit kos heelwat klinkende munt om liefs vir Pa uit die ding te hou.

Dis deel van Grahamstown: hierdie living dangerously. Die soetste wraak is om terug te kom en in die huis so te rave oor Nicholas Ellenbogen asof jy hom persoonlik ontmoet het. Dís nou 'n manier om die sjowwie in die huis twee keer te laat dink of hy komende jaar weer jagveld toe wil gaan. Moet net nie die pap te dik maak nie, want netnou dreig die bokker om saam te gaan Grahamstown toe ■

# koopkrag

deur helga de klerk

## die laevet is in die vuur

AL 'n goudbruin roosterbroodjie gesmeer met die sogenaamde lae-vet margarien, net om te sien hoe dit merkwaardig onder jou mes verander in 'n sawwe spons? Of gekroek met goedkoop margarien in die sjokoladekoek en dan gesit met die taai neergeslaande eindproduk wat jy vir die kinders saam met vla moet voer?

Dan, my liewe mens, blame it on the margarine. Daardie smaaklose waterige verskoning vir wat ons destyds op die plaas moeisaam uit room moes uitkarring.

En toe hoor ons boonop dat die prys van dié smeersel binnekort gaan styg. Checkers/Shoprite het 'n verklaring uitgereik waarin hulle die prysstyging skat op 84 persent, en daarmee los hulle toe 'n honger kat in die duiwehok. Dit is gevolg deur 'n warboel ontkennings en beskuldigings wat wissel van 'n dreigende ondersoek deur die Raad op Mededinging, wat vermoed dat die bedryf saamspan om pryse te verhoog, tot 'n heftige kopskud van die kant van die groot margarien-vervaardigers.

Die direkteur van Tiger Oats, Hamish McBain, beskuldig die winkelgroep sommer in hul gesigte van publisiteitsoekery om verbruikers te lok. Checkers/Shoprite wou 'n Raymond Ackerman op die verbruikers trek as dié voorste vegters vir verbruikersregte. En die storie oor 'n samespanning tussen margarienvervaardigers? Dis 'n grap, sê McBain.

En McBain behoort te weet van samespanning en kompetisie. Want, hoor ons van 'n kenner in die sakewêreld, die prysoorlog tussen die vier vervaardigers van margarien in die land die laaste paar jaar is van die stoffasie waaruit Macbeth gemaak is. Die vier is Vandenbergh Foods, 'n filiaal van Uniliver wat meer as 50 persent van die mark hou met Floro, Rama, Stork en Rondo; Premier met Blossom, Kraft en Olé; Tiger met Sunshine D en Golden Spread; en Willowton Foods met Moré en Romi.

Willowton Foods het die mark laaste betree en glo die prysoorlog begin. Ons staan onder korreksie as dit by volgorde kom, maar toe volg mediumvet-margarien om koste te sny, en daarna laevet. Nog 'n paar kele word afgesny. Nou vind 'n sekere maatskappy dat hy kan wegdoen met die lastige sakie van invoerbelasting as hy kan bewys dat hy sy produk uitvoer. Hy sny sy prys verder. Nou raak die ding sommer lelik. Daar word palmolie in plaas van die duurder sonneblomolie bygevoeg, meer emulsifiseerders en nog water. Die uiteinde van alles is 'n pap roosterbroodjie op 'n Sondagoggend.

Toe volg die Oliesaderaad met 'n verhoging van 11 persent, en dis net daar waar die kameel se rug toe breek. 'n Prysstyging was onvermydelik. Maar 'n woordvoerder van Pick 'n Pay sê dis nie naby 84 persent nie. Laevet (bakkies-) margarien gaan met 5 persent styg, volvet met 11 persent en mediumvet margarien met tussen 25 en 30 persent. Nog goedkoper as botter, maar ai, nie halfpad so lekker nie■



Walter Chakela het al talle toneelstukke, gedigte en kortverhale geskryf. Hy is die huidige vise-president van Cosaw en die nasionale sameroeper van die National Arts Initiative vir teater.

teater

# ons moet mense weer vermenslik

deur corné coetzee

## op die ou end sal dit die kunste wees wat die politieke wonde genees, sê WALTER CHAKELA

WALTER CHAKELA is vier maande gelede aangestel as assistent-bestuurder van Truk se Windybrow-sentrum in Hillbrow - met die opdrag van Pierre van Pletzen, kunsbestuurder, om dié kunssentrum lewensvatbaar en meer gemeenskapsgerig te maak. Chakela vertel graag dié storie:

*In Zambië is daar 'n dansvorm, die Nyau. In 'n plattelandse dorpie het een man so uitgeblink daarin dat hy naam gemaak het as die beste Nyau-danser in die kontrei. Toe Zambië onafhanklik word, is hy gekies om die Zambiese kultuur aan die wêreld bekend te stel. Hy is opgeneem in die nasionale toergroep en hulle het in die Nasionale Teater en op die Edinburg-fees gedans.*

*Toe sterf 'n belangrike man in sy dorpie en die Nyau moes in die begrafnis-seremonie gedans word. Die dorpie se mense laat die danser toe van Lusaka kom, want hulle het hom onthou as die beste danser.*

*Terwyl hy dans, kom hy agter iemand agter hom dans ook. Hy hoor die mense juig - maar besef dis nie hy wat toegejuig word nie, dis die danser agter hom. Toe raak hy skoon van stryk af en die skadudanser neem oor.*

*Die beroemde danser wil toe weet hoekom die mense hom genooi het as hy dan vervang sou word. Toe sê die mense hulle het altyd gedink hy is die beste, maar hulle sien hy het die talent verloor. Hulle kon nie die belangrike kind van die dorpie wegstuur met slegte Nyau-dansery nie.*

Chakela sê dié storie is waar en hou 'n les in vir mense wat meen die Europese estetika stel die hoogste standaard. Mense wat op plattelandse kunspogings neerkyk, moet besef: dis die vertoning wat tel - nie die teater waarin dit aangebied word nie.

**Waarom werk jy vir Truk - 'n organisasie gevorm deur Europese estetika en boonop met 'n slegte reputasie?**

Mens moet dit sien teen die agtergrond van die veranderinge wat in alle aspekte van die lewe plaasgevind het. Daar kom 'n tyd tydens veranderinge wanneer die uitwerking van die struggle in oënskou geneem moet word. Ek het die tekens gesien dat die stelsel aan die verkrummel was. Dis belangrik dat die verandering beheer word. As dit onbeheers gebeur, kan dieselfde gebeur as in Mosambiek of Zimbabwe, waar die infrastruktuur vernietig is. Ek is ook na Truk om 'n goeie verstandhouding met progressiewe mense soos Pierre van Pletzen te kweek.

**Jy is al vier maande hier. Wat is al gedoen en wat beoog jy?**

Dit het dertig jaar gekos om die breë estetiese belangstelling te vernietig - die uitvoerende kunsterade was dertig jaar lank baie bekrompe. Ek kan dit nie binne drie maande herstel nie. Baie mense het gedink ek's 'n towenaar: ek sal 'n towerstaf swaai en Windybrow sal nie meer probleme hê nie - toneelstukke soos *The Police* sal vol huise hê. Ons teikenmark moet geraadpleeg word. Ek het al met verskeie gesinne in Hillbrow gesels. Ek glo ons moet minder geld aan elke produksie bestee en meer produksies met korter speelvakke wys. Teater trek nie groot gehore nie. Ons kompeteer met ander media - mense bly tuis en kyk TV. Ons kan nie toelaat dat teater sterf nie.

Ons gaan voort met opleidingsprojekte - nie net in teatervaardighede nie, maar ook bemarking, reklame en bestuursvaardighede. Kunstenaars moet geleer word om te oorleef. Poësie-voorlesings in die Windybrow trek groot gehore. Dis duidelik iets wat mense wil hê - en wat die mense wil hê, is baie, baie belangrik.

**Sekere progressiewe wit teaterliefhebbers is bang hul eie kulturele erfenis - klassieke stukke soos Tsjechof - sal nie meer opgevoer word wanneer 'n nuwe regering aan bewind kom nie.**

Sulke mense neem aan hul kultuur het by Tsjechof gestagneer. Wat sal met 'n briljante nuwe dramaturg soos Deon Opperman gebeur as ons net die Tsjechofs opvoer? Tsjechof is nie die enigste dramaturg nie. Wat van die Dhlomo's, die Mofolo's, ons het ook Maisha Maponya, John Matshikiza - hoekom moet hulle verwaarloos word, nie voorgeskryf word nie, nie opgevoer word nie? Hulle is óók belangrik. Ons het kunstenaars ín ons gemeenskappe. Kom ons dwing hulle nié om timmermanne te word nie.

**Jy het vriende en alliansies onder die mees prominente mense wat vandag in die bevryding van kultuur werk. Is jy die middelpunt?**

Nee. Ek was altyd en sal altyd radikaal teen daardie paradigma gekant wees. Ek wil oplossings by mense van verskillende oortuiginge hê. Daar is groepe wat teen apartheid werk wat glo hulle het beter antwoorde as ander mense - ek glo dit nie.

**Ná die onlangse konferensie van die ANC-kultuurdepartment het 'n paar groot en verrassende verskille tussen die ANC en die National Arts Initiative in *Agenda* aan die lig gekom. Die NAI kry insette van kunstenaars om só 'n kunsbeleid aan die nuwe regering voor te lê. Mewa Ramgobin van die ANC het gesê die NAI sal moontlik nie in ag geneem word nie. Hy wat die mag het, calls the shots.**

Ek's bekommerd daaroor. In my gesprekke met die ANC het dit geblyk dat hulle 'n demokratiese kultuur wil sien. Die probleem is die formulering van 'n demokratiese kultuur. Die historiese agtergrond is dat die ANC toe hulle in ballingskap was, forums vir kunstenaars geskep het. Hulle het seker gemaak daar's 'n alternatiewe kultuur tot dié van die staat. Dis vir hulle moeilik om te verstaan dat kunstenaars ná Februarie 1990 die fakkel moet dra. Ons is op 'n kritieke tydstip in ons geskiedenis. Maar één ding is seker: enige regering wat aan bewind kom, moet op kunstenaars staatmaak om die mense weer te vermenslik. ■

# 'ek het 'n plig om gelukkig te wees'

deur beverley mitchell

# don lamprecht is weer op die planke




Foto: Sally Shorkend

SEWE jaar se lewenservaring opgedoen, sê akteur Don Lamprecht oor die tyd wat hy nie op die verhoog was nie. Pyn, dit was daar, vereensaming, maar ook 'n diep en belangrike besef dat daar baie mense is wat positief teenoor jou is, en dus vir jou die gawe van groot vriendskap kan gee.

Nou's hy terug - op die planke.

In Charles Fourie se jongste komedie, *Die Eend,* (in die Arena van die Staatsteater in Pretoria) speel hy die rol van die dokter. Dit roep ou, lekker, herinneringe op. Dit was juis in Kobus Louw se TV-reeks *Dokter Dokter* dat die land op Don Lamprecht verlief geraak het.

Nou, as Die Vlieënde Dokter in *Die Eend* het Don weer 'n ou betowering teruggebring.

Dit was nie maklik nie. Jy kom nie sommer ná sewe jaar se "swye" op die verhoog en speel toneel nie, sê hy. Maar met 'n span spelers soos Antoinette Kellerman, Louis van Niekerk en die jonger Natania van Heerden is dit asof jy familie kry. Maar die lekker ligte "nuwe" aanslag van teater in 'n "nuwe" Suid-Afrika staan hom danig aan. Wat vandag in die land gebeur, is opwindend. Suid-Afrikaners, sê hy, is 'n groot onreg aangedoen: daar was nooit kans om mekaar te leer ken nie. Nou, met *Die Eend* en met Samson Khumalo ook in die rolbesetting voel Don hy proe-proe aan die opwinding van nuwe verhoudings.

LAMPRECHT IS IN 1940 in Pretoria gebore en het grootgeword in die Vrystaatse dorpie Senekal. "Ek het saam met swart kinders grootgeword en daarvoor is ek dankbaar."

Kortman, 'n plaaswerker, het hom as man "geïnisieer", vertel Lamprecht. "In Senekal was jy net 'n man as jy 'n motor kon bestuur - en Kortman het my geleer ry."

Don het aan Wits sy B Com behaal, toe in die sakewêreld beland en op 26-jarige leeftyd kry hy 'n "breek": die Joodse Gilde het vir hom 'n rol in 'n stuk in Hillbrow gegee en van hom 'n "honorary Jew" gemaak.

**Wanneer het jy beroepspeler geword?**

Ek het alles te danke aan dr Hermien Dommisse, daardie doyenne van ballet, teater, en die vakuniestelsel vir akteurs. Sy het iemand gesoek om die hoofrol in haar produksie van Schiller se *Don Carlos* te speel. Toe sy my afrig daarvoor, het sy aangehou ek moet beroepspeler word. Toe besluit ek maar nou ja. Ek gaan toe Londen toe met my vriend, Aart de Villiers. Daar het ons baie werk gedoen, en ek het my training daar gekry. Toe ek terugkom, bel ek vir Truk, maar kon nie onmiddellik daar werk kry nie.

Hermien kom toe weer tot my redding. Sy gee my kans om met Michael Atkinson in 'n produksie in die Alhambra te werk. Iemand van Truk het my daar gesien en my heeltydse werk aangebied. Ek het toe jare lank jeugtoneel deur Truk gedoen. Ek was vyftien jaar by Truk en is as assessorlid aangestel.

**Wat dink jy van sepies?**

Kyk, ek sal nie mind om in 'n sepie op te tree nie, dis goeie geld. Maar sepies is cost effective. It's the nature of the beast. Sepies werk omdat dit 'n spesifieke formule volg, dis pap vir die massas al is dit voorspelbaar.

**Radiowerk?**

Man, ek is dol oor radio. Op die oomblik speel ek 'n klomp rolle in *Die Mannheim Saga,* geskryf deur Nerina Erasmus. Radio is 'n wonderlike medium. Jy kan enigiets doen. Daar is 'n ooreenkoms tussen die lens en die mikrofoon. You have to make love to both of them, dis jou pal.

**Wat van film?**

Dis baie technical. Dis die art van directing en editing. Dis nie regtig 'n actor's medium nie.

**En nou, Don, wat van die lewe?**

Ek glo ek het 'n plig om gelukkig te wees.Om soveel liefde as moontlik te versprei. Dit kos jou niks om iemand te komplimenteer nie.

Integrity is prime. Solank niemand seerkry nie, kan jy jou ding doen. Ek stel baie belang in sielkunde. Mense kan baie hard optree, wreed wees, maar kan ook sag, liefdevol en vrygewig wees. Ek probeer altyd om vergewensgesind te wees.

**Sê my bietjie oor jou musieksmake, jou stokperdjies...**

Musiek? Ek hou van enigiets. Sowaar. From Bach to the Beatles. Heavy Metal ook. Stokperdjies? Ek hou van lees, veral sci-fi, maar my favourite hobby is my Silver Wing Honda motorfiets. Jong, om die wind in jou hare te voel...

# ossewa na die noorde

deur christi van der westhuizen



Sit hom af? Johnny K met sy nuwe hare

Of was die Alternatiewe Afrikaanse beweging te idealisties? Het Kerkorrel gedink alles sal rooskleurig wees die oomblik as PW uit die kussings gelig geword?

Volgens Kerkorrel het musiek in Suid-Afrika "kragteloos" geword. "Dit is moeilik om kreatief te wees in Suid-Afrika. Kuns en musiek beteken niks vir Suid-Afrikaners nie." Ná die hoogs aanvegbare uitsprake verklaar hy duister: "Dit is 'n vorm van dekadensie." 'n Morele uitspraak? Iets soos hoe kan jy musiek maak terwyl die massas toyi-toyi?

JOOS TONTELDOOS, 'n johnny-come-lately in Alternatiewe Afrikaanse musiek, reageer heftig: "Stront. Suid-Afrika is dié beste plek om kreatief te wees - jy lewe onder spanning. Hier is daar baie meer rede vir kreatiwiteit as in 'n plek soos, sê maar, Switserland. Die ding is, if you can't make it here, you won't make it anywhere else. Kerkorrel is maar net een van daai mense wat nie kans sien vir die verkiesing nie.

"Jy moenie Suid-Afrikaners onderskat nie. Hulle is nie so stupid nie - eerder kultureel verarm as gevolg van die jarelange isolasie."



Goosen... "Musiek kan gemoedere laat sak."



Tonteldoos... "As jy die regte mense kwaad maak, is dit inspirerend."



Möller... "Die emosie-belaaide reaksie van konserwatiewe elemente het nie vreeslik gepla nie."

Anton Goosen - wat onlangs finaal die Afrikaner-establishment vervreem het toe hy sy ANC-lidmaatskap bevestig het - sê: "'n Kunstenaar operate júís onder die geweld. Jy het meer om oor te skryf in 'n situasie soos dié."

Oor die "kragteloosheid van musiek" volgens Kerkorrel is hy ondubbelsinnig: "Bullshit. Musiek kan gemoedere laat sak. Jy skets ander omstandighede met jou lirieke wat mense van húl omstandighede laat escape. Ek en 'n paar ander kunstenaars is into real music terwyl Kerkorrel op daai elektro-pop-vibe gegaan het. Met die platemaatskappy se hype het hy begin dink hy kan op water loop."

"Die verstommende ding tydens die Voëlvry-toer was mense het 'Sit dit af' begin saamsing," vertel Willem Möller, destyds die kitaarspeler van die Gereformeerde Blues Band. "Dit was 'n groot bevrydingsding. Musiek kan 'n verskil maak: mense het met Voëlvry besef dis okay om jou opinie uit te spreek."

Möller onthou ook nie enige voorvalle van polisie-intimidasie tydens die Voëlvry-toer nie - soos weer eens deur Kerkorrel beweer word. "Daar was wel emosie-belaaide reaksie van konserwatiewe elemente. Maar dit het mens nie vreeslik ernstig gepla nie."

Tonteldoos vertel ook van sy "fair share" van AWB-intimidasie. "Here, mens moet jou nie laat afsit nie. As jy die regte mense kwaad maak, is dit eerder inspirerend."

Goosen kry die laaste woord in: "As Kerkorrel in België bly, wel... dis nie asof Mandela dood is nie. Ek dink nie daar sal 'n massa-begrafnis gehou word nie." ■

## wat het geword van johannes kerkorrel?

"DIE toekoms is 'n grys gebied," kla Johannes Kerkorrel op die plaat *Bloudruk*. Maar hy voeg darem by: "Miskien is daar nog hoop/.../ Afrika is oop genoeg/ en voor die eeu verby is/ sal ons hier die ding ook doen."

"Ons", blyk dit, sal maar die "ding" sonder Kerkorrel moet "doen": hy het uit België laat weet hy is nie van plan om terug te keer na die "ontspoorde" Suid-Afrika nie.

"Ek is nie optimisties oor Suid-Afrika se toekoms nie," het hy in onderhoude met Belgiese joernaliste gesê. "Die land het ontspoor en blinde geweld oorheers. Ek sit in my huis in Hillbrow en hoor heeldag lank skote." Dramaties, om die minste te sê. (Ook verbysterend, as mens in ag neem dat hy eintlik in Berea bly.)

Verby is die ligsinnige dae toe hy nog speels kon sing: "Hei, wys my jou Casspir/ ek gooi jou met 'n klip/ en jy slaan my met 'n stok/ en spuit my met jou waterkanon." Hy vertel aan *DS Magazine*: "Anargie het losgebreek in die land." Wys jou hoe dinge verander het: in "Energie" (*Eet kreef!*) stel die einste Kerkorrel anargie geesdriftig as 'n opsie voor.

Kerkorrel het sy stem dik gemaak toe verdrukking bloedig gevlam het en die toekoms werklik donker was. Dit was in die Totale Aanslag-dae: PW Botha, vermaarde sekurokraat, was Staatspresident en hoof van die Staatsveiligheidsraad wat alle moontlike "subversiewe" elemente - tot op gemeenskapsvlak - gekontroleer en probeer bedwing het.

Nou - midde-in die verandering wat hy gepredik het - kom sy aankondiging. Die dae van Alternatiewe Afrikaanse musiek is verby. Met dié besef het Kerkorrel gepoog om meer toeganklike hoofstroommusiek te maak. Is die rede vir sy skielike afkeer van Suid-Afrika nie eerder te vinde in *Bloudruk* se taamlike lou ontvangs ter plaatse nie?



Nelson Mandela en Walter Sisulu in die binneplein van die tronk op Robbeineiland

# dis die klein dinge wat vertel

deur trudi du toit

## Apartheid en die stryd daarteen soek nou ook museums

DIE handgebreide trui, 'n voosgeleesde slapband-Anna Karenina, die notules van 'n rugbykub se vergadering word fyn bekyk en bespreek. Is hierdie belangrike museumstukke?

Ja, dit is. Mits die trui op Robbeneiland deur Jeremia Make gebrei is (baie netjies), die slapband Ahmed Kathrada se tronkleesstof was en die notules dié van The Island-rugbyklub is.

Die Mayibuye-sentrum van Universiteit Wes-Kaapland se Robbeneiland-tentoonstelling in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad wys dat die mees alledaagse tog kultuur kan wees - solank 'n gemeenskap en die geskiedenis sekere waarde daaraan heg.

"So wil ons die proses van verandering in die gevestigde kultuurkringe aanhelp, dat daar weer nagedink word oor die hele konsep van wat kultuur is," sê André Odendaal, samesteller van die uitstalling wat groot belangstelling uitlok.

Odendaal hoop dat die debat oor die toekoms van Robbeneiland op die spits gedryf kan word. Sedert 1974 praat ontwikkelaars al van 'n casino op die eiland inrig. Maar vir ander het dit dieselfde emosionele betekenis as die Voortrekkermonument vir baie Afrikaners.

Met die uitstalling wys die Mayibuye-sentrum 'n geskiedkundige dokumentasie van die stryd teen apartheid aan die groter publiek meer van die lewe op die geheimsinnige eiland in Tafelbaai. Ook van die tye toe die eerste lastige Khoi in 1672 daarheen verban is. Xhosa-opperhoofde, nie-onderdanige slawe en gewone misdadigers is in die mdidel van die vorige eeu deur melaatses en sielsiekes gevolg toe die arbeid van die gewone prisoniers op die vasteland benodig was. Die vreeslike omstandighede in die sielsiekehospitaal en inkerkering van melaatses het later tot opstand gelei voor die laaste siekes in 1921 van die eiland verwyder is.

Maar wat die meeste aandag trek, is die uitstalling van die memorabilia van die politieke gevangenes.

Odendaal sê dit was belangrik dat die gewese politieke gevangenes moes deelneem aan die beplanning en uitstalling van die artikels.

In dié gees probeer die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede 'n bewaringsbeleid instel wat die behoeftes van die plaaslike gemeenskappe weerspieël. Die gemeenskappe moet deelneem aan die identifikasie van dinge wat vir hulle van kultuurbelang is.

Lesley Townsend, professionele beampte van die RNG, sê die RNG wil 'n register opstel van moontlike plekke wat bewarenswaardig is, asook bewaringsgebiede en ander moontlike gedenkwaardighede. Sy noem voorbeelde:'n saaltjie wat dalk 'n rol gespeel het in die lewe van die gemeenskap,'n eiesoortige boustyl, dalk die huis van 'n priester of plek waar ggeskiedkundige besluite geneemis. Ook die mondelinge geskiedenis van 'n gemeenskap, en die stories moet opgeneem word en bewaar word.

Die RNG het 'n inligtingspakket wat presies verduidelik hoe sulke opnames gemaak kan word.

Ebrahim Rasool van die ANC se Wes-Kaapse uitvoerende bestuur stem saam dat gemeenskappe moet deelneem aan die skep van 'n nuwe nasionale kultuur. "In die stryd teen apartheid het ons dikwels onder mekaar gesê ons behoort hierdie straat so-en-so te noem, of 'n monument oprig waar die Trojaanse perd-insident (toe op klipgooiende kinders vanuit 'n gekamoefleerde vragmotor geskiet is) afgespeel het.

"Anders as in ander lande waar die postkoloniale regering die vorige kultuur-simbole vernietig het en vervang het met nuwes, kan die bestaande apartheidsimbole saam met die simbole van die anti-apartheidstryd en die simbole van die post-apartheid simbole 'n verenigde kultuur skep," sê hy.

Rasool meen ook dat die RNG eintlik insette van die grassroots moes gehad het voor hulle die inligtingspakket saamgestel het, maar Odendaal meen dis nie so maklik om so skielik nuwe definisie aan kultuursimbole te gee nie. 'n Herstrukturering van die totale kulturele establishment sal nodig wees as n mens gemeenskappe wil betrek. Hy wys daarop dat net vyftien uit die duisend mense by die ANC-kultuurkonferensie al in 'n museum was. ■

# beeste in die leeuhok

**Die voorstel van Derek Hanekom, landbouwoordvoerder van die ANC, dat die Krugerwildtuin ook benut kan word vir beesboerdery, het 'n skokgolf in bewaringskringe veroorsaak. 'n Mede-opsteller van die konsepwerkdokument, LOUIS LIEBENBERG, verduidelik die standpunt**

MENSE boer al vir 2 000 jaar met beeste in Suider-Afrika en tot en met 1938 het beesboere nog in die Krugerwildtuin gewoon. Die "ongerepte natuur" waarin geen mense woon nie, is in werklikheid kunsmatig. Die mens het oor miljoene jare in Afrika ontwikkel as deel van die natuur.

Die ANC se standpunt is dat mense wat in die verlede hul grond verloor het, vergoeding moet ontvang. Dit is uit die aard van die saak makliker om staatsgrond, soos natuurbewaringsgebiede, hiervoor beskikbaar te stel.

Gemeenskappe wat langs wildtuine woon het tot dusver geen voordele hieruit geput nie. Inteendeel, 'n wildtuin skep net vir hulle probleme. Leeus vang hulle beeste en olifante vernietig hulle landerye. Toegang tot natuurlike hulpbronne is van hulle ontneem. Hulle beeste mag nie meer daar wei nie, hulle mag nie meer jag nie, en hulle mag nie vuurmaakhout, dekgras of plantgeneesmiddels daar bymekaar maak nie.

Indien plaaslike gemeenskappe nie voordeel kan trek uit wildtuine nie, het wildtuine wat hulle betref nie 'n bestaansreg nie. En indien wildtuine nie meer toeganklik gemaak word nie, en net deur ryk toeriste besoek word, sal natuurbewaring nie gehandhaaf kan word nie.


Nasionale parke speel 'n belangrike rol in die bewaring van biologiese diversiteit. Biologiese diversiteit is noodsaaklik om stabiliteit in die natuur te verseker. Sonder dié stabiliteit kan selfs landbougebiede benadeel word. Nasionale parke is die grootste trekpleister vir toeriste, en 'n bron van buitelandse valuta. Wildtuine is dus van nasionale belang. Maar terwyl daar goeie redes is vir die skepping van nasionale parke, moet die koste en voordele vir plaaslike gemeenskappe oorweeg word.

Dit is belangrik dat plaaslike gemeenskappe betrek word by die bestuur van parke en dat hulle tasbare ekonomiese voordele moet geniet. Indien dit in hul eie belang is sal gemeenskappe self verantwoordleikheid aanvaar vir die bewaring van hul natuurbronne.

Hulle kan toegelaat word om onder toesig te jag as deel van die uitdunning van wildgetalle en weiding vir beeste kan beperk word tot gebiede wat nie vir toerisme gebruik word nie. Sodoende kan oorbeweiding en grond-erosie buite die parke beperk word. Probleme wat in een gebied voorkom, is egter nie noodwending van toepassing op alle natuurbewaringsgebiede nie. Die oplossing van omgewingsprobleme verg 'n kreatiewe benadering. Nasionale parke behoort dus deel te wees van 'n oorkoepelende beleid oor grondgebruik.

Toerisme kan 'n rol speel in die herverdeling van rykdom. Plaaslike kunstenaars moet hul kunswerke in ruskampe kan verkoop. 'n Gedeelte van die Parkeraad se inkomste, en belasting wat op private wildtuine gehef word, kan vir gemeenskapsontwikkeling aangewend word.

As 'n gemeenskap vind dat hulle meer geld kan maak uit toerisme en die benutting van wilde diere, sal hulle dalk self besluit om hul aantal beeste te beperk en selfs om die benutting van wilde diere na boerderye buite die wildtuine uit te brei. Maar dan moet gemeenskappe deel van die besluitnemingsproses wees.




## CUSTOS GESKRAP
### - TE SENSITIEF?

DIE hele oplaag van die Junie-uitgawe van die Nasionale Parkeraad (NPR) se tydskrif, CUSTOS, is in opdrag van die Uitvoerende Komitee opgesnipper. Dit sou die eerste uitgawe van Custos in 'n nuwe gedaante wees. Dit gaan nie langer 'n gesinstydskrif wees nie, maar 'n mondstuk vir die NPR.


Die stap volg op 'n besluit van die NPR en die SA Natuurstigting om hul steun en samewerking aan 'n nuwe prestige tydskrif oor omgewingsake, AFRICA ENVIRONMENT & WILDLIFE, te gee.

Die rede vir die versnippering, sê Klasie Havenga, uitvoerende direkteur van finansies van NPR, is omdat daar "geweldig baie foute" in voorkom en "net nie op standaard" is nie. Hy weet nie hoe groot die oplaag is of wat dit die NPR kos nie.

VWB het 'n uitgawe van CUSTOS wat die snylemme ontglip het, onder oë gehad. Tegnies is geen fout gevind nie, behalwe vir twee blaaie wat te donker gedruk het. Die vermoede ontstaan dat die eintlike rede waarom die uitgawe nie die groen lig gekry het nie, by die inhoud lê. Daar's 'n uiteensetting van belangrike strategiese aanpassings soos desentralisasie, regstellende aksie en ondersteuningsprogramme vir omringende gemeenskappe. 'n Insiggewende artikel deur dr Robbie Robinson, hoof-uitvoerende direkteur, oor die debat rondom streeksregerings teenoor 'n sterk sentrale regering en hoe dit die NPR in die toekoms gaan raak onder die titel: "'n Nasionale parkesisteem of streeksbeheer?" spreek sy kommer uit oor die moontlikheid dat "sekere modelle" wat sterk streeksregerings voorstaan, die nasionale parkestelsel uitmekaar kan laat spat. Die NPR is sterk daarteen gekant dat nasionale parke aan streeksregerings oorhandig word, sê hy.

Die kwessie is uiters sensitief en die besluit om die oplaag te vernietig, word as "'n vredesgebaar" bestempel om die spanning hieroor op bestuursvlak, te ontlont.

Havenga ontken dat daar spanning is, maar sê die NPR kan nie die saak vooruitloop deur "'n bepaalde standpunt oor die saak in te neem terwyl die regering van die dag nog nie oor die saak besluit het nie. Daar is soveel goed waaroor die NPR nie beheer het nie en ons wil ons nie posisioneer as ons nie weet hoe dinge vorentoe gaan lyk nie." - INA VAN DER LINDE




Martin Versfeld




Frederik van Zyl Slabbert en Breyten Breytenbach. (Foto's: Sally Shorkend)

# 'n einde en 'n begin

deur johannes bruwer

## Wits se winterforum verken Afrikaans se moontlikhede in die naaste toekoms

WITS se winterforum - "Afrikaans uit die doofpot", verlede naweek - was aan die een kant 'n afskeid (met heelwat selfondersoek, maar geensins morbied nie) van die era van apartheid-Afrikaans, en aan die ander kant 'n nugter vooruitskouing op die tyd waarin Afrikaans nie meer die verskanste taal van die maghebber gaan wees nie.

'n Taal kán uitsterf, het Frederik van Zyl Slabbert sommer reg in die begin uitgespel (met verwysing na onder meer Latyn). Tog was die sowat dertig Afrikaanse skrywers, uitgewers, letterkundiges en ander woordverwerkers wat aan die indaba deelgeneem het, dit merendeels eens dat 'n kwynende siekbed en uiteindelike dood nie noodwendig Afrikaans se voorland is nie. Ewe lewendig was die belangstelling van die publiek in dié vloeibare oorgangstyd - die Downstairs-teater, met sitplek vir sowat 200 mense, was deurgaans volgepak.

Breyten Breytenbach, die eertydse banneling wat in sy skryfwerk soveel bygedra het tot die vernuwing van Afrikaans, was 'n simbolies gepaste teenwoordigheid. Presies twintig jaar gelede het hy die Afrikaner-heersersklas op 'n somerskool in Kaapstad verwoed verguis oor hul sondes in die naam van Afrikaans. Vanjaar was sy boodskap sag en aanmoedigend: moenie bang wees om te veg vir Afrikaans nie.

Die winterforum was veral ook 'n verfrissende verkenning van die positiewe moontlikhede (eerder as die bedreigings) vir Afrikaans vorentoe. Die lewendige besprekings self het onderstreep die taal is nog lank nie 'n lyk wat gebalsem moet word nie. 'n Wye reeks onderwerpe is aangeraak - van die feminisme in die Afrikaanse letterkunde (wat 'n vurige debat ontlok het), tot die vervaging tussen fiksie en werklikheid in byvoorbeeld John Miles en Koos Prinsloo se werk.

Maar telkens het sprekers tog teruggekeer na die moontlike lotgevalle van Afrikaans op die pad vorentoe. Dié grepe (willekeurig losgeskeur uit langer toesprake) gee enkele van die perspektiewe weer:

**BREYTEN BREYTENBACH:** Het enige taal sommer so bestaansreg? Moet dit toegelaat word om te verdwyn, soos gesproke Latyn destyds, wanneer dit nie meer toepaslik is binne 'n gegewe kultuur-/sosiologiese/ekonomiese konteks nie? Moet die handhawing ingeskik word aan ekonomiese en politieke oorwegings? Hoe word 'n taal behou? Tydelike antwoorde sou wees: dat taal 'n magiese weefsel van min- of meerhede is, dat taal 'n unieke neerslag van ervaring daarstel, en seker van aspirasies ook, die stolling van ervaring, maar ook die vloei van soeke, dat taal 'n vergelyk met on-taal en nie-taal is, 'n vertaling van die onmag om volledig te kan kommunikeer, 'n metafoor vir die transformende en die transformasie van kennisname, beide skepper en ontvanger, dat taal die spieël is waarin jou asem 'n herkenbare gesig kry, dat taal noodwendig ook die manipulasie van persepsies is, en daarom dat die totnietgaan van enige taal 'n verlies sou wees van biodiversiteit, die afsterwe van daardie potensiaal om besondere kleure van die geskiedenis weer te gee.

Die voortbestaan al dan nie van 'n taal kan nie aan moraliteit gekoppel word nie, al is dit ook histories of sosio-kultureel besmet. Anders was daar ook geen reg op voortbestaan vir Duits, Spaans, Russies, Frans, en sekerlik nie vir Engels nie. 'n Taal verwerdig haarself bloot deur te voldoen aan die vereistes van kommunikasie en ontwikkeling en deur die skeppingskrag van haar beoefenaars...

Hoe beveilig 'n mens die toekoms van 'n taal? Ek dink dis duidelik dat Afrikaans daarby kan baat om nie op sentrale vlak 'n amptelike taal te wees nie. Die ANC gaan in ieder geval nie Afrikaans bevorder nie, al belowe hulle ook wat. Die essensiële maat van oorlewing kan natuurlik nie gewettig word nie, want dis daardie ryk uiting aan denke en ervaring wat leef in 'n volksmond met baie tonge. Maar dis nie genoeg nie. Dit gaan nie help om al om en om die bos te bly kyk nie. Die lewe van 'n taal gestel dat dit begeerte en behoefte is. Dit word ook verseker deur die oophou van horisonne, dat jy so ver en so diep moontlik in daardie taal kan fungeer en redeneer, amptelik en nie-amptelik. En daardie ruimte sal bewustelik in stand gehou moet word. In julle deelstaat of deelstate sal dit moet beteken verskansing, beskerming, bewustelike uitbouing, volgehoue skoolonderrig, steun aan publikasies en dies meer.

**NEVILLE ALEXANDER:** As ons regtig die afskuwelike gevolge van die apartheidstaalbeleid wil teenwerk en as dit ons erns is om al ons tale as hulpbronne eerder as vermeende struikelblokke op te vat, dan moet ons vertrekpunt altyd die hele taalopset wees. Dit kan nie net die lotgevalle van hierdie of daardie spesifieke taal wees nie...

Ons moet byvoorbeeld 'n soort regstellende aksie ten opsigte van die inheemse Afrikatale op die been bring. Baie meer geld en opleiding sal aan die uitbou en ontwikkeling van hierdie tale bestee moet word. Die groot meerderheid van ons bevolking wat een of ander van hierdie tale as moedertaal praat, gaan op een of ander tydstip hul regte opeis. Dit sal baie beter wees dat dié tale oor dertig of veertig jaar in staat sal wees om as tale van hoër onderwys, van tegnologie en

van die landsadministrasie te dien as om later wakker te skrik wanneer ons diep in maatskaplike konflikte vassit wat op grond van taaldiskriminasie gelegitimeer word.

**HETTIE SCHOLTZ:** Ons moet ophou om net in Standaardafrikaans te dink en uit te gee. Ons moet help bou aan die interkulturele bewussyn wat ten spyte van soveel terugslae besig is om te ontwikkel. As ons bly praat van Standaardafrikaans dink ek wel 'n mens kan met stelligheid sê Afrikaans is in sy peetjie en die uitgewersbedryf is wel in 'n krisis. Maar as ons praat van Afrikaans in al sy moontlikhede, as ons ook die silent majority 'n stem gee, is daar rede vir versigtige optimisme.

**FRANS MARX:** Daar is die laaste vier jaar geen Afrikaanse rolprent gemaak nie. Die SAUK kanselleer lukraak reekse om geen werklike rede nie. Hulle spandeer R30 miljoen rand per jaar in 'n ko-produksie met 'n slegte Amerikaanse reeksie. Die maksimum wat hulle toelaat vir Afrikaanse reekse is omtrent R12 miljoen. Daar was vir drie jaar net heruitsendings gewees. Ek wag nog vir die Afrikaner wat opstaan en sê maar wat maak julle? Daar is nou weer 'n klomp reekse gekanselleer. Ek weet van twee, drie reekse wat nog in produksie is, een daarvan is myne. Maar dit gaan baie gou doodloop. Want die ou wat daai goed op die lug hou, is die adverteerder. En hy gaan adverteer in Engels.

Daar is ook 'n baie wettige rede hoekom 'n reeks soos *Egoli* gemaak word en waarom die SAUK teen hulle sin, teen hul gekonstatéérde sin, nog Afrikaanse programme maak. Dit is dat hulle wetlik verplig is. Maar daardie wetgewing gaan binnekort verdwyn.

**KOOS KOMBUIS:** There's no such thing as suiwer Afrikaans. There has never been such a language. When Afrikaans started, it was onsuiwere Hollands.

**JAKES GERWEL:** Die groot uitdaging vir die Afrikaanse taalgemeenskap is om 'n lewenskragtige en 'n werklik nie-rassige een te word... Kan daar 'n sterk klas van nie-rassige professionele Afrikaanssprekende mense ontwikkel met 'n materiële basis om Afrikaans as voertaal, kultuurtaal, wetenskapstaal aan die gang te hou? Tot hede het daar nie veel tereg gekom van dié nie-rassige klas Afrikaanssprekende professionele - en spesifiek literêre - mense nie.

Wat beteken dit vir die skepping van 'n nie-rassige Afrikaanse professionele gemeenskap dat mense soos byvoorbeeld Adam Small, Franklin Sonn en Alan Boesak almal hulle kinders nie meer Afrikaans grootmaak nie? Al hul kinders is Engelssprekend, gaan Engels skool, praat Engels, lees Engels. Hulle is almal Afrikaanssprekende intellektuele met 'n aktiewe deelname aan aspekte van die Afrikaanse geesteslewe - en tog is daar nie die oordrag van Afrikaans as geestesvorm nie.

**ANDRIES OLIPHANT:** Dit is byna agt jaar sedert ek laas in Afrikaans in die openbaar gepraat het.

**MARTIN VERSFELD:** 'n Angstige het met Van Wyk Louw kom gesels oor die toekoms van Afrikaans. Wyk se antwoord was: "Kyk wat van die magtige Romeinse Ryk, die Latynse taal, geword het. Toe vat God 'n kak taal soos Engels - en kyk wat hy daarvan gemaak het." ■

# sonder dié klanke kwyn ons

deur henning viljoen

## musikale kruisbestuiwing is broodnodig

**MET** al die gedoe oor "eurosentriese" kuns wonder 'n mens of die opwindende koms van die Londense Filharmoniese Orkes volgende week die begin of die einde gaan wees van kruis-kulturele musikale inspuitings. Vanweë die kulturele boikot het ons dergelike inspuitings die laaste dekades net sporadies beleef met die besoek van die Bambergse Orkes en die orkes van Baden-Baden.



Franz Welser-Möst ... 'n musikale fenomeen

Maar sulke inspuitings is noodsaaklik. Daarsonder kan geen land tot volle kulturele bloei en ontplooiing kom nie - soos deeglik deur Japan en China bewys is. Ten spyte van hulle eie eeue-oue kuns is die "eurosentriese" musiek vandag 'n net so belangrike komponent van die kulturele lewe in dié Oosterse lande.

Die Londense Filharmoniese Orkes, een van die wêreld se groot orkeste, is in 1932 deur die inisiatief van sir Thomas Beecham gestig. Daarna het die een beroemde dirigent ná die ander die leiding oorgeneem - Eduard von Beinum (1948-50), Adrian Boult (1951-57), William Steinberg (1958-60), John Pritchard (1962-66), Bernard Haitink (1967-79), Georg Solti (1979-83) en Klaus Tennstedt (1983-1990).

In 1990 het die Oostenryker Franz Welser-Möst op 32-jarige ouderdom die musikale leiding oorgeneem - die jongste musiekdirekteur in die geskiedenis van 'n internasionale orkes. Met sy motto "mik hoog en begin vroeg" het die musikale fenomeen Welser-Möst - wat die orkes nou in Suid-Afrika dirigeer - reeds op twintigjarige leeftyd Beethoven se monumentale "Missa Solemnis" met groot sukses uitgevoer en ook "Tristan und Isolde" aangepak. Ek het onlangs in Utrecht gehoor hoe hy Mahler se Tweede Simfonie dirigeer en besef: Welser-Möst is nie 'n groot dirigent in wording nie - hy ís reeds 'n groot dirigent wat sy eie unieke stempel op 'n werk kan afdruk.

Soos in die meeste lande oorsee kan musiek as kunsvorm - nes sport - vandag net oorleef met die finansiële hulp van groot maatskappye. Daarom is dit verblydend dat Nedbank kans gesien het vir die grootse onderneming om 'n befaamde orkes soos die Londense Filharmoniese Orkes te borg. Hopelik is dit die begin waardeur musiek in Suid-Afrika uit die musikale woestyn van die laaste paar jaar gelei sal word.

• Die Londense Filharmoniese Orkes se toerprogram is: 30 Julie Pretoria; 31 Julie Johannesburg; 1 Augustus Durban; 2 en 3 Augustus Kaapstad; 5 Augustus Port Elizabeth; 6 Augustus Bloemfontein; 7 Augustus Johannesburg; 8 en 9 Augustus Sun City.




Pedro Almodóvar & Victoria Abril, wat Marina speel in die rolprent *Tie Me Up! Tie Me Down!*, wat binnekort draai



# 'n voorliefde virdie taboe

wie - of wat - is 'n almodóvar?

deur christi van der westhuizen





PEDRO ALMODÓVAR bloos nie maklik nie. Toevallige kykers na sy films wel. En heel moontlik aanhoudend. Want mense mag sy idee van romantiek... wel, ánders vind. Nie dat die Spaanse regisseur en pop-kultusfiguur geen sosiale bewussyn het nie - dit kan egter moontlik as effens verwronge gesien word. Sy films, kan mense voel, neig na swak smaak. Meer presies: hulle neig na sensasionele, platvloerse, kitsch melodrama.



Sy karakters dwaal in die buitewyke van die "normale" rond. Hulle is die verworpenes, die outsiders. Daarom dat bestialiteit, skatologie, sado-masochisme, transvestisme, dwelmverslawing, bloedskande, prostitusie, nimfomanie en transseksualiteit met amper sussende reëlmaat in sy films opduik.

Hartstog vuur Almodóvar aan. Met sy films poog hy om die onopsigtelike, die innerlike te ondersoek. Mens moenie wegskram van die verborge nie. "Ons moet praat oor dit wat bínne ons is. Om hierdie gedagtes uit boeke of films te sensureer, is baie gevaarlik. Hartstog bevat geweld, nie fisiek nie, maar emosioneel. Dit is die aard van intensiteit."

Vir hom gaan dit oor die ontdekking van die self deur verbode passies te ondersoek. Bogenoemde "afwykings" sien hy as vergestaltings van die skadukant van die mens se psige. Deur die soeklig daarop te werp, bekyk jy die mens se diepste begeertes - en leer jy jouself ken.



Almodóvar verkies oënskynlik om ligsinnig en vulgêr voor te kom. Hy verklaar onomwonde dat sy films die verheerliking van swak smaak is. Hy beskryf *Labyrinths of Passion*, sy 1982-film, as "suiwer pop, die verheerliking van alledaagse gemors, die opheffing daarvan tot op die vlak van kuns".

Op 'n vraag oor hoekom hy die hoog aangeprese *Matador* (1986) die lig laat sien het, antwoord hy: "Ek wou demonstreer dat dit tog moontlik is om so elegant as wat jy wil aan te trek in dié land." Vang jy hom in 'n meer opregte oomblik, keer hy terug na die dominante tema van sy films: hartstog met die skadu van sluimerende geweld en dood. "Hoe meer mens die vernietiging, die dood van die wese, begryp, hoe intenser ervaar jy sensualiteit en hartstog."

ALMODÓVAR SE dubbelsinnige titel van sy jongste film, *Tie me up! Tie me down!*, kan 'n feminis rooi laat sien. Sado-masochistiese ondertone is duidelik hier te bespeur - en wie gaan nou wéér die slagoffer wees? Maar Almodóvar pleit onskuldig as dit by machismo kom: "Toue het hier niks te doen met geweld of S&M nie. Hulle is 'n eenvoudige metafoor vir saambestaan. Enige commitment tot 'n geloof, vriendskap, beroep, of liefde stel eise aan jou en beperk jou vryheid. Maar jy kan nie sonder dié bande leef nie."

Hy gaan verder: "Dis die triomf van matriargie, in die beste sin van die woord. Ricky ['n gewese inwoner van 'n sanatorium wat die vrou waarop hy verlief is, vang en aan 'n bed vasmaak] is op soek na liefde en 'n gesin, maar aan die einde besluit Marina [die vasgemaakte vrou] of dit ja of nee gaan wees. Sy stel die eise." Dogma interesseer Almodóvar nie - nog minder politiese korrektheid.

Van sy idees is moontlik effens passé - en ongetwyfeld hoogs dekadent: "'n Gewelddadige dood is die hoogste vorm van skoonheid - so lank jy jonk doodgaan." In dié uitspraak vind jy nie net die elemente van 'n Oscar Wilde-agtige ophemeling van die jeug en skoonheid as die hoogste deugde nie maar ook die pop-motto: "Live fast, die young, make a good-looking corpse."




Almodóvar spesialiseer nie in die abnormale nie - eerder in dit wat al eeue lank by die mensdom spook. Die beeld van 'n met pyle-deurboorde St Sebastian doem voor jou op...

# christi speel pop

deur christi van der westhuizen

★★★★★ verslawend ★★★★ oorrompelend ★★★ oulik ★★ beige ★ nat




## ye-ye

★ TALISMAN: CD

### alte stout en stuitig

"Baie stoute energie" het dié plaat die lig laat sien. En mens kan dit hoor: Harold Schenk hou oënskynlik van pragtige pastelklankies: hy verlustig hom in vrolik-klingelende synth-klokkies en Pet Shop Boys/Sandra-agtige (ja, die Duitse disco-sangeressie) keyboardspel. Amanda Luyt se mooierige, maar monotone stem vergesel die prettige spulletjie. Saam met die agtergrondstemme wat soos 'n koor kleuters klink, wonder mens of die tweetjies se ouers weet waar hulle is.

Ja, maar daar word tog onderaan die ellelange bedankings (Liewe Jesus word vreemd genoeg nie genoem nie) gesê "die plaat is pret." Die vraag is: moet "pret" vervelig, voorspelbaar, eentonig, kitsch en niksseggend wees?

"Pret" is egter nie die enigste dringende gedagte in die kollektiewe Schenk/Luyt-bewussyn nie. Daar is ook die "polities bewuste" "Gebed vir Vrede" en die kwasi-reggae snit "Al staan die wêreld stil". Bewys dit miskien dat hulle wel in voeling met die werklikheid is?

Die eenselwigheid van die snitte val op - en, ook, tussen die duisternis baldadige lurve songs deur, die soms duistere keuse van onderwerpe. In "Luister na my" bekla Luyt die verwydering tussen 'n ma en haar "seunskind". Die weersinwekkende, histeriese "Michael Jackson" handel oor 'n seun wat soos Jackson dans. (Dis geskryf deur ene André Swiegers - iemand wat duidelik ver weg van musiek gehou moet word.)

Die ballades blyk sterker te wees: hoewel sentimenteel, is "Ek sal jou nooit vergeet nie" en "Toe kom jy" opreg en daarom meer geslaag. As die benoude kitaartjie nie daar was nie, sou "Luister na my" ook luisterbaar gewees het.

'n Dominee van iewers het die spulse paartjie van Satanisme beskuldig. Seker oor: a) Amanda se "onkuise" kleredrag; b) 'n wilde liedjie soos "Willekind". Nou moet mens darem onthou min dinge laat 'n plaat so goed verkoop soos 'n welgeplaaste boud en/of wellustig uitgesnikte woorde.

Ongelukkig getuig die stuitige "Willekind" net van 'n ernstig onderdrukte seksualiteit - en te veel Ena Murray-boeke te jonk. Lirieke soos "vonke spat uitdagend uit jou oë" bewys laasgenoemde punt. Om dinge darem 'n bietjie sousiger te maak, verklaar Amanda haar as slaaf en belowe skalks "as jy wil, kan jy vir my kry" en "maak met my net soos jy wil".

Die luisteraar kan slegs bloos by die aanhoor van "iets aan jou laat my stoute goed dink". In ye-ye se adolessente wêreld is seks "stout" - dit word nie by die naam genoem nie en bly ónder die komberse. Dít getuig van 'n sieklik puriteinse ingesteldheid - net 'n klein graad weg van die benepenheid van sekere dominees wat met Satan behep is.

## en:

**★★★ DINA CARROLL**

**TEAL TRUTONE: CD**

As nóg 'n soulsanger van Amerika doen Dina 'n goeie Whitney Houston. Sy sal 'n ere-plekkie tussen menige queen se Shirley Basseys en Patti LaBelles vind.

**★BOYZ II MEN - *COOLEY HIGH HARMONY***

**TEAL TRUTONE: CD**

Boyz II Men is 'n jong, plomp bolwang-weergawe van al daai vierstuk doo-wab-groepies uit die jare vyftig en sestig. En getrou aan die tradisie ryg hulle die clichés uit: "How could you leave me/ and never say goodbye/ I can't sleep at night/ without holding you tight". *** vir diegene jonger as twintig en ouer as veertig.

**★ THE SCREAMING JETS - *TEAR OF THOUGHT***

**TUSK: CD**

Eendagsvliegies wat herhalende sagte rock-pop maak. Slegs vir mense wie se Def Leppard-CD's al deurgespeel is.

**★★★ CHRIS ISAAK - *SAN FRANCISCO DAYS***

**TUSK:CD**

Isaak is 'n onbeskaamde Elvis-freak: hy maak stroopsoete 50s rock 'n roll vergesel deur 'n melodramaties bewende stem. Nou en dan slaan hy 'n hoë falsetto of croon gevoelvol lirieke soos "I stare at your window and I cry". Ongelukkig het Isaak vasgehak by die "Wicked Game"-formule: die eerste single, "Can't do a thing (to stop me)", klink nogal baie soos "Wicked Game" - net die lirieke verskil.



**'n Nimlike paartjie: Mandie en Harry van ye-ye**




**Boyz II Men... 'n plomp, bolwang doo-wab-groepie**



**The Screaming Jets... eendagsvliegies**

# wynproe

deur henry nolte



## 'n warm gloed vol herinneringe

TOE my geesdriftige prokureurvriend nou die dag weer so energiek vertel van hul perlemoenduik douvoordag op 'n goeie Sondag, walm die nostalgie deur my gemoed. Vir daardie oggendkoue wat ondanks die hi-tech duikpak deur jou wese sny, neem hulle altyd 'n bottel saam.

Old Brown Sherry. Sedgwick's Original. En voor die geestesoog verskyn die sorgvrye jongdae van die see op Hermanus.

Nie alleen het ons rég onder die Windsor Hotel langs die Blougatjie perlemoen uitgehaal nie, maar dit was die dae van die Beatles. En een aand in 'n donker hoek op die hotel se voorstoep bestel ons onse eerste drank: Old Brown Sherry.

As jy braaf was, het jy 'n dubbel gevra. Dan het Sammie vir jou 'n groot Elgin-glas tot die rand vol gebring. Waarom die glas só heet en waarom jy in elke hotel sjerrie in dié aweregse kombinasie van 'n uurglas en 'n roosvaas kry, weet g'n mens nie.

Nodeloos om te sê hoenderkop was jou jong voorland ná meer as een van dié doppe. Later het ons egter ontdek 'n sluk of twee warm op 'n koue môre die lyf op vir die see.

Daar is wetenskaplike gronde waarop Old Brown Sherry vir sy opwarmingstaak aangewend word: die betreklik hoë alkohol affekteer dadelik die keelholte met 'n warm gloed. Die taamlik hoë suiker in die volronde wyn vul die mond en verskaf 'n gevoel van genoeglikheid.

Die alkohol word vinnig in die bloedstroom opgeneem en verdof effens die brein se waarneming van koue as ongemaklik. Die suiker verhoog die energievlak van die spiere met 'n soort rush.

Dis dus verstaanbaar dat OB - soos bekendes dit liefderyk noem - uiters gewild is onder vissermanne, surfers en duikers. En vir baie, baie jare al.

SEDGWICKS'S OLD BROWN SHERRY het sy aanloop in die vorige eeu en die huidige etiket is weinig anders as dié van 1916. Tans is dit nog onder die toptwintig verkopers van handelsmerkwyne.

Ander Old Browns kan wees wat hulle wil, maar Sedgwick's is 'n regte sjerrie - soort van. Dit word volgens die solar-proses in vatjies met sjerriemoes gegis. Die produk in die bottel bevat 'n versnit van wyne wat vyf jaar oud is. Om 'n deurlopende karakter te verseker, word die gegiste wyn met ander gefortifiseerde wyn versny en met natuurlike karamel gekleur.

Old Brown is 'n unieke Suid-Afrikaanse skepping. En Sedgwick s'n is 'n eersteklas-wyn, veral vir winterdae voor die vuur. Skink gerus 'n hele paar vingers in 'n goeie tulp-proeglas - gooi jou pieperige Elgin-sjerrieglase weg.

Met die eerste neus kry jy daardie vol geur van neute en treacle. In die mond is die smaak meer kompleks: effens stowwerig, ou hout, met 'n tikkie tameletjie-vanielje. Glad nie so troebelsoet nie weens goeie suurgehalte. (Ek skat die suiker so by die 180gm/l.) Uiteraard het die wyn met sy alkohol van 17 persent 'n lang nasmaak. En 'n gevoel van behaaglikheid.

Vir die gerief van die alleenloper-visserman tot die span surfers kom dié OB in verpakkings van 200ml (R3,09), 375 ml-halfjack (R4,89), 750 ml (R7,98) en 2 liters (R18,69). Dis Drop Inn se pryse.

Ek wou nog vriend Andrew se ertjiesopresep met veel meer as 'n skeutjie OB vir 'n ware wintersaand op Hermanus insluit, maar los dié vir Nettie. Week egter gerus 'n handvol amandels 'n week lank in OB, of 'n paar droë Smirna-vye.

Heerlik, en saam met 'n glasie OB pure warmte vir herinneringe in die winter.... ■

# ontdek 'n eetplek

## méér as 'n ete



DUKE,
VOORTREKKERSTRAAT,
BLOEMFONTEIN.
TEL: (051) 47-6994.

deur johannes wessels

BLOEMFONTEIN, net soos Bellville, het 'n Voortrekkerstraat. Nou nie so 'n lange soos die een waarvan David Kramer sing nie, maar darem. Daar is ook 'n paar ander verskille: dis 'n eenrigtingstraat en dan is daar natuurlik die Duke...

Nic Desopoulos is nie 'n man vir tierlantyntjies nie, maar in sy kelder-eetplek kry 'n mens altyd kwaliteit. Kitskos mag goedkoper wees, maar by Nic betaal 'n mens nie totaal en al deur jou nek nie.

Vir R90 kan twee 'n stewige porsie swart sampioene vir 'n afskop geniet met 'n sappige kalfsvleis-hoofgereg, saam met 'n keuse uit 'n dertigtal wyne. En as alternatief is die vis of fillet altyd prima.

Maar van kos alleen kan 'n mens nie leef nie. En die Duke bied méér as net 'n ete: Nic kom groet elke klant persoonlik, knoop met bekendes 'n gesprek aan sonder om steurend te wees. Dis soos om by 'n vriend te gaan kuier. Dit gebeur dus dikwels dat Nic deur klante genooi word om hom by die tafel aan te sluit as koffie en likeur geniet word.

Nic het 'n reputasie by slaghuise as die moeilikste restaurantbaas om tevrede te stel wat vleiskwaliteit betref. Sy verweer is dat die beste kok nie van 'n knol cordon bleu kan maak nie.

As ek moet kla: die wyne se pryse is - soos by die meeste eetplekke - darem te swaar op die sak.

Diegene wat nog nie die Duke ontdek het nie, duik gerus in. Nie die toprestaurant in Bloemfontein nie, maar sluk vir sluk meer waarde vir geld. En dit is sommer 'n mondvol.


kruik-toneel
bied met trots aan

**die beste van die fees!**

As jy Grahamstad gemis het, is hierdie jou kans om die beste en mees opwindende produksies direk van die 1993 Standard Bank Nasionale Kunstefees te sien!

THE ORPHANS OF QUMBU, IAN FRASER LIVE!,
BRIEF DESCRIPTION 11, NUTSHELLED,
EQUAL WRONGS, PEOPLE LIKE US,
BARBAROSSA, IKAS!,
DEAD SLUGS AND STRAWBERRIES,
MANIFESTO, THE STREAKS

23 julie tot 7 augustus
nico-arena

Sien daagliks pers vir meer besonderhede!

# fynproe met nettie pikeur



## HAP 'N APPEL OP 'N WINTERSDAG EN GEUR DIE SOP MET GRANNY SMITHS

ONS suster kla een stryk deur dat 'n groot boks appels in haar huis net twee dae hou. Die kinders gryp outomaties een wanneer hulle verby die kombuistafel loop en dit kos skree en dreigemente dat hulle die goed moet opeet, nie halwe bruin stukke agter die rusbank ingooi nie.

Maar, sê Mapula, dis darem beter as Coke en Niknaks, en as mens die appels by Elgin in apple country gaan koop, is dit darem ook heelwat goedkoper. Ons dink nie eens aan appels koop nie - hulle staan mos altyd in 'n bak op die eetkamertafel en jy onthou altyd hoe oupa-hulle gesê het as jy 'n appel geëet het, hoef jy nie jou tande te borsel nie.

Ons oupa kon ook met sy knipmes 'n appel in een enkele ring papierdun afskil. Ons bodder selde om appels af te skil, selfs nie eens as ons gewone tert maak nie.

Vrind Henry loer oor my skouer en sê kla asseblief oor die gehalte van appels wat jy deesdae kry. Hy sê dié wat jy deesdae koop, is karakterloos. Vroeër jare was appels plat en kweperkleurig, effens suur. Daar was ook soetsuur geurige appels, hy kan nie die naam onthou nie, en jy kon hulle ruik as jy verby 'n bakvol stap.

Kookappels is ook maar power, kla hy voort. Hulle moet hard wees sodat hulle hul vorm behou in bv die Tarte Tatin wat ek hieronder beskryf, maar Granny Smiths, hoewel hard, is veels te suur, sodat jy 'n oormaat suiker moet bygooi, en jou fyn appelsmaak gaan verlore.

Net een jaar het Woollies 'n nuwe appel te koop aangebied: sy naam was Jona Gold, so 'n mooi geel appel met 'n blos aan die een kant, en dit was nou 'n appel met geur en smaak. Duidelik nie drie maande lank half bevrore in 'n vrieskas gelê nie. Maar óf die vrug het nie in die smaak geval nie, óf hulle het opgehou om dit te produseer, of iets, want dit was die laaste sien van Jona Gold, twee jaar gelede.

Henry het 2 appels by sy 2 liter ertjiesop gevoeg en dit opgekook. Dit het 'n heerlike effens soet geur gegee wat perfek was by die gewone piekniekham wat die ertjies verder gegeur het.

VOOR ONS by die resepte kom, moet ons darem in die verbygaan gesels oor Calvados, daardie goddelike brandewyn wat van appels gestook word. 'n Slukkie Calvados ná ete op 'n Sondagmiddag is salig, die essensie van appels met 'n ligte bytjie wat al hoe harder byt hoe langer jy sluk. Sê vir jou vriende hulle moet vir jou Calvados op die duty-frees in Europa koop, want ons kry net een ingevoerde soort hier, en dis nie die beste nie.

Ons gunsteling is Grande Fine Calvados Boulard van die Pays d'Auge in die streek Calvados. Ek meen dis sonde om daarmee te kook, want dis vrekduur, maar Henry sê dit verleen die fynste smaak aan veral appelgeregte. Okay, 'n druppel geklits by die room vir die appeltert, but that's it. Die res van my glasvol drink ek met eerbied uit.

Maar hiermee die heel beste van al die appelterte, Tarte Tatin, wat sy oorsprong had by die susters Tatin wat 'n restaurant gehad het.

### TARTE TATIN

Jy benodig sowat anderhalf kilo Golden Delicious-appels, die sap van 1 suurlemoen, 3 lepels botter en 'n halwe koppie suiker, asook blaardeeg - koop dit sommer.

Skil die appels en sny in eweredige skyfies. Smelt die botter in 'n vuur- en oondvaste plat bak (ons gebruik 'n ysterpan, handig vanweë die handvatsel) en pak die appels in netjiese konsentriese sirkels daarin. Die tert is onderstebo en dus moet dit mooi lyk.

Strooi die suiker bo-oor, sprinkel suurlemoen op en kook stadig op die stoof tot die suikerstroop borrel. Dit neem sowat 'n halfuur en moet 'n karamel vorm wat later styf word.

Rol jou deeg uit - groot genoeg om die bord toe te maak. Plaas die deeg bo-op die appels, vou dit effens langs die kante in, prik met 'n vurk om 'n paar gaatjies te maak, en bak die tert teen 200 grade vir sowat halfuur tot die kors bruin is.

Nou die tricky deel. Laat die tert koel word, neem 'n bord groter as die tertbak, plaas die bord onderstebo op die bak en keer die hele lot om sodat jou tert pragtig solied vertoon, met die deeg aan die onderkant. As dit bietjie loperig is of nie mooi netjies lyk nie, don't worry - sit dit voor met dik room, koud of nog effens lou.

Saam met varkworsies bedien jy hierdie heerlike en vinnige blatjang.

### APPELBLATJANG

Kap fyn 'n halwe kilo uie en kook in water wat dit net-net toemaak vir 5 minute. Skil en kap 1,4 kg appels, maak nie saak watter soort nie, plaas in 'n groot pot (nie aluminium nie) en 'n skeut meer as 1 liter goeie moutasyn by, 700 g klam bruinsuiker, asook die gedreineerde uie, 'n koppievol sultanas, 1 eetlepel fyn gemmer, 1 teelepel sout en 'n heel rissie, wat jy later uithaal as jy wil.

Kook en roer tot die suiker gesmelt het en prut die blatjang dan vir 2 uur tot dik. Gooi in warm flesse en verseël.

Blatjang kook is van die bevredigendste dinge om op 'n nat winderige Sondagmiddag te doen, en as jy klaar is, kan jy self etikette vir die bottels uitskryf en opplak, met die datum by.

televisie

# klipoog

# die oog wat nie wyk nie

AS Larry King en Derrick ooit kyk wie kan die stipste in die ander een se oë staar sonder om 'n oog te knip, wonder Klipoog wie sal wen.

Albei maak 'n goeie bestaan daaruit om 'n bars te kyk. Albei maak 'n mens nogal bly jy is nie die een na wie gekyk word nie. Dit moet op die senuwees werk as twee oë so op jou fikseer soos leuenverklikkers. (Selfs al het jy dalk niks om weg te steek nie.)

King en Derrick se blikke werk soos eenrigting-spieëls: hulle loer jou psige voyeuristies af, maar jy kan hulle nie penetreer nie. Derrick se oë verglaas vanself so ondeursigtig; King se oë kry hulp van sy bril. Hy dra dit nie net om beter te kan sien nie, my kind: daardie twee glase is pantsers teen die blik wat dalk durf terugkyk.

WAAROM STAAR KING en Derrick so stip? By albei is die oog wat nie wyk nie 'n magsvertoon. Die arme drommel wat bekyk word, staan weerloos voor dié roerlose oog: dit kan kwes, maar nie gekwes word nie. Dit staan verwyder van gevoelens.

Is so 'n eensydige magsvertoon 'n verskuilde fascisme? 'n Mens huiwer om dit so te sien. As kyker vereenselwig jy jou immers (bewus ofte nie) met King en Derrick se oppergesag. Dit is tog jy wat deur hul strak oë kyk; dit is vir jou persoonlike inspeksie dat die siele so voor hulle oopgevlek word. Veral as jy 'n goeie burger is, want King en Derrick verteenwoordig die geïnstitusionaliseerde mag van die burgery, elk net in 'n ander gedaante.



Larry King



Derrick (Horst Tappert)

DERRICK IS OPSIGTELIK die boelie. Daar's iets fanatieks, byna sadisties, aan hoe lank en hoe stil sy oë kan stol. Het hy 'n swart leerjas met 'n swastika-armband gedra, sou dié blik wat so na sy prooi uitpeul walglik wreed kon aandoen.

Derrick dra egter geen uniform nie, maar 'n snyerspak: die amptenaar as welvarende burger. Sy mandaat behels 'n respektabele burgerlike filosofie: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Sy blik is die blik van vergelding. As Derrick se oog volstrek weier om 'n gevalle siel genade te betoon, vind die burgery dit nie onmenslik nie, maar gerusstellend: dis immers die oog wat hulle oor hul lewens en besittings hou.

Derrick skroom dus nie om enkelinge te terroriseer nie. Hy rand hulle nie fisiek aan nie, maar wat anders is daardie blik as sielkundige foltering? Dis selfs 'n vaste gewoonte by hom om mense so te martel: hy doen dit dikwels - om die waarheid te sê, vir lang tye in elke episode. En elke slag verlustig jy jou óók (al is dit onbewus) in die lyding van die skepsels wat deur Derrick oë skuldig bevind en summier gekasty word.

Beteken dit jy is bloot vroom bly dat reg en geregtigheid gaan seëvier? Of is jy dalk diep binne ook maar 'n bietjie van 'n boelie, wat die wet stilletjies as verskoning gebruik vir terreur?

Dié vrae kom nie by jou op terwyl jy Derrick kyk nie, want nes hulle wil opkom, verskyn Harry, dierbare, goedige ou Harry, om Derrick se grimmigheid met 'n sagte woord af te weer, om Derrick se vergeldingsdrang binne perke te beteuel, om perspektief te herstel, om jou te wys die geïnstitusionaliseerde mag van die burgery is nie rêrig so erg nie, dis eintlik van harte 'n genadige mag. So jy hoef nie skaam te wees om dié mag te geniet nie, al boelie dit soms 'n bietjie.

King se blik speel nie die boelie nie. Dit verstar deurdringend, maar nie so onnatuurlik lank of so onwelvoeglik roerloos soos Derrick s'n nie.

Derrick se blik verstar om te beskuldig, om te wys hy wéét wat jy wegsteek, ou maat, kort voor lank gaan hy jou vastrek. King se blik verstar met ander oogmerke: dit lyk aandagtig nuuskierig (om te onderstreep die onderwerp is belangrik genoeg om die wêreld te boei); dit lyk objektief (maak nie saak wat ander sê nie, maat, hy hoor alte graag jou kant van die saak); en dit lyk verantwoordelik betrokke (hy luister fyn, hy begryp wat jy bedoel).

King se frons help met dié effekte: die geplooide voorkop wys nuuskierigheid, objektiwiteit en verantwoordelike betrokkenheid als tegelyk. En dit gooi 'n vraagteken by (net ingeval jy dalk dink jy flous hom as jy lieg). King vermy die strengheid van Derrick se pak. Maar sy kruisbande is belangrik: al trek hy sy baadjie uit, behou hulle 'n ouerlike gesag wat familiariteit afweer. Dié tikkie formaliteit hou King se gaste op hul tone en verklap sy dubbelsinnige rol: van gesellige gespreksgenoot kan hy enige oomblik verander in die Inkwisiteur. Sy blik verteenwoordig 'n ontsettende mag: die Openbare Oog, wat 'n burger se lot volslae kan bepaal, wat boonop wispelturig is en jou in 'n oogwenk kan verander van 'n held in 'n skurk.

Al is hy so gemoedelik, maak King sy gaste dus soms tog 'n bietjie senuagtig (maar nie te dikwels nie, anders droog die stroom celebrities dalk skrikkerig op). En jy as kyker hom nog té gemoedelik vind, dink gerus na daaroor. Wat is dit wat jou laat wens hy wil 'n bietjie minder goedgemanierd wees, 'n bietjie genadeloser, 'n bietjie minder versigtig? Waarom wil jy hê hy moet mense se maskers afruk, hul skandes naak en weerloos voor jou oopvlek?

En jy wil Klipoog kom vertel Derrick is 'n sadis?

## afrikaans stereo: hoogtepunte

### klankbord

Elke Maandag om 9.15 nm.

Susan Booyens en Dawid van Lill bied dié tydskrifpogram aan vir almal wat oop is vir verandering (gedagte, woord en daad).

### profiel

Donderdag, 29 Julie, 10.15 vm.

Aanbieder Dawid van Lill gesels met dr Stef Naudé, die direkteur-generaal van Handel en Nywerheid.

### minidrama

Maandag, 26 Julie, 10.45 nm.

*Hartstog* deur Guy de Maupassant.

### wat sê die reg?

Dinsdag, 27 Julie, 11.30 vm.

Gideon van den Berg bied dié progam aan oor die voor- en nadele van die verskillende ondernemingsvorme.

# brolloks & bittergal



## Sien op na Siener

So, julle het gedink Constand die Konstante is die geestelike vader van die Afrikaner Volksfront?

Surprise, surprise. Brolloks kan vandag onthul dat Niklaas Siener van Rensburg die eintlike geestelike vader van die AFV is. Dié legendariese visioenaris en raadgewer van genl Koos de la Rey word deesdae deur die regses as 'n soort Boere-Nostradamus gesien en sy voorspellinge soos die Evangelie geglo. Die Volksfront laat hom hierdeur lei, sê die mense.

Die Natalse letterkundige en joernalis Hilda Grobler het op dié storie afgekom en 'n week of wat gelede vir genl Tienie Groenewald van die AVF daaroor gevra net ná Groenewald se toespraak op Newcastle. Nee, seg Tienie op haar vraag oor die parallelle tussen Siener se visioene en sy toespraak, Siener is nie 'n faktor in die AVF nie en hy glo nie eens in waarsêers nie.

Dis nie wat jou kamerade dink en glo nie, Tienie, en dit lyk ook nie uit jou eie uitsprake so nie.

Hilda het so 'n bietjie navorsing gaan doen en wys op 'n paar opvallende parallelle tussen die Boereprofeet se voorspellings en die AVF-strategie:

Op 28 Februarie 1922 het Siener voorspel dat 'n Afrikanerregering die mag in Suid-Afrika in vreemde hande gaan oorgee en dat die leiers die knie voor Westerse dwang sou buig.

Die AVF vra Afrikaners om die Oorgangsraad te verwerp want dit sal beteken dat die Afrikaner sy mag "in vreemde hande gee". Dié "oorgawe" kom ná druk uit die Weste deur sanksies en boikotte.

Siener het voorspel dat die swartmense en nie die Engelse nie die werklike vyand van die Afrikaner gaan word.

Die AVF sê die ANC en die PAC is die Afrikaner se vyand.

Op 29 Augustus 1918 het Siener 'n gesig gesien wat daarop dui dat lang, uitgerekte onderhandelinge gevoer sal word, maar dat die onderhandelinge nie tot vrede sal lei nie. Daar sal op 'n konfrontasie afgestuur word, en dié konfrontasie het op kommunisme betrekking.

Ja, is so, beaam die Volksfronters. Die huidige onderhandelinge gaan mos nie werk nie, en die kommuniste gaan oorneem.


Siener het dit as absolute voorwaarde gestel dat die Afrikanervolk hom voor God moet verootmoedig as hy die stryd teen hom wil wen. Volgens sy visioen van 26 Februarie 1922 het die volk dit ook gedoen en 'n nuwe gelofte afgelê.

Tienie Groenewald het op Newcastle gesê: "Die Afrikaner moet weer 'n Bondsvolk word. Hy moet hom voor God verootmoedig."

Siener het op 25 Mei 1922 voorspel dat "Engelsmanne met Boereharte" hulle by die Afrikaner gaan aansluit - juis dit waarvoor die Volksfronters vra - en kry, soos in Clive en Gaye Derby-Lewis en ander vreemde fasciste.

* 'n Mens moet darem maar intellektueel baie bankrot wees om jou toekoms te probeer bou op 'n flentergat-Boereprofeet wat al in 1926 dood is.





**'n Toneel in Tokoza? Zoeloe-impi's aan die opmars in Sebokeng? Nee, onrus in Lagos nadat die Nigeriese president die verkiesing ongeldig verklaar het. Daar is ook niks nuuts uit Afrika nie.**

## Juis op Parys

Bittergal wil nie naar wees met 'n waardige ou man en nasionale leier van aansien nie. Maar Nelson Mandela se herhaling van sy standpunt dat natneusies van 14 moet kan stem, selfs nadat sy eie leierskap hom 'n dag ná sy vorige uitlating hieroor gerepudieer het, wys die oubaas is besig om sy touch te verloor.

Of lê die verklaring daarvoor daarin dat hy dié absurde stelling nou juis op Tumahole buite Parys gemaak het? Dit was mos Stompie Seipei se tuisdorp - hoe oud sou Stompie vandag gewees het as hy nie vermoor is nie?

## Inderdaad bedreig

Vlakplaas, daardie berugte basis van die SAP se moordbendes en askari's, het 'n nuwe doel in die lewe. Dit is nou die basis van die SAP se Eenheid vir Bedreigde Spesies.

Heel gepas. Polisiemanne wat bo die wet gelewe het en in die naam van staatsveiligheid gemoor het, is hopelik nou 'n bedreigde spesie.

So van Vlakplaas gepraat: die Moeder van Alle Hofsake, Lothar Neethling se appèl teen die Witwatersrandse hooggeregshof se bevinding dat *Vrye Weekblad* hom nie belaster het nie, maar die waarheid geskryf het oor sy voorsiening van gif aan Vlakplaas-manne om mense te vermoor, dien op 16 Augustus voor die Appèlhof in Bloemfontein.

Watch this space - en die helse paartie wat voorlê.

## Die Vlag, *Die Stem*

O, maar dit woel en werskaf by die SAUK soos die manne-van-gister jockey vir posisie om te sorg dat hulle nie in die slag gaan bly as die nuwe regime inkom nie! Dit maak Bittergal se maag skoon draai soos party van die Totale Aanslag-lakeie van gister gatkruip by die ANC.

Maar een ding bly dieselfde - en dis die een ding wat hulle heel eerste moes verander het: aan die einde van die TV-uitsending elke aand sing 'n koor die Volkslied van Apartheid, *Die Stem*, en wapper die vlag van die Ou Suid-Afrika, die Oranje, Blanje Blou.

# laastesê

## plaaslike botter wyer gesmeer

**YACOOB MAKDA,**

adjunk-minister van Plaaslike Bestuur en ook regeringsleier in die Plaaslike Regeringsonderhandelingsforum (PROF) gee aan **MARTIE MEIRING** 'n antwoord op die skeptisisme oor die haalbaarheid van saamgevoegde plaaslike besture

**Hoekom hoegenaamd plaaslike besture wil "saamvoeg" - of is dit regstellende optrede?**

Ja, dit is regstellende optrede. Dis ook restitusie en ook, ja, redistribusie. Dis gemik om apartheid op plaaslike vlak nek om te draai. Dit beteken mense gaan deel in die finansiële bates wat hulle saam genereer. Dit was nog altyd net wit besture wat baat gevind het by die arbeids- en verbruikersinkomste wat deur swartmense in hul buurte ontwikkel is. Nou moet die botter wyer gesmeer word. Daardie rykdom waaraan almal gewerk het, moet deur almal benut kan word.



**Einde September moet plaaslike besture regoor die land ingestel word. Hoe?**

Eers moet plaaslike veelparty-onderhandelingsforums (tussen buurrade en belangegroepe) ontstaan, soos die Sentrale Wits Metropolitaanse Kamer. Sulke forums moet dan die oorgangsrade op 'n vyftig-vyftig basis kies uit statutêre en nie-statutêre verteenwoordigers. Hierdie rade sal in 'n pre-interimfase gaan wat sal duur tot verkiesings op plaaslike vlak gehou kan word

**Kan sulke shotgun-huwelike tussen "wit" dorpe en hul "swart" buurdorpe werk?**

Dis nie shotgun-huwelike nie. Dis gesamentlike besluite wat op onderhandeling berus. Natuurlik is daar areas waar dit nog hakerig gaan, maar op baie plekke is daar reeds baie goeie saamwerkstrukture. Mense begin regtig besef dat hulle beter dienste gelewer gaan kry as hulle so saamwerk.

**Is daar regtig genoeg aanvoorwerk gedoen om mense landwyd tot sulke plaaslike besture te oortuig?**

Ja, ons glo daar is baie hard en suksesvol gewerk aan die voorbereiding. Sedert 22 Maart toe die onderhandelingsforum (PROF) ingestel is, is daar druk gewerk om einde September die oorgang na gesamentlike plaaslike besture te begin. Dié pre-interimfase sal dit vir almal baie duidelik maak oor die finansiële, dienste- beplannings en opleidingsgeleenthede wat sal ontstaan.

Ek sou dink dat almal dan reg sou wees vir plaaslike bestuursverkiesings - sê so ses maande ná die nasionale verkiesing volgende jaar.

**Wat van die platteland?**

Ons het tyd om aan die platteland te bewys almal sal baat vind by hierdie bestuursvorme. Daar sal groter veiligheid kom, groter regverdigheid.

**Wie is eintlik die sogenaamde statutêre en nie-statutêre groepe?**

Aan regeringskant is daar die verskillende amptelike instansies van die provinsiale rade, streekdiensterade, plaaslike munisipale rade en so. Aan Sanco-kant (South African National Civics Organisation) is daar al die civics en ander buiteparlementêre belangegroepe. Tussen my en Thozamile Botha (hoofonderhandelaar vir die nie-statutêre groepe) het 'n goeie verhouding ontwikkel.

**Wie besluit op die grense vir sulke plaaslike besture?**

'n Afbakeningsraad vir elke streek behoort ingestel te word om in konsultasie met 'n streekmoniteringskomitee dié grense goed te keur of te bepaal.

**Hoe gaan julle pariteit kry in byvoorbeeld die insameling van betalings vir dienste in sulke rade?**

Ons verwag nie om oornag die ideale situasie te kry nie. Maar soos die fondse inkom, sê nou maar sommige gebiede kan nog net 40 tot 60 persent van die verwagte betalings genereer, sal daardie fondse teruggeploeg word vir opgradering. Ons het dus "support actions" waardeur minder bevoorregte inwoners gehelp kan word.

**Sal daar 'n ekstra belastinglas kom - op, sê nou maar, witmense?**

Nie net op hulle nie. Mense sal moet verwag om vir hul dienste en voordele te moet betaal. Miskien sal daar natuurlikerwys groter eise kom. Maar ek glo ons het daardie probleem wat ek xenofobie noem - vrees vir die onbekende - by baie wit groepe uitgestryk. Sandton, Randburg, Alexandra en Marlboro het reeds begin wys dat hulle 'n haalbare samevoeging kan prakseer. Ek kom daarvandaan. Ek bly daar.

**Jy was 'n protesterende, radikale student. Nou, deel van die establishment?**

Ja, ek was daar: prooi van apartheid, onteiening van eiendom, verskuiwings, boskollege (Durban-Westville) waar dosente "tolerance pay for having to teach non-whites" gekry het. Ek was baie opstandig. Maar ek glo daaraan om alternatiewe te soek - to think differently. Ek glo in hierdie rigting wat ons nou inslaan. Ek het my altyd bemoei met plaaslike strukture. Nou is ek baie optimisties. Heel onlangs het iemand oor die vestiging van PROF en die resultate wat nou kom opgemerk: "The barrier we've broken down in local government is more important than the breaking of the Berlin Wall." Ek voel nogal so. ■

# Hoeveel langer moet 'n siekte wat 36 mense elke dag laat sterf dié behandeling kry?

Wat gaan ons laat besef hóé ernstig tuberkulose geword het? Dit laat meer mense per dag sterf as padongelukke, politieke geweld en selfs VIGS. 'n Kwartmiljoen mense het dit reeds. Tog is ons só geneig om dit te ignoreer.

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Vereniging alles moontlik doen om TB te voorkom, is die beskikbare fasiliteite nie in staat om die groeiende epidemie die hoof te bied nie.

TB raak buite beheer. Dis tyd dat ons drastiese maatreëls daarteen neem. Voor dit te laat is.

TB is 'n siekte wat niemand ontsien nie. Ryk of arm. Swart of wit. Ons almal is in gevaar. Enigiemand kan daaraan sterf. Meer as 13% van alle kinders wat in 'n SANTA-veldtog getoets is, het 'n primêre infeksie van tuberkulose onder lede gehad. En dit groei elke dag.

TB is aansteeklik en kan net deur 'n kiem veroorsaak word. Ondervoeding vererger die toestand. Dit begin met 'n hoes wat nie wil weggaan nie, en dan moegheid veroorsaak, nagsweet en bloed in die speeksel. Maar die ontstellendste aspek van TB is dat baie mense nie weet dit kan voorkom en genees word nie.

As u van iemand weet wat enige TB-simptome toon, laat hulle kliniek toe gaan vir 'n ondersoek.

As die toetse positief is, moet hulle behandeling kry en dit is volkome gratis. En slegs deur die volledige behandeling te ontvang, genees die TB-pasiënt.

Laat almal van ons die TB-probleem konfronteer. Deur weg te kyk, sal TB nie sommer net verdwyn nie. Maar mense sal ...

Vir meer inligting, skakel asb. ons TB-rooilyn (011) 29-9636, of u plaaslike SANTA-tak.

**Help TB Bestry.**



SANTA

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 0T5721/A




HUNT LASCARIS TBWA CAPE B/5014/E

# M A R T E L L

MARTELL BRANDY. IT'S A QUESTION OF STYLE.